# DIE GESKIEDENIS VAN DIE NG SENDINGGEMEENTE KAKAMAS (1936-1986)

DEUR

SAUL JEREMIA ISAKS

TESIS INGELEWER TER VERKRYGING VAN

DIE GRAAD MAGISTER IN DIE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

DEPARTEMENT GODSDIENS EN TEOLOGIE

IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

AAN DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

OKTOBER 2000

*STUDIELEIER:* PROF. J.C. ADONIS

*INTERNE EKSAMINATOR:* DR. C.J.A. LOFF

*EKSTERNE EKSAMINATOR:* PROF. P. COERTZEN

https://etd.uwc.ac.za

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

THES
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND
BIBLIOTEEK
284.268 ISA
LIBRARY
UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## VERKLARING

EK, DIE ONDERGETEKENDE VERKLAAR

HIERMEE DAT DIE WERK IN HIERDIE

TESIS VERVAT, MY EIE WERK IS

EN DAT EK ALLE BRONNE WAT EK GERAADPLEEG,

GEBRUIK EN OF AANGEHAAL HET

DEUR MIDDEL VAN VOLLEDIGE VERWYSINGS

AANGETOON EN ERKEN HET

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

HANDTEKENING

14:03:2001
DATUM

https://etd.uwc.ac.za

*HIERDIE TESIS DRA EK OP AAN*

*MY EGGENOTE CLARINA ISAKS*

*EN TER NAGEDAGTENIS AAN*

*MY VADER, JAKOB EN MOEDER, STEYN ISAKS*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# VOORWOORD

Van kleins af wou ek graag weet wat die naam *arbeidskolonie* beteken. Met die jare wat gekom en gegaan het, het ek besef dat daar heelwat meer in die naam *"arbeidskolonie"* moet sit as bloot maar nog net 'n naam vir 'n plek. Die leesstof wat ek van tyd tot tyd gelees het, het my gemotiveer om meer van die naam te wete te kom.

Daarom is die voltooiing van hierdie verhandeling vir my 'n persoonlike en besondere hoogtepunt en oorwinning in my lewe wat terselfdertyd aan my groot bevrediging verskaf.

In die eerste plek wil ek graag my studieleier, prof. J.C. Adonis bedank vir sy professionele voorligting, persoonlike aandag, belangstelling en gereelde terugvoering wat vir my besonder baie beteken het.

Vir mnr. Patrick van Wyk van die N.G. Kerkargief, Kaapstad, mev. M. de Wee, die scriba-kassiere van die NG Sendinggemeente Kakamas vir hulle vriendelike hulpvaardigheid te alle tye.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ten tweede wil ek my innige dank en waardering uitspreek teenoor die personeel van die Staatsargief Kaapstad, die Nederduitse Gereformeerde Kerkargief Kaapstad, die Biblioteke van die Universiteite van Stellenbosch, Wes-Kaapland, die NGKerk Kakamas, die NG Sendinggemeente Kakamas en die Openbare Biblioteek Kakamas vir die toegang wat ek gehad het tot die gemeentelike verslae, notules en boeke.

Ook aan prof. C.J. Kriel, die eerste leraar van die NG Sendinggemeente Kakamas vir sy bydrae om die publikasie moontlik te maak.

Ook 'n woord van dank aan my eggenote vir haar hulp en ondersteuning en aan mev Petite Hoffman vir haar nuttige wenke en pynlik netjiese tikwerk.

https://etd.uwc.ac.za

Ten slotte my nederige dank en lof aan God vir sy genade en krag wat my in staat gestel het om die tesis tot Sy eer daar te stel. Ek hoop en vertrou van ganser harte dat hierdie verhandeling in een of ander bestaande behoefte, hetsy vir die gebruik in die Katkisasieklas, Sondagskool, die Christelike Jeugvereniging en selfs die dagskool bevredigend sal voorsien.

POSTMASBURG

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# INLEIDING

Hierdie kerkhistoriese studie het as doel die beskrywing en evaluering van die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeente Kakamas gedurende die periode 1936 tot 1986. Dit is 'n gemeente geskiedenis. Verder is dit ook 'n literatuur studie waarin gebruik gemaak is van verskillende skriftelike en nie-skriftelike bronne.

## Navorsingsvoorstel

In hierdie navorsing wil ons graag die volgende vraag in die ondersoek beantwoord: "Waarom is daar twee Gereformeerde kerke (gemeentes) in die loop van die geskiedenis, naamlik, een vir Blankes en een vir Kleurlinge in Kakamas gestig?

## Die Hipotese

Faktore soos ras, kleur en kultuur het 'n groot invloed uitgeoefen op die tot standkoming en vorming van bogenoemde aparte gemeentes.

## Metodologie

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Soos reeds verklaar is dit 'n literatuur studie waarby verskillende bronne geraadpleeg sal word. Daar 'n groot aantal persone 'n belangrike rol in die geskiedenis van hierdie gemeente gespeel het, sal daar ook met sommige van hulle onderhoude gevoer word.

## Die struktuur van die studie

Die indeling van die hoofstuk word kronologies gedoen, daar dit wetenskaplik verantwoordbaar moet wees en 'n goeie oorsig van die geheel sal gee.

Hoofstuk 1: *Die ontstaan en ontwikkeling van die dorp Kakamas voor 1936.*

Hoofstuk 2: *Die geskiedenis van die werkkring voor 1936.*

Hoofstuk 3: *Die begin van die Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeente Kakamas tot 1976.*

https://etd.uwc.ac.za

Hoofstuk 4: *Die bediening van ds PWL Sinclair en ds GP Thiart (1976 – 1986).*

Hoofstuk 5: *Die kerkordelike ontwikkeling van die NG Sendinggemeente Kakamas (1936 – 1986).*

Hoofstuk 6: *Slotsom.*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# VERKLARING VAN BEGRIPPE

## 1. *Arbeidskolonie*

'n Arbeidskolonie *is 'n plek of onderneming wat ingestel is met die uitsluitlike doel om die omstandighede van behoeftige arm blanke persone te verlig by wyse van die landbou-, boere-, of verwante bedrywe tesame met geleenthede vir die opvoeding van hul kinders.*

## 2. *Baster(s)*

'n Baster is die afstammeling van Europeane en Hottentotte-vroue in die eerste jare van die Oos-Indiese Kompanje. Die naam het aanvanklik geen negatiewe betekenis gehad nie en het slegs verwys na diegene wat gebore is uit buite-egtelike verbintenisse tussen die khoikhoi, vryswartes, slawe en blankes.

## 3. *Blanke(s)*

In hierdie verhandeling verwys die benaming na die afstammelinge van die vroeë Europese nedersetters afkomstig uit Europa, hoofsaaklik die Nederlande, Engeland en Frankryk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 4. *Khoikhoi*

Die term is die aanduiding wat die mense aan hulself gegee het en wat "manne onder die manne" beteken. Die koloniste het hulle met verloop van tyd "Hottentotte" genoem. Hierdie naam het ook 'n negatiewe konnotasie.

## 5. *Kleurling*

Hierdie benaming verwys na die afstammeling wat deur vermenging tussen die San, Khoikhoi, slawe van die destydse Oos-Indiese Eilande, swartes en wit koloniste ontstaan het of anders gestel daardie persone wie se huidkleur nie wit was nie, maar gekleurd en wat ook ten opsigte van fisiese kenmerke soos gesig- en haarstruktuur van die banke verskil het.

## 6. *Korana*

Die groep was van Khoikhoi-oorsprong, maar het deur vermenging met ander groepe, veral die San, 'n eie en tipiese voorkoms ontwikkel wat van die basters en khoikhoi verskil het.

https://etd.uwc.ac.za

## 7. Lokasie

Die benaming verwys na die woonbuurt waar die "Kleurlinge" en Swartmense" saam gewoon het.

## 8. Nedersetter

'n "Nedersetter" beteken 'n persoon aan wie 'n toekenning van grond in die Kakamas Arbeidskolonie volgens die bepalings van die konstitusie gemaak is.

## 9. Oorlam(s)

Die naam was 'n aanduiding wat deur die Khoikhoi buite die kolonie toegepas is op die wat "in diens" geneem is. Die naam self is gaandeweg aanvaar deur diegene op wie dit van toepassing gemaak is.

## 10. Pas

Dit was 'n amptelike of semi-amptelike dokument wat die bewegings en verblyf van persone gereël het. Hiersonder kon 'n persoon inhegtenis geneem word of moes die dorp onmiddellik verlaat. Die draer van die pas was nie as 'n wettige burger van die arbeidskolonie beskou nie en kon nie die dorp verlaat nie alvorens die superintendent of landdros sy pas geteken het nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 11. San

Die naam verwys na die groep wat in die Kaap en verder die binneland in gelewe het veral in en rondom die Augrabies-watervalle. Die Khoikhoi het die naam vir die Boesman gebruik. Die woord "boesman" is 'n minagtende benaming en word tans vermy.

## 12. Sendingkerk

Dit is die naam wat die blankes van die NGKerk gebruik het vir die kerke wat onder die Kleurlinge, Swartmense en Indiërs tot stand gekom het. Die naam dui duidelik die etniese grense aan.

## 13. Sendingwerk

Die benaming is in hierdie verhandeling gebruik om al die werksaamhede van 'n sendeling en die administrasie daarvan aan te dui en wat gelei het tot die stigting van afsonderlike NG Sendinggemeentes (kerke) vir Kleurlinge, Swartmense en Indiërs.

https://etd.uwc.ac.za

## *14.* *Verhouding(e)*

Die term kan gedefinieer word as die onderlinge betrekkinge tussen persone, enersyds as individue en andersyds as groepe, of anders gestel: dit slaan op een persoon of groep wat met 'n ander te doen het. Dit slaan ook op verhoudinge tussen gemeentes en kerke.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | INHOUD | | BL. |
|---|---|---|---|
| 1 | DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE DORP KAKAMAS VOOR 1936 | | 1 |
| | 1. | INLEIDING | 1 |
| | 1.1 | Die naam Kakamas | 1 |
| | 1.2 | Die bevolking | 3 |
| | 1.3 | Die stigting en bestuur van die arbeidskolonie | 5 |
| | 1.4 | Die nodige fondse | 11 |
| | 1.5 | Die bou van die kanaal | 12 |
| | 1.6 | Gebiedsuitbreiding | 15 |
| | 1.7 | Ontwikkeling van persele | 16 |
| | 1.8 | Geneeskundige dienste | 17 |
| | 1.9 | Ontwikkeling van algemene werksaamhede | 17 |
| | 1.10 | Onderwys | 18 |
| | 1.11 | Ontwikkeling op landbougebied | 24 |
| | 1.12 | Die kerklike situasie | 25 |
| | 1.13 | Die ekonomiese en sosiale situasie | 28 |
| | 1.14 | Besienswaardighede | 30 |
| 2 | DIE GESKIEDENIS VAN DIE SENDINGWERKKRING VOOR 1936 | | 32 |
| | 2.1 | DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE SENDINGWERKKRING | 32 |
| | 2.2 | DIE DIREKSIE | 36 |
| | 2.3 | DIE KLAGTE TEEN DIE EVANGELIS | 37 |
| | 2.4 | KERKKOOR | 38 |
| | 2.5 | BARMHARTIGHEIDSDIENSTE | 38 |
| | 2.6 | VERGADERINGS IN DIE KERKGEBOU VAN DIE NG SENDINGWERKKRING | 38 |
| | 2.7 | DIE STIGTING VAN DIE NG GEMEENTE | 39 |
| | 2.8 | DIE NG SENDINGWERKKRING KAKAMAS | 40 |
| | 2.9 | GEESTELIKE BEARBEIDING EN GROEI VAN DIE NG SENDINGWERKKRING | 42 |
| | 2.10 | DIE STIGTING VAN DIE NG SENDING GEMEENTE KAKAMAS | 44 |
| 3 | DIE PERIODE SEDERT DIE STIGTING TOT 1976 | | 50 |
| | 3.1 | DIE BEGIN VAN DIE NG SENDING GEMEENTE KAKAMAS AS 'N SELFSTANDIGE EN VOLWAAR-DIGE GEMEENTE | 50 |
| | 3.1.1 | Gemeentelike werksaamhede | 50 |
| | 3.1.2 | Eerste Sinodesitting | 52 |
| | 3.1.3 | Eerste Ringsitting | 53 |
| | 3.1.4 | Kerkraadsvergaderings | 53 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | INHOUD | | BL. |
|---|---|---|---|
| | 3.2 | DIE FINANSIëLE POSISIE VAN DIE GEMEENTE | 54 |
| | | 3.2.1 Die tydperk van eerw. C.J. Kriel 1936-1947 | 54 |
| | | 3.2.2 Die finansies vanaf 1936 tot 1947 | 58 |
| | 3.3 | DIE ONDERWYS | 62 |
| | 3.3.1 | Probleme ten opsigte van die onderwys | 67 |
| | 3.4 | HUWELIKE EN BEGRAFNISSE | 68 |
| | 3.5 | DIE KERKGEBOUE | 69 |
| | 3.6 | EERWAARDE C.J. KRIEL: SY BEROEP | 70 |
| | 3.7 | EERWAARDE C.J. KRIEL ONTVANG DEMISSIE | 71 |
| | 3.8 | DIE BEDIENING VAN DS. P.W.L. SINCLAIR 1947-1976 | 72 |
| | | 3.8.1 Sy beroep | 72 |
| | | 3.8.2 Sy bevestiging | 72 |
| | 3.9 | KERKLIKE EIENDOMME | 73 |
| | 3.10 | AANNAME VAN GESKENK VAN EIENDOMME | 74 |
| | 3.11 | GEMEENTELIKE BEARBEIDING EN ALLE PASTORALE, BARMHARTIGHEIDS- EN AMPTELIKE WERKSAAMHEDE | 76 |
| | | 3.11.1 Sentralisering van dienste | 76 |
| | | 3.11.2 Kerkkoor en Jeugbearbeiding | 76 |
| | | 3.11.3 Die bearbeiding van die swartmense | 77 |
| | | 3.11.4 Armsorgkas | 78 |
| | 3.12 | DIE GEMEENTE EN MUNISIPALITEIT | 79 |
| | | 3.12.1 Selfbestuur vir Kakamas | 79 |
| | | 3.12.2 Die NG Sendingkerkraad se stryd teen drankgeriewe | 80 |
| | | 3.12.3 Die Groepsgebiedewet | 81 |
| | 3.13 | MUNISIPALITEITSTATUS | 83 |
| | 3.14 | INSTELLING VAN SKAKELKOMMISSIE | 85 |
| | 3.15 | MUNISIPALE AANGELEENTHEDE | 85 |
| | 3.16 | WATERSTELSELPROJEK | 85 |
| | 3.17 | DISTRIKSVERPLEGINGSDIENSTE | 86 |
| **4** | **DIE TYDPERK 1976 TOT 1986 VAN DS. P.W.L. SINCLAIR EN DIE BEDIENING VAN DS. G.P. THIART** | | **87** |
| | 4.1 | DIE GESKIEDENIS VAN DIE GEMEENTE TYDENS DIE BEDIENING VAN DS. P.W.L. SINCLAIR | 87 |
| | 4.2 | ONDERWYS | 88 |
| | 4.3 | DIE OPRIGTING EN INWYDING VAN DIE NUWE KERKGEBOU | 89 |
| | | 4.3.1 Hoeksteenlegging | 89 |
| | | 4.3.2 Kerkinwyding | 89 |
| | | 4.3.3 Begrafnisse vanuit die kerk | 90 |
| | 4.4 | KERKLIKE EIENDOM | 97 |
| | | 4.4.1 Die pastorie erf | 97 |
| | | 4.4.2 Oorname van kleurling kerkhowe | 98 |
| | 4.5 | FINANSIES GEDURENDE DIE PERIODE VAN DS. P.W.L. SINCLAIR | 99 |


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

# INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | INHOUD | BL. |
|---|---|---|
| | 4.6 VERSLAG OOR DIE SINODE VAN 1982 | 101 |
| | 4.7 DS. P.W.L. SINCLAIR | 103 |
| | 4.7.1 Lidmaatskap van leraar | 103 |
| | 4.7.2 Beroepe | 103 |
| | 4.7.3 Verkies tot burgemeester | 103 |
| | 4.7.4 Dertig jaar diens en aftrede | 104 |
| | 4.8 DIE BEDIENING VAN DS. G.P. THIART | 105 |
| | 4.8.1 Die beroeping | 105 |
| | 4.8.2 Bediening en gemeentelike bearbeiding | 105 |
| | 4.9 KERKLIKE WERKSAAMHEDE | 105 |
| | 4.9.1 Kerkraadsvergaderings | 106 |
| | 4.9.2 Tugtoepassing | 107 |
| | 4.9.3 Stigting van Christelike Alkoholiste Bond | 107 |
| | 4.9.4 Klagte teen verkose kerkraadslede | 107 |
| | 4.10 DIAKONALE DIENSTE | 108 |
| | 4.10.1 Nood onder kleurlinge | 108 |
| | 4.10.2 Stigting van Diakonale Dienste | 108 |
| | 4.11 FINANSIES TYDENS DIE PERIODE VAN DS. G.P. THIART | 109 |
| | 4.11.1 Die finansiële toestand self | 109 |
| | 4.11.2 Verkoop van kerkgrond te Spookkop | 110 |
| | 4.11.3 Vervroegde pensioen | 111 |
| | 4.12 DIE VYFTIGJARIGE BESTAAN VAN DIE GEMEENTE 1986 | 111 |
| | 4.13 DIE GEVESTIGDE KERKE EN HULLE ONDERLINGE VERHOUDINGE | 112 |
| | 4.14 DIE EKONOMIESE EN SOSIAAL-MAATSKAPLIKE SITUASIE | 117 |
| **5** | **DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE NG SENDINGGEMEENTE KAKAMAS GEDURENDE 1936-1986** | **119** |
| | 5.1 INLEIDING | 119 |
| | 5.2 HOE IS HIERDIE "GOUE ReëL VAN EMDEN" IN DIE GESKIEDENIS VAN DIE NGKERK EN SY "DOGTER KERKE"TOEGEPAS | 120 |
| | 5.3 DIE NG GEMEENTE KAKAMAS AS DIE "MOEDER" VAN DIE "DOGTER" GEMEENTE | 121 |
| | 5.3.1 Die toesighoudende funksie van die NGKerk as voog kom veral na vore in die voglende sake: | 121 |
| | 5.3.1.1 Die opstel van konstitusies en grondwette vir die "dogter" kerke | 121 |
| | 5.4 DIE KERKREGTELIKE POSISIE VAN AMPSDRAERS EN DIE NG SENDINGGEMEENTE | 123 |
| | 5.4.1 Die amp van sendelinge | 123 |
| | 5.4.2 Die lidmaatskap van die sendeling | 124 |
| | 5.4.3 Opsig en tug van die sendeling | 124 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | INHOUD | | BL. |
|---|---|---|---|
| | | 5.4.4 Die beroepbaarheid, plasing en salaris van die Sendeling | 125 |
| | 5.5 | DIE BESIT VAN EIENDOMME EN FINANSIëLE AFHANKLIKHEID | 125 |
| | 5.6 | DIE BEOORDELING AAN DIE HAND VAN DIE OUDSTE GEREFORMEERDE KERKORDES | 127 |
| | | 5.6.1 Die Franse Kerkorde van 1559 | 127 |
| | | 5.6.2 Die Kerkorde van Emden 1571 | 128 |
| | | 5.6.3 Die Kerkorde van Dordrecht, 1618-1619 | 129 |
| 6. | SLOTSOM | | 130 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 1

## *DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE DORP KAKAMAS VOOR 1936*

### 1. INLEIDING

Die geskiedenis van die NG Sendinggemeente Kakamas is onafskeidbaar verbonde aan die stigting, groei en ontwikkeling van die NGKerk en die dorp Kakamas. Om reg te laat geskied aan die geskiedenis van die NG Sendinggemeente Kakamas sal ons moet kyk wat die betekenis van die naam Kakamas is, waar die plek geleë is en hoe dit ontstaan en ontwikkel het.

Die dorp Kakamas is aan weerskante van die Oranje-rivier geleë, 80 kilometers stroomaf suidoos van Upington, 40 kilometers wes van Keimoes en 320 kilometers suidoos van Prieska wat tot in 1914 die spoorwegeindpunt was. Die dorp is geleë op 'n kruising tussen die Boesmanland en die Boland, Namakwaland, die Karoo en die Kalahari en spog ook met sy eie rooi sandduine (Bylaag tot die Gemsbok, 1996:35).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 1.1 DIE NAAM KAKAMAS

Oor die betekenis van die naam Kakamas bestaan daar meningsverskille. Die vroegste verwysing na die naam Kakamas dateer uit omstreeks 1778 toe H.J. Wikar, 'n Sweed in die hartjie van die winter in die Noordkaap aangekom het. Daar word beweer dat hy weens dobbelskuld uit die Kaap gevlug het uit vrees vir sy lewe. By die samevloeiing van die Hartbeesriviermond- en die Grootrivier (Oranje-rivier) tref hy geil koringlande aan asook goeie weiveld (Die Gemsbok, 1963:2). Die naam Kakamas kom van twee Korana-uitsprake. Enersyds beteken dit "slegte weiveld" en andersyds "'n kwaai stormende koei". Altwee die betekenisse word deur omstandighede onderskryf, want die weiveld van Kakamasplaas is baie swak (De Kock, 1993:8).

https://etd.uwc.ac.za

M.J. Oosthuizen, aangehaal deur H.C. Hopkins was die mening toegedaan dat Kakamas behalwe "slegte weiveld" ook na 'n "kwaai, stormende koei" verwys (Hopkins, 1978:3). In my studie en onderhoude met mense asook met dominees Paulus de Wet en Edward Cloete, kenners van die Namataal het dit vir my duidelik geword dat die naam Kakamas "'n stormende koei of dorsbees" beteken. (Onderhoud, 18 Augustus 1998). Die verklaring wat hieraan geheg word is die feit dat daar onder die grootvee wat altyd by Kakamasdrif deur die rivier gejaag is, dikwels weerspan-nige beeste was wat nie deur die water wou loop nie. Die verklarings wat na "swak weiveld" en "plek van rooi klei" verwys is dus onaanvaarbaar.

Die pleknaam kan soos volg in Nama geskryf word "lha-gamas" of "lha-Khamas". Die stamwoord is "gamas/Khamas" wat bees of koei beteken. Die "voorvoegsel" "lha" is eintlik 'n werkwoord of byvoeglike naamwoord wat as werkwoord "stormende" beteken. Dit dui dus op aksie. As byvoeglike naamwoord dui dit 'n toestand aan "lha" en beteken in hierdie verband "om dors te wees". Dorsbees sal natuurlik ook op 'n drinksuipplek afstorm. In hierdie geval op 'n mond in die Oranjerivier. Die woord "swak weiveld" kan nie uit die stamwoord Kakamas afgelei word nie (Onderhoud: Ds. Paulus de Wet, 23 Julie 1999).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Niehaber is van mening dat Kakamas die spelling van die Khoi-Khoi Gamags is gama = bruin, dit het betrekking op die rooi klei in die omtrek, waarmee die "vroue" hulle gesigte besmeer het (Nienaber, 1963:256). Die naam Kakamas beteken in Nama "dorsbees" of "dors koei" of "stormende bees of koei". Daarom is dit vir my meer aanvaarbaar dat Kakamas "dorsbees" beteken omrede die bees wat dors is elke keer terug spring om hulle dors te les.

Kakamas is 'n plaasnaam en nie 'n dorp iewers in Namibië soos sommige mense wil voorgee nie. Dit beslaan beide oewers van die Oranjerivier. Die plaas is destyds van 'n ene Booysen aangekoop waarop die dorp in 1913 uitgelê is. Eiendomsplase wat aan hierdie onderneming behoort, geleë in die afdeling Kenhardt, is: Restant van die plase Hartbeest Riviermond, Kakamas, Soetap, Vaalgras en Restant van die plase Bassonsdrift, Baviaanskrantz, Omdraai, Keichenoep, Keikaries, Kliprug, Zwaardraai en Rooiberg (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:5).

https://etd.uwc.ac.za

R.J. Gordon en sy makkers bereik in Oktober 1779 "Takemas" en in 1879 noem Jackson dit T'Kakamas, die deel waar die rivier breed vloei. Wikar het dit net as 'n drif aangetoon (Cornelissen, 1978:7). Sover bekend is dit die eerste keer waar die naam aangetref word wat vandag as Kakamas bekend staan (Bylaag tot die Gemsbok, 1996:47).

Na afloop van die Tweede Korana-oorlog het die polisie die drif dag en nag bewaak en allengs het die drif bekend geword as T'Kakamas of Kakamas se polisiepos en so het dit die naam vir die hele omgewing geword.

Teen die jaar 1932 was die arbeiders al reeds 1300 en 'n jaar later het dit tot 2000 vermeerder (De Kock, 1993:37). Wie die mense was wat in die tyd in Kakamas woonagtig was, kan met redelike sekerheid bepaal word.

## 1.2 DIE BEVOLKING

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Teen 1888 het die bevolking langs die Oranjerivier bestaan uit Koranas, Griekwas, Boesmans, Damaras asook 'n paar Blankes. Lidmate van die NG Sendingkerk het tussen 1925 en 1928 van heinde en ver na Kakamas gestroom. Hulle kom is byvoorbeeld van O'kiep en Garies uit Namakwaland, Brandvlei, Carnarvon, Frazerburg en Calvinia. Almal het een of ander rol gespeel in die tot standkoming van die ontwikkelingsgeskiedenis van die dorp en NG Sendinggemeente Kakamas. Almal was objekte van die NGKerk se vroegste sendingwerk (Kriel, 1963:3).

Kock wys daarop dat Kleurlinge aanvanklik nie in die nedersetting toegelaat is nie omdat die koloniste die plig opgelê en aangemoedig is om self hulle grond te ontwikkel (De Kock, 1993:37).

Volgens T.H. le Roux, oud-burgemeester, is die Kleurlinge nie in die nedersetting toegelaat nie omdat die vestiging van Kakamas die stigtingsdaad, eiendom en 'n Blanke gedrewe projek van die NGKerk was en omdat die Blankes hul kultuur en waardes wou beskerm (Onderhoud: H.J. le Roux, 6 Julie 1999).

https://etd.uwc.ac.za

Volgens Gerdener in sy bekende werk, Reguit koers gehou, het die Blankes nog altyd gevrees vir gelykstelling tussen Kleurlinge en Blankes en het daarom 'n afkeer gehad vir die gedagte van rassevermenging en vir alles wat vermenging in die hand kan werk (Gerdener, 1951:91). Die belangrikste oogmerk van die passtelsel en Kleurlingregulasies wat op 15 November 1929 opgestel is, was om die toestroming van die Kleurlinge oor die hele nedersetting te kontroleer.

Maar met die opkoms van die intensiewe boerdery, het ongeskoolde arbeid dringend noodsaaklik geword en is die koms van die Kleurlinge na die nedersetting aangemoedig en verwelkom. Die Kleurlinge het onder streng regulasies en voorwaardes gebuk gegaan wat op 15 November 1929 opgestel en in werking gestel is. Die toestroming van die Kleurlinge is deur 'n passtelsel gereguleer. Die passtelsel was 'n aantal wette wat net op die Kleurlinge van toepassing gemaak en uitgereik is - 'n skriftelike verlof van die Kakamas-Bestuursraad om in 'n Kleurlingwoonbuurt of "lokasie" te woon was noodsaaklik. Die wette het die Kleurlinge se bewegings erg aan bande gelê. Daar is verskillende paswette of permitte uitgereik, inter alia: 'n terreinbesoekers- en loseerders-permit en terreinbewys. Dit het gehelp dat die hele werk oor die nedersetting versprei kon word, aldus die Blankes. Reeds in 1896 het die regering 'n wet gemaak dat Kleurlinge passe moes dra (Pienaar, et al, 1996:112).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die Kleurlinge moes passe dra as hulle wou uitgaan, werk gaan soek, reis en as hulle saans op straat wou wees. Kleurlinge wat nie 'n pas gedra het nie, kon opgesluit word (Onderhoud: Mnr Petrus Jacobs, 19 September 1999).

Kleurlinge kon hul wonings slegs op aangewese "erwe" bou, so genoem omdat die regering se toestemming eers vir die stigting van "lokasies" nodig was, opgesit moes word behalwe waar hulle met verlof van die Administrasie op hulle werkgewers se erwe kon woon. 'n Lokasie beteken 'n woonplek soos deur die Raad uitgesonder en bepaal vir Kleurlinge.

Volgens die addendum verslag van Sinclair, gedateer 12 April 1962 het die Kleurlinggemeenskap hulself gewilliglik gesegregeer lank voordat die aparte woonbuurtwet op die wetboek geplaas is. Die Kleurlinge het hulle in

https://etd.uwc.ac.za

verskillende afgebakende woongebiede tuisgemaak, onder andere te Witrand wat reeds voor 1925 bewoon is. Meulkroek was baie ouer as Witrandwoonbuurt.

Die ander Kleurlingwoonbuurtes is die volgende: Neus, Spookkop, Groenkroek, Truter, Alheit, Lutzburg, Rhenosterkop en Cillie. Bo en behalwe bogenoemde inwoners het daar nog talle op die erwe van die boere gewoon. 'n Erf beteken die grond wat vir besproeiingsdoeleindes aan 'n nedersetter toegeken is (Addendum verslag tot die Kakamas-Bestuursraad. 'n Memorandum in sake Kleurlingbehuising Kakamas Arbeidskoloniekommissie, 18 Julie 1970).

## 1.3 DIE STIGTING EN BESTUUR VAN DIE ARBEIDSKOLONIE

Vroeg in die geskiedenis het die NGKerk Kakamas die mening uitgespreek om Kakamas as 'n opleidingskool of -inrigting te gebruik vir die opleiding van Blanke persone wat in armoede en ellende versink het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ds. B.P.J. Marchand gesekondeer deur Ds. Van Heerden het op die sinode van die NGKerk in 1894 voorgestel dat 'n nedersetting op Kakamas gestig moet word om die armblanke probleem aan te spreek. As gevolg van Ds. Marchand se voorstel besluit die sinode: *"De sinode meent dat het stichten van arbeidskoloniën een der middelen is om onze arme blanken te helpen, en benoem een Commissie in overleg met de regering en met volmacht om te handelen en haar ledental te vermeerderen, te overwegen, wat er aan de zaak gedaan kan worden"* (Acta Synodi, 1894:35).

Ofskoon die stigting van Kakamas nie vreemd was aan die gees wat in daardie jare op besproeiingsgebiede geheers het nie, is dit duidelik dat die dorp Kakamas aan Marchand te danke is, wat soms ook bekend staan as die "vader van Kakamas". Sy nagedagtenis is dan ook in Kakamas verewig omdat die buitewyk Marchand sy naam dra (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:7).

https://etd.uwc.ac.za

In 1896 het sake 'n kritieke stadium bereik toe Noordwes-Kaapland deur 'n uiters ernstige droogte geteister is, gevolg deur 'n strawwe uitbreiding van runderpes in 1897 wat die boere op groot skaal van 'n aansienlike deel van hul vee beroof het. In Kenhardt het daar vir drie jaar geen reën geval nie, 'n sprinkaan- en die runderpesplaag het die steeds verslegtende toestande nog verder vererger. Die NGKerk het hom die nood van die verarmde mense aangetrek. Die Kakamas plaas, Neus en Zoetap in die distrik Kakamas word as Arbeidskolonie vir armblankes gereserveer en gratis geskenk. 'n "Commissie voor Arbeids-Coloniën" is deur die sinode in 1894 aangestel met Ds. B.P.J. Marchand as konvenor[1]. Die kommissie het haar eerste vergadering op 5 Maart 1895 op Worcester gehou (Erwee, 1980:294).

In 1897 het die aangeleentheid op die sinode 'n volledige bespreking en oorweging uitgelok. Goedkeuring is gegee dat aan hierdie mense hulp verleen kan word. Nadat alle aspekte van die onderneming bespreek en oorweeg is, is daar op voorstel van ds. J.A. Maeder, gesekondeer deur ouderling D.J.S. Bruwer op 26 Oktober 1897 die volgende besluit geneem: *"De Synode geve aan de Arbeids Kolonie Commissie volmacht om op de plaatsen Zoetap en Kakamas eene Kolonie voor arme blanken te stichten en late het aan de Commissie om het nodige geld te maken ten einde dadelyk de arme blanken te hulp te kom, en zich in deze te bedienen van de ondersteuning der Regering"* (Acta Synodi van die NGKerk, 1897:23). Sommige kenners wil die jaar 1897 beskou as die stigtingsdatum van Kakamas, maar dit is reeds verkeerd bewys.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

[1]Die ander lede van die kommissie is: Di William Murray van Worcester, C.F. Leipoldt van Clanwilliam, D.S. Botha van Dordrecht, Helgard Muller van Tarkastad en P.R. Mclachlan van Knysna.

https://etd.uwc.ac.za

Op 4 Julie 1898 is daar met die ontwikkeling van die Kakamas-nedersetting en met die uitgrawing van die suidkanaal by Neus begin. Verskillende predikante het die plegtige geleentheid met skriflesing en gebed bygewoon asook eerw. Christiaan Schröder is as superintendent van die onderneming aangestel. Hy is later deur die bekwame, Lutz, van beroep 'n ingenieur bygestaan en nog later het hulle die hulp van D.J. Kuys bygekry.

Kakamas het sy beslag gekry en 4 Julie 1898 amptelik erken as die stigtingsdatum (Jaarboek van die NGKerk, 1959:154).

Inmiddels het die getal gesinne tot 1905 aangegroei. Die meeste van die Blanke koloniste het sover as Molteno, Oudtshoorn, Swartland, Worcester en van die naburige dorpe soos Kenhardt en Upington gekom. Almal dankbaar vir die uitkoms.

Na elf jaar van die bestaan van die kolonie het die regering dit nodig geag om Wet Nommer 10 van 1909, rakende die doelstelling, die bestuursaangeleentheid, ensovoorts op die gestigde kolonie in 1909 op die wetboek te plaas. So gesê, so gedoen. Die eerste konstitusie is in 1910 deur die parlement goedgekeur. Beheerregulasies vir die kolonie is ook uitgevaardig. Volgens die konstitusie is die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Kaap die Goeie Hoop, die stigter. Die administrasie van die kolonie is deur die Arbeidskoloniekommissie van die genoemde kerk behartig (Kakamas Arbeidskolonie, Verslag van Kommissie van Ondersoek, Julie 1940:23).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die konstitusie het nie voorsiening gemaak dat eiendomsreg aan die nedersetters oorgedra sal word nie. Die kommissie van die Arbeidskolonie Kakamas was van oordeel dat die toekenning van eiendomsreg nie in belang van enige van die nedersetters was nie, aangesien dit tot vervreemding van hul persele sou lei ten gevolge waarvan hulle weer in hulle oorspronklike posisie van armoede sou verval (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:17).

Dit is meldingswaardig om nou kortliks 'n uiteensetting te gee van sommige hoofbeginsels van die inhoud van die konstitusie, naamlik:

https://etd.uwc.ac.za

(i) dat die kommissie fondse mag genereer by wyse van skenkings, kollektes, lenings, verkope, bydraes, subskripsies, fooie, huurgelde, boetes, verhuur van die roerende eiendom en onroerende goed;

(ii) dat die fondse bekom, bestee mag word aan die betaling van salarisse en transportkoste, die bou van besproeiingswerke, die stoor en voorsiening van water en baie ander noodsaaklike behoeftes;

(iii) dat enige winste uit die werksaamhede van die kolonie bestee word aan die doeleindes en die uitbreiding van die werk van die kolonie en aan geen ander doeleinde hoegenaamd nie;

(iv) dat elke persoon tot die kolonie toegelaat is onderhewig aan die bepalings van die konstitusie en moet die voorwaardes waaronder hy toegelaat is respekteer en nakom;

(v) slegs behoeftige persone en wat bekwaam was om hande arbeid te verrig en bewys van hulle goeie gedrag tot bevrediging van die kommissie kan lewer, is toegelaat (Kakamas-Arbeidskolonie, Verslag van Kommissie van Ondersoek. Voorgestelde konstitusie van die Kakamas Arbeidskolonie, 1940:24,25).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Benewens die voorwaardes waaronder hulle toegelaat, is het hulle ook bepaalde of sekere regte geniet, naamlik:

(i) die reg om sy toegekende erf en bouperseel met verbeterings aan 'n ander persoon oor te dra of om om te ruil wat deur die kommissie goedgekeur is;

(ii) die reg van vry weiding op die algemene weiveld vir 'n beperkte getal groot- en kleinvee, sowel as die plek van weiding soos deur die kommissie van tyd tot tyd bepaal is;

https://etd.uwc.ac.za

(iii) die reg tot water vir besproeiings- en ander doeleindes onder sekere voorwaardes aangaande die hoeveelheid, tyd en periode van gebruik soos deur die kommissie bepaal is. Daar is nog baie ander regte wat genoem kan word (Kakamas-Arbeidskolonie, Verslag van kommissie van ondersoek, 1940:26).

Regte bring ook verpligtinge mee en het die volgende verpligtinge dus vir die koloniste gegeld:

(i) om sy eie grond eiehandig te ontwikkel met behulp van sy familie. Hy kon alleen met verlof van die superintendent ander arbeid huur of gebruik;

(ii) hy moes sy erf en perseel skoon en netjies hou van onkruid of enige ander skadelike gewasse en sorg dra dat dit goed bewerk word en nie verval raak nie;

(iii) Skoolbesoek van kinders tussen die ouderdom 7 en 14 jaar was verpligtend;

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(iv) die superintendent kon 'n kolonis oproep vir diens en indien hy sou weier of versuim om aan so 'n oproep gehoor te gee, was skuldig aan 'n oortreding van hierdie konstitusie.
'n Boete kon hom opgelê word met een of meer van die volgende:
(a) 'n berisping;
(b) 'n boete van hoogstens R10, en
(c) verwydering uit die kolonie. In die geval van uitsetting kan vergoeding van hoogstens R400,00 aan hom uitbetaal word ten opsigte van geboue wat op sy erf en of bouperseel opgerig of aangebring is (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:22,23).

In 1929 het die plaaslike kommissie regulasies en voorwaardes vir die Kleurlinge neergelê. Uit die konstitusie het die volgende voorwaardes, regte en pligte vir hulle gegeld:

https://etd.uwc.ac.za

(i) Kleurlinge moes hulle in 'n register registreer waarvoor daar voorsiening gemaak is;

(ii) Kleurlinge kon nie in 'n Kleurlingwoonbuurt of 'n "lokasie" gewoon het nie, sonder die skriftelike verlof van die Kakamas-Bestuursraad nie;

(iii) Geen Kleurling kon met 'n hond op die gemeenskaplike weiveld aanwesig wees nie, behalwe met skriftelike toestemming van die Raad nie;

(iv) Niemand kon 'n dier teen 'n grensheining op die gemeenskaplike weiveld vaskeer met die doel om hom te vang nie.

Volgens die reëls soos opgestel vir Kakamas was die volgende verpligtinge op hulle van toepassing:

(i) as iemand in die Kleurlingwoonbuurt of lokasie aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly, moes die okkupeerder van die woning in die geval van dood onmiddellik die naam, van en alle relevante feite in verband met die persoon aan die gesondheidsbeampte rapporteer;

(ii) Teraardebestellings moes onmiddellik of onverwyld skriftelik aan die opsigter, of die hoof in beheer en wel op 'n voorgeskrewe vorm soos deur die Raad bepaal kennis van gegee word; en

(iii) niemand kon vullis, mis, vuilgoed, uitwerpsels of afval op enige terrein hou of laat uitgooi nie. Die rede hiervoor was waarskynlik om nie 'n oorlas of skadelik of gevaarlik vir die gesondheid van die inwoners te wees nie (Reëls – Arbeidskolonie Kakamas, 1965:82,87,88,89,91).

Nieteenstaande die voorwaardes en verpligtinge het die Kleurlinge egter ook sekere regte bekom:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

(a) hulle kon voldoende water kry;

(b) die gesinne is toegelaat om 'n karvraghout op 'n aangewese plek, binne die gebied van die kolonie tussen sonopkoms en sonsondergang vir eie huishoudelike gebruik te gaan haal;

(c) hulle kon vier groot- en ses stuks kleinvee aanhou;

(d) waar Kleurlinge hul eie huise op eie koste in die Kleurlingwoonbuurt opgerig het, is hulle die reg gegee om daar te woon sonder om huishuur te betaal (Hopkins, 1978:215).

## 1.4 DIE NODIGE FONDSE

Die finansiering van die onderneming was een van die grootste probleme waarmee die Kommissie te kampe gehad het. Die Kommissie moes ook besluit hoe die oogmerk van die kerk naamlik die redding van hierdie armblankes, met die grootste welslae verwesenlik kon word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hiermee is die stigtingsgedagte en stigtingswerk afgehandel en het die Arbeidskoloniekommissie as uitvoerende liggaam van die NGKerk sy taak aanvaar. Daar is onmiddellik met die insameling van fondse begin.

Die regering is genader om geldelike bystand en ondersteuning. Die Arbeidskoloniekommissie het by die regering 'n lening opgeneem teen 'n rentekoers wat die kapitaal binne dertig jaar sou delg. Die som van R91 000,00 is aan die kerk vir die ontwikkeling van die Arbeidskolonie geleen (Verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Arbeidskolonie Kakamas, 1945:5).

https://etd.uwc.ac.za

## 1.5 DIE BOU VAN DIE KANAAL

Die fondse vir die bou van die kanaal het begin instroom en uiteindelik kon daar met die uitgrawe van die suid- en noordkanaal in alle erns begin word.

Volgens 'n artikel in die tydskrif, die Fleur in die Januarie uitgawe nommer 6 van 1947 het die Sinode van die NGKerk die afgevaardigdes gevra om hul gemeentes te verbind om elkeen 'n jaarlikse bydrae in die fonds te stort.

Die fondse moes gevind word en na rype beraad het die Kommissie die volgende besluit voor die Sinode gelê, naamlik *"dat eene subscriptie lyst staande de vergadering aan de leden worde aangeboden, en einde afgevaardigden die er vrymoedigheid toe hebben, in de gelegenheid te stellen te zeggen voor welke som zy goedstaan voor hunne gemeenten; terwyl het aan de Commissie over Arbeids Koloniën gelaten worde om in beraad met de Kerkeraden den overigen Gemeenten door hen of speciale collectanten eene inzameling in hunne respectieve gemeenten te doen"* (Steenkamp, 1944:11),

Eerw. Schröder en sy getroue werkers het nag en dag aan die suidvoor gewerk. Hulle het die suidvoor gemaak vir omtrent die helfte van die ingenieur se berekening (Die Kerkbode, 12 Augustus 1936:307). In 1907 is die suidvoor voltooi. Dit vloei oor 27,4 kilometers en omvat 'n besproeibare oppervlakte van 10192000 hektaar (Steenkamp, 1944:12).

Op 13 April 1899 is daar met die uitgrawing van die kanaal aan die noordoewer van die Oranjerivier begin (Du Toit, 1945:5). Dié werk is onder die leiding van Japie Lutz gedoen. Onder die werkers was daar grysaards tussen 60 en 70 jaar jonk. Hulle het slegs dertig sent en die kinders tien sent per dag verdien. Die winkel het alle benodigdhede sover moontlik teen kosprys verskaf (De Kerkbode, 5 Augustus 1909:364 en 22 Julie 1909:342).

Volgens 'n berig in Die Kerkbode is die werk aan die noordvoor op 'n stadium gestaak weens die Anglo-Boereoorlog (De Kerkbode, 29 Oktober 1909:555). Desember 1909 was 'n blye feesmaand toe water vir die eerste keer in die nuwe deel van die noordvoor vrygelaat is. 'n Kort kerkdiens is gehou.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die werk aan die kanaal is op 'n primitiewe, maar op deeglike wyse gedoen. Pik en graaf, ysterboor en voorhamer was die enigste en vernaamste gereedskap waarmee die werk gedoen is. Die nedersetters het hulself nie gespaar nie. Van die kant van die Arbeidskoloniekommissie het dit nooit aan aanmoediging, raad en geldelike bydrae ontbreek nie. Die noordvoor het alleen aan dinamiet R4 000 gekos en is na twaalf jaar na die suidvoor op 19 Julie 1911 voltooi en ingewy.

Behalwe vir 'n paar plase aan die suidvoor wat deur die staat in trust aan die NGKerk vir die doel van 'n nedersetting gegee is, het die kerk nege plase of gedeeltes van die plase aan die noordvoor aangekoop (Jaarboek van die NGKerk, 1959:154).

Uit 'n studiestuk van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys word gerapporteer dat die noordkanaal teen September 1900 tot regoor die polisiestasie gevorder het (Steenkamp, 1944:12). Ongelukkig moes die werk weer tydelik gestaak word omdat daar twyfel bestaan het of die regering die plaas Hartbeesriviermond ook aan die NGKerk sou gee.

Die parlement het egter kragtens 'n besluit op 20 Augustus 1906 nie alleen die plase Zoetap en Kakamas toegeken nie, maar ook die plase Neus en Hartbeesriviermond en die twee eilande bekend as Perde-Eiland en Kakamasdrif (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:4).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die uitvoerende beampte van die Arbeidskolonie was die superintendent. 'n Groot aantal superintendente is deur die jare agtereenvolgens in dié amp aangestel[1].

[1]Die volgende persone het om die beurt as voorsitter van die Arbeidskommissie van Kakamas opgetree:
Ds. B.P.J. Marchand (1894-1905); eerw. C.H.W. Schröder (1898-1905); di. J.W.L. Hofmeyr (1905-1911); W.A. Alheit (1906-1910); Ds. Botha (1910-1919); P.J. Cillie (1920-); ds. J.G. de Bruyn en leraar (1912); J.H. Conradie (1912-1920); ds. J.G. Truter, eerw. A.J. Liebenberg en mnr P.E. Beyers (Maart 1920 - April 1921) en J.W. Louw (1921-1935) (Steenkamp, 1944:190).

https://etd.uwc.ac.za

Die Kommissie het op vasgestelde tye vergader en die kolonie minstens een keer per jaar besoek. Van meet af aan was die amp van superintendent met die van predikant verewig, maar met verloop van tyd, soos die werksaamhede en pligte vermeerder het en die pligte van die superintendent toegeneem het, is die twee ampte geskei (Steenkamp, 1944:19).

Die dorp Kakamas het dus as't ware saam met die kanaal sy beslag gekry. Dit is ook verder duidelik dat elk van bogenoemde manne, in 'n mindere of meerdere mate 'n stukkie van die geskiedenis van Kakamas verpersoonlik het.

Later is die samestelling van die plaaslike Kommissie gewysig. Die lede is deur die kolonie self gekies. Elke wyk kon sy eie verteenwoordiger kies. Die Kommissie het as skakel tussen die koloniste en die Arbeidskoloniekommissie opgetree. Die Kommissie het verskeie magte en pligte gekry, byvoorbeeld, die uitreiking van paswette aan die Kleurlinge.

Die Kommissie is altyd tydens die sinode-sitting van die NGKerk gekies en met die administrasie van die nedersetting belas (Steenkamp, 1944:24). Die Arbeidskolonie is geografies in neëntien wyke van min of meer dieselfde grootte opgedeel. Elke wyk is deur sy eie lid verteenwoordig wat in die wyk woonagtig moet wees. Die eerste twee lede wat die koloniste gekies het om hulle te verteenwoordig was Karel Minnies en Adriaan van Zyl en die lede deur die Arbeidskoloniekommissie gekies was Stephanus Kuhn en Johannes Kotze (Gedenkskrif, NGKerk, Marchand vyftigjarige feesvieringe, 1950:4).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Alhoewel Kakamas in die begin klaarblyklik 'n Arbeidskolonie was het daar geleidelik 'n diepgaande verandering plaasgevind en met die ontwikkeling van die nedersetting het die opvatting van die Arbeidskolonie op die agtergrond geskuif en is dit gaandeweg deur die opvatting van 'n nedersetting verdring. Teen 1916 was Kakamas nie meer 'n arbeidskolonie nie, terwyl dit teen 1919 duidelik geword het dat dit as niks anders as 'n nedersetting beskou kan word nie. Op hierdie stadium na 20 jaar was die nedersetters mense wat hulself kon help (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:2,3). Vanuit hul oorspronklike toestand, die van nomade het hulle in suksesvolle intensiewe boere verander. Mense het van heinde en ver gekom deur die nood gedruk en dankbaar vir die uitkoms wat vir hulle

https://etd.uwc.ac.za

aangebied is. Dit was die dag van klein dinge.

Dit is een van die mees suksesvolle ondernemings. Die koloniste het met niks of met baie min op die nedersetting begin, sonder enige opleiding en ondanks moeilike klimaatsomstandighede, is 'n wildernis omskep in 'n welvarende nedersetting waar almal aan die einde van die dag gelukkig saamwoon. Hieroor skryf dr. R.W. Wilcocks: *"Die belangrikste proefneming met die oog op die vraag na die moontlikheid tot opheffing van die armblanke deur middel van landbou-nedersettings, is ongetwyfeld dié wat deur die NGKerk op Kakamas uitgevoer is. Hierdie nedersetting bestaan sedert 1899, en het blykbaar sowel tot voorbeeld vir ander kerknedersettings vir armblankes gedien as tot aansporing vir die staat om deur middel van landbou-nedersettings armblankes te rehabiliteer. Die uiters vrugbare landbougrond waarop die nedersetters geplaas is, die betreklike grootte van die erwe, die goeie watervoorsiening en die gunstige klimaat - dit alles beteken die afwesigheid van omstandighede wat die sukses van meer as een van die ander landbou-nedersettings belemmer en wat dit moeilik sou maak om tot 'n regverdige oordeel te kom oor die potensialiteit van die armblanke self"* (Steenkamp, 1944:2). Die nedersetting het gegroei en uitgebrei.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 1.6 GEBIEDSUITBREIDING

Op 28 Mei 1907 is die plase Kakamas, Soetap en Neus aan die voorsitter van die NGKerk se Arbeidskoloniekommissie en aan sy ampsopvolgers vir dieselfde doeleindes oorgedra onderworpe aan dieselfde voorwaardes soos reeds vroeër vermeld ten aansien van Hartbeesriviermond. In 1912 is nog 'n verdere grondgebied, te wete, die plaas Vaalgras, in die afdeling Kenhardt teen 'n bedrag van R1 000 aan die voorsitter van die NGKerk toegeken.

Uiteindelik is daar op 22 Oktober 1927 sekere ses eilande geleë in die Oranjerivier in die afdeling Cordonia en bekend as Neus, Vaalklip, Witklip, Sonop, Klip en I (uitspraak: Ai) aan die Sinode van die NGKerk in Suid-Afrika toegeken in trust vir die Kakamasarbeidskolonie. In 1911 het die totale blankebevolking ongeveer tot 3 536 teenoor 2 000 Kleurlinge aangegroei. In

https://etd.uwc.ac.za

1930 is die plaas Krantzkop van die basters aangekoop. So het Kakamas in dertig jaar stadig aangegroei en uitgebrei. Kakamas is deur die NGKerk vir ongeveer sewe en sestig jaar beheer en bestuur (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:5,154).

## 1.7 ONTWIKKELING VAN PERSELE

In 1913 is Kakamas uitgelê. Verskillende woongebiede is vir die onderskeie bevolkingsgroepe aangelê. 'n Digbewoonde deel bekend as Kakamas Sentraal en dikwels ook die "dorp" of "witdorp" genoem, het in die dorp ontwikkel. Dit is die gedeelte waar net Blankes gewoon het. Hierdie gebied beslaan maar 'n klein oppervlakte van die Kakamas grondgebied met moontlike uitbreidings wat later in die vooruitsig gestel is (Breyl, 1964:2).

Die persele van Kakamas Sentraal is reeds in 1930 deur 'n vorige superintendent, wyle J.W. Louw aangewys toe veertig persele, vyftig treë, deur tydelike afbakening daargestel is met watervoorsiening vanuit die hoofkanaal daarheen uitgelê.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Op Rhenosterkop is geen huur in die eerste jaar van die koloniste gevorder nie, maar vanaf die tweede jaar moes hulle R15 betaal en daarna R30 per jaar met reg op vry weiding vir 25 stuks kleinvee en 20 beeste.

Die ontwikkeling van woonpersele en uitreiking daarvan was die hoofbron van administratiewe inkomste. Die huurgelde het tussen R25 tot R40 in sommige gevalle gewissel.

Vanaf 1924 het die woonregte van die Kleurlinge vir die Arbeidskolonie 'n inkomste van R542 per jaar ingebring wat baie geld vir daardie jare was. Met die ontwikkeling van die dorp en toename van die bevolking het 'n eie dokter vir Kakamas noodsaaklik geword. In 1915 het die sieletal van die Arbeidskolonie reeds 3 000 getel terwyl die NGKerk byna 1 200 lidmate gehad het.

https://etd.uwc.ac.za

## 1.8 GENEESKUNDIGE DIENSTE

Ingevolge die dokument van die Kommissie van Ondersoek is Kakamas aanvanklik ernstig deur 'n tekort aan toereikende geneeskundige geriewe gestrem. 'n Sekere P.J. Cillie wat lank voorsitter van die Arbeidskolonie-kommissie was het 'n milde bydrae van R800 geskenk vir die oprigting van 'n hospitaal. Die Arbeidskoloniekommissie het self ook 'n mooi bedrag van R2 976 by wyse van 'n lening vir die doel hierbo genoem, gegee (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:6). Hierdie hospitaal het eers na 1936 'n werklikheid geword.

Voor die aankoms van dr. C.P. (Charlie) Theron, die eerste geneesheer, in 1907 tot 1911 was daar geen geneesheer nie. Daarna het dr. Traill hom opgevolg. Hy het hom vir sewe jaar in Kakamas gevestig en is deur dr. Van Niekerk opgevolg wat na Springbok verhuis het.

In 1935 het Dr. Joubert, die oudste van die twee broers ook 'n praktyk in Kakamas begin. Die twee broers het op Kakamas en omgewing gepraktiseer. Hulle het 'n baie besige tyd beleef wat 'n aanduiding van die vooruitgang was wat besig was om plaas te vind (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:6).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 1.9 ONTWIKKELING VAN ALGEMENE WERKSAAMHEDE

In 1907 was daar slegs een winkel op Soetap. D.J. Kuys was die eerste winkelbestuurder, 'n betrekking wat hy later met P. Beyers gedeel het tot in 1918 toe hy uit Kakamas verhuis het en hom op Louisvale gaan vestig het. D.J. Kuys het die winkel en sy woning in 'n tent begin. Later het hy 'n steengebou gekry vir 'n winkel (Die Kerkbode, 12 Augustus 1936:307).

In 1907 was daar nog steeds een winkel te Soetap waarheen P. Beyers oorgeplaas is. In 1920 was die hoofwinkel nog daar met takke op Schröder, Marchand en Alheit (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:6). Hierdie winkels het klein begin, maar in

https://etd.uwc.ac.za

verbasende sterk gesonde handelsondernemings ontwikkel. Vanaf 1915 het die winkel met 'n oorskot van R29 620 gewerk. Die bestellings en uitbetalings is deur die kerkkantoor in Kaapstad behartig (Hopkins, 1978:163).

Op 31 Oktober 1920 het Standard Bank sy deure op Kakamas geopen, maar in Augustus 1921 het die bank weer sy deure gesluit. Einde Februarie 1931 het die genoemde bank weer op Kakamas begin besigheid maak met die verlof van die Arbeidskoloniekommissie (Hopkins, 1978:167).

Paaie en brûe is dwarsdeur die gebied gebou namate die toestand van die nedersetting meer gesond geword het. Brûe is na Drifeiland, Witkopeiland en twee ander brûe na Rhenosterkop gebou. Rhenosterkop was die jongste nedersetting wat onder bestuur van die Arbeidskoloniekommissie Kakamas geval het. Volgens Wikar is Rhenosterkop die vertaling van Nawaptana wat 'n renosterkop beteken (Cornelissen, 1978:101.

Die enigste vervoermiddels waaroor die Kleurlinge beskik het was 'n fiets, ossewa en of 'n donkiekar. Breyl wys daarop dat 'n skuit te Kakamasdrif die enigste vervoermiddel was om mense en goedere heen-en-weer oor die Oranjerivier te vervoer. Op 13 Augustus 1909 het die Arbeidskoloniekommissie die pont aangekoop en op 26 Augustus 1926 is die eerste smalspoorlyn amptelik geopen deur Charlie Malan die destydse Minister van Spoorweë.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ongeveer 3 000 mense het lank voor die bestemde tyd by die Kakamasstasie hul opwagting gemaak om die trein en sy geselskap by hul aankoms te verwelkom. Sover bekend is Kakamas nedersetting die eerste dorp waar 'n pad- en spoorwegbrug gekombineer is (Breyl, 1974:2,3,8).

## 1.10 ONDERWYS

Op onderwysgebied het die dorp merkwaardig vir Blankes presteer. In die oplossing van die armblankevraagstuk was die kinders seer sekerlik een van die vernaamste oogmerke van die NGKerk as stigter van Kakamas. Dus is dit van pas om op die ontstaan en ontwikkeling daarvan te let.

https://etd.uwc.ac.za

Die man by wie alles begin het was ds. B.P.J. Marchand. Op Maandag 18 Julie 1898 is die eerste skooltjie op Kakamas met 30 kinders geopen met Mej. Catharine S.M. du Plessis as onderwyseres. Die geboutjie was uiters primitief, gedeeltelik uit riet en klei en gedeeltelik van seil (Oosthuizen, MJ 1921:87). Die skool het net soos die dorp Kakamas as't ware saam met die kanaal begin. Die skooltjie is later saam met die voor verskuif en nog later het Jan Faul vir 'n paar maande as onderwyser waargeneem. Teen die einde van 1900 is die skooltjie na Soetap (Kakamas-Oos) verskuif waar mej. M. van der Merwe waargeneem het. Toe die eerste erwe in 1899 uitgegee is, het die behoefte aan onderwys nog groter en moeiliker geword. Families het nou verspreid gewoon en sommige van die koloniste het uit hul karige verdienste private onderwyseresse teen uiters geringe vergoeding verkry om aan hulle eie kinders en die van hul naaste bure onderrig te gee. Die groter kinders is gebruik om die grond gelyk te maak terwyl die kleiner kinders skool moes gaan en onderrig in lees, skrywe en reken ontvang het. Die medium was Engels. "Dutch" was nie op die skoolgronde toegelaat nie. Vir Hollands was daar die `Trap der Jeugd' en vir Engels `Step by Step', `Segnel' en `Royal Readers'. Later is hulle met `Hollandche Leesbreker' en `Longman's' vervang (Steenkamp, 1944:50).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Tot die einde van 1902 was die bestaande skooltjies van private aard. Die onderwyseresse het weinig of niks vergoeding ontvang nie vanweë die koloniste se verarmde toestand (Steenkamp, 1944:49). Vanaf 1903 toe daar slegs een riethutskool met aanvanklik 82 ingeskrewe leerlinge bestaan het, het die onderwys geweldig vinnig ontwikkel en vooruitgegaan. In 1904 is met 'n toereikende skoolgebou begin wat later vir R5 000 aan die Departement van Onderwys verkoop is (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:7).

Volgens P.E. Beyers aangehaal deur die inspekteur van skole het mej. M. van der Merwe in die begin van 1903 weer met 'n skool in 'n groter rietsteiergebou in Soetap begin (Inspeksieverslag, 16 Augustus 1904).

Op 27 April 1903 is P.E. Beyers, die eerste gekwalifiseerde onderwyser, ook deur die Arbeidskoloniekommissie aangestel. Beyers het ook die skool gefinansier en beheer. Die onderwyser het 'n minimale salaris van ongeveer

https://etd.uwc.ac.za

R320 per jaar ontvang. Van hierdie skool het die omgangsinspekteur gerapporteer: *"The school is conducted in a building of reads. The only thing that can be said in favour of it, is that the ventilation is excellent, during windy wheather excessive."* Later verklaar hy meer profeties as hy in 'n daaropvolgende rapport byvoeg: *"There seems every prospect of it developing into one of the best schools in the district".* (Jaarblad 1950: Hoërskool Kakamas, Inhuldigingsblad). Vir sover as moontlik is die salaris as skoolgelde ingevorder. Die leerlinge het R1,56 skoolgelde per maand betaal en dikwels moes dit in die vorm van produkte betaal word, aangesien geld uiters skaars was (Steenkamp, 1944:50).

Daar was geen vaste skoolure nie en die leerlinge kon net eenkeer per jaar vakansie kry. Op reënerige en stowwerige dae asook met ploeg- en oestyd is daar nie skoolgehou nie.

Die skooltjie het ook as kerk vir die koloniste gedien. In 1904 het inspekteur W. Grant 'n informele besoek aan die skooltjie afgelê en aanbeveel dat 'n addisionele onderwyser dringend nodig is (Inspeksieverslag, 16 Augustus 1904). Teen die begin van 1904 het die Arbeidskoloniekommissie 'n kerkgebou opgerig wat as skool moes dien. Die koloniste het die bouwerk gratis gedoen en in Februarie die daaropvolgende jaar, in 1905, het Beyers met P. Eksteen, die eerste hulpleerkrag, die nuwe skool heropen. Die klasse het vanaf Sub-A tot Standerd 6 gestrek. In die standerd 6-klas was slegs een leerling (Steenkamp, 1944:52).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens die verslag van die Kommissie van Ondersoek was daar teen 1920 nege skole met 'n leerlingtal van 900 en 'n onderwyspersoneel van 31 (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:7). 'n Industriëleskool het ook tot stand gekom maar weens weinig of geen belangstelling is dit later gesluit. Al die skoolgeboue is aan die Departement van Onderwys op die grondslag van huurkontrak oorhandig behalwe die skool op Sentraal-Kakamas wat vir 'n onbekende bedrag geld aan die Departement verkoop is. Al die oorspronklike skole is deur die Arbeidskoloniekommissie Kakamas gebou terwyl die Departement self een op Marchand in 1916 opgerig het. Die meeste van genoemde skole was privaat. Aan die einde van die dag het net die kerkskole staande gebly en gegroei soos later uitgewys sal word.

https://etd.uwc.ac.za

Toe die Departement van Onderwys in 1921 die onderwys oorgeneem het, is al die bestaande skole te Kakamas-Oos, Kakamas-Wes, Alheit en Lutzburg gesluit en gevolglik het al die werksaamhede op die onderwysgebied meer gesentraliseerd geword en is die geboue weer aan die Arbeidskoloniekommissie teruggegee (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:7).

Volgens 'n skrywe van ds. J.W.L. Hofmeyr in Mei 1905, aan die Superintendent-Generaal van Onderwys is die skool te Kakamas-Oos in Februarie 1906 teen R1 320 opgerig. P.S. Marais, 'n jongman met 'n standerd vyf sertifikaat is as onderwyser aangestel. Sy salaris was R160 per jaar (Steenkamp, 1944:52). In April 1906 is 'n tweede takskool te Kakamas-Wes gebou en geopen met P. Marais as onderwyser terwyl mej. A. Fourie na die skool te Kakamas-Oos oorgeplaas is (Inspeksieverslag, 22 Februarie 1906). Dit wil sê daar was nou 3 skole in Kakamas te wete, Kakamas-Sentraal, met 230 leerlinge op die rol, Kakamas-Oos en Kakamas-Wes, elk met ongeveer 30 leerlinge. Vanaf die stigting van Kakamas het die kerk die onderwys onder sy vlerke geneem. Onderwys was toe uit die staanspoor verpligtend terwyl die ouderdom vir verpligte onderwys op 'n later stadium na sewentien jaar verhoog is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Kakamas was die eerste skool met verpligte onderwys en as sulks het dit die vooruitgang op onderwysgebied geweldig bevorder (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:7).

In 1905 is skoolrade in die lewe geroep. Die skole in Kakamas het onder Kenhardt Skoolraad geressorteer. Die skoolraad het vir die eerste keer op 2 Februarie 1906 vergader met ds. J.W.L. Hofmeyr en G. van der Merwe as die verteenwoordigers om die belange van Kakamas se skole te dien[1].

---

[1]Die ander lede was:

Magistraat J. Drysdale; Martin Lachs; A.J. Liebenberg; John Loxton; dr. J. Sinton; G. van der Merwe; Van Zyl en Theron (Burger, 1953:49).

https://etd.uwc.ac.za

Volgens die notule van die Skoolkomitee van Kenhardt, 1 Oktober 1906 en 'n brief aan die destydse Superintendent-Generaal van Onderwys, gedateer 8 Augustus 1906, het die Skoolraad in Junie 1906 'n kommissie uit die ouers en skoolbestuurders gekies om die skole te beheer. Die eerste skoolkomitee kom dus tot stand met ds. J.W.L. Hofmeyr as die eerste voorsitter (Steenkamp, 1944:53,54).

Ofskoon die onderwys nog mank gegaan het aan baie gebreke moet die NGKerk veel krediet, lof en waardering ontvang vir wat sy reggekry het sedert die stigting vanaf die eerste skooltjie, agt jaar gelede. Dit het van 'n private skooltjie tot 'n reus van 'n NGKerkskool ontwikkel en eventueel tot 'n staatsondersteunde skool onder beheer en bestuur van die Skoolraad en Skoolkommissie. Die meeste skole was private skole en het mettertyd opgehou om te bestaan.

P.E. Beyers, skoolhoof van die Sentrale Skool bedank gedurende Oktober 1906 sy pos en is deur mej. H.C. Olivier opgevolg. In 1906 was daar onder Beyers 230 leerlinge in die "Groot Skool" en in die takskool 30 leerlinge by Mej. Fourie, terwyl hulle in April nog 'n takskool sou begin met 30 leerlinge en twee onderwysers, onder andere Mej. Fourie van Jansenville (Die Kerkbode, 22 Februarie 1906:93). Sy is deur drie leerkragte bygestaan. In 1907 kon daar by Kakamas-Sentraal vier klaskamers aangebou word ten spyte van die stremmende faktore soos:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(a) Die ongunstige klimaat.
(b) Broodnodige fasiliteite.
(c) Afstand van die naaste spoorwegstasie.
(d) Die nog steeds nypende armoede.
(e) Gebrek aan fondse.

Die nuwe aangeboude klaskamers het in 'n groot behoefte voorsien (Steenkamp, 1944:54).

P.E. Beyers is in 1907 na die winkels oorgeplaas as superintendent. Mej. H.C. Olivier het hom opgevolg as skoolhoof. Sy het haar merk as onderwyseres gemaak. Sy het selfs leerlinge vir die derde jaar onderwyserseksamen

https://etd.uwc.ac.za

opgelei. Sy is deur drie assistente, Mejj. Fick, Coetzee en Van Rensburg bygestaan. Vanaf 1919 tot 1921 is die laaste groepie kwekelinge aan die skool opgelei. Die hoërskool het in 1923 op Kakamas begin. Uit my ondersoek het ek bevind dat daar uit die 865 kinders wat met die beter opvoedkundige fasiliteite bevoorreg was, is 147 in beroepe, 173 klerke in kantore, 72 het verder gaan studeer, terwyl 473 terug op die land is (Die Kerkbode, 12 Augustus 1936:307,308).

In 1908 het'n dringende behoefte aan 'n skool ten noorde van die Oranjerivier, te Noordvoor ontstaan. Na onderhandeling met die Skoolraad van Upington oor die gebou van sodanige skool aldaar te Noordvoor in die afdeling Gordonia geleë, is dit van die hand gewys. Intussen is daar reeds 'n skool op 1 Julie 1908 in 'n tent geopen met I. Botha as onderwyser. Teen die einde van 1908 het 'n tweede skool aan Noordvoor nodig geword. In die begin van 1909 is hierdie skool by Kliprug gevestig met Van Wyk as onderwyser (De Kerkbode, 29 Desember 1910:425,426).

Teen die begin van 1909 was daar reeds vyf skole in die Arbeidskolonie, te wete die Sentrale Skool met Mej. Olivier en haar vyf assistente, Hartbeesriviermond, 'n kerkskool waarin eerw. J. van Zyl gedurende die week onderwys gegee het en Sondae dienste gehou het, die Skool by Baviaanskrantz aan die punt van die Noordvoor, waar eerw. J.H. Oosthuizen onder dieselfde omstandighede onderwys gegee het as eerw. J. van Zyl, Kliprug waar van Wyk was en Kakamas-Oos met C.J. Zaaiman as Hoof en drie assistentonderwysers. Dit opsigself is 'n lofwaardige poging. Waar daar in 1906 net drie skole met 313 leerlinge was, was daar in 1909 reeds vyf skole met 'n leerlingtal van 570. Hartbeesriviermond is later verander na Alheit. Volgens Cornelissen heet dit na ds. W.A. Alheit, predikant, sekretaris en voorsitter van die Arbeidskoloniekommissie Kakamas (Cornelissen, 1978:5).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die skool te Baviaanskrantz is in 1910 na die huidige Cillie verskuif waar J.H. Collins in die begin van 1911 onderwyser geword het. In 1911 is 'n verplaasbare sinkskool te Marchand geopen met Van Wyk as onderwyser (Steenkamp, 1944:57).

Volgens die notule van die Direksie blyk dit dat die Sendingkerk ook reeds in

https://etd.uwc.ac.za

1925 oor aparte onderwys beskik het, want evangelis Hendrik Stuurman, een van die voorstanders van die NG Sendingwerkkring, is gevra om bedags onderwys te gee naas die gemeentelike werksaamhede. Op 'n direksievergadering van 27 April 1925 vra hy juis verlof om van die skoolwerk vrygestel te word, iets wat hom nie toegestaan is nie (Notule: NG Sendingwerkkring, 27 April 1925).

Blanke onderwyseresse het vir die Kleurlinge onderwys gegee, onder andere Mejj. Vlok en Blaauw (Onderhoud: Mej. M.M. Booysen, 2 April 1999). Langs die Benede-Oranjerivier te Upington het die blanke kinders saam met die Kleurling kinders skool gegaan, maar van Kakamas kan ons dit nie sê nie omdat ons geen bron hieromtrent kon vind nie. Op Keimoes was die kerk ook gebruik as skool vir die Baster en Blanke kinders (Cornelissen, 1978: 54, 92).

## 1.11 ONTWIKKELING OP LANDBOUGEBIED

'n Verskeidenheid en 'n groot hoeveelheid produkte is langs die Oranjerivier gekweek (Oosthuizen, 1921:13). Gedurende die tydperk sedert 1914 was die vernaamste produkte in die kolonie koring, mielies en boontjies. Die lusern bedryf was nie winsgewend nie vanweë die vervoermoeilikhede. Toe die spoorweg egter in 1926 tot by Kakamas verleng is, het daar as gevolg van die verwydering van die vervoerkwessie 'n groot verandering ingetree. Die spoorweg het verskillende markte binne bereik gebring. Winkels sowel as die koloniste het grootliks gebaat. Faktore op die finansiële gebied het in so 'n mate verbeter dat die jaarlikse kollektes van gemeentes dwarsoor die Kaapprovinsie wat tot die finansiëring van Kakamas bygedra is, na 1928 nie meer nodig was nie. Dit is gestaak.

Die teenwoordigheid van die spoorweg het ook aanleiding gegee tot die ontwikkeling van lusern en sultanaproduksie. Koringbou, dit wil sê, graansoorte het die gevestigde boerderyondernemings geword en gebly. P.J. Cillie, 'n bekende vrugteboer van Wellington kan tereg ook die "vader van sultanas" te Kakamas genoem word, daar die inisiatief om met sultanas te begin van hom uitgegaan het. Die produksie van sultanas het sy hoogtepunt

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

na 1936 begin bereik (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:8).

Teen 1919 is 'n deel van die grond ook vir vrugte kwekery, veral sitrusvrugte, gebruik. Die totale waarde van die oeste is op ongeveer R123 000 per jaar bereken, uitgesluit dié vir eie gebruik (Steenkamp, 1944:22). Volgens 'n berig in Die Kerkbode het die nedersetters sedert 1920 hulle besonders toegelê op die kweking van sultanas en met die laaste plantasieseisoen het die koloniste nie minder as een miljoen sultanastokke geplant nie. Geen moeite is ontsien om goeie gehalte gedroogte sultanas te produseer nie (De Kerkbode, 20 Junie 1923:831).

Met verloop van tyd het die Arbeidskoloniekommissie Kakamas sekere spesiale kredietgeleenthede toegestaan, naamlik winkelkrediet van R60 vir die eerste morg, R40 vir die tweede en R30 vir die derde morg ten einde die landboubedryf te ontwikkel. Dit was egter ontoereikend om die beste resultate op te lewer. 'n Groot hoeveelheid en verskeidenheid produkte word langs die Oranjerivier in Kakamas gekweek (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskoloniekommissie, 1945:8).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die NGKerk moet alle krediet kry vir wat hulle en die staat vermag het. Daarom let ons in die laaste instansie op die kerklike situasie.

## 1.12 DIE KERKLIKE SITUASIE

Die NGKerk Kakamas was die eerste kerk wat haar op Kakamas gevestig en met sendingwerk onder die Kleurlinge begin het. Die verhouding tussen die NGKerk en die NG Sendingwerkkring was `hartlik', oop en vriendelik (Onderhoud: Mnr Henry Karelse, 15 Februarie 1998).

Christelike Blankes en veral die Christelike Strewersvereniging het lank voor die totstandkoming van 'n eie NGKerk op Kakamas sendingwerk onder die Kleurlinge gedoen. Die Vroue-Sendingbond met Mej. Burger, 'n werkster onder die Kleurlingvroue en -dogters, het baie vir die Kleurlinge gedoen en

https://etd.uwc.ac.za

beteken. Dominees P. de Vos, P.J. van der Walt en P.J. Theunissen wat as hulppredikers behulpsaam was, het ook onder die Kleurlinge gewerk en in 1924 het die NGKerk vir evangelis Hendrik Stuurman in die NG Sendingwerkkring aangestel (Gedenkskrif, NG Sendingkerk, Kakamas, 1936-1979:4).

Volgens Hopkins het nie minder as sewentig Blankes die plaaslike sendingwerk onder die Kleurlinge gesteun en daarmee gehelp nie (Hopkins, 1978:215,216). Eerw. G.R. Oosthuizen was te Noordvoor behulpsaam met sendingwerk. Hy het by geleentheid 'n sangfees gehou ten bate van die sendingwerk en die mooi bedrag van R64,90 geïn. Hy het die laaste Sondag in Julie van die NGKerk Kakamas afskeid geneem. Botha, vroeër van Somerset-Oos, 'n onderwyser van beroep te Noordvoor het in 1908 die Sondagskool en bidure aldaar behartig. Hy is bygestaan deur 'n paar medewerkers. Een keer per maand en soms meer dikwels het ds. J.W.L. Hofmeyr die dienste gehou. Die sendelingonderwysers in die hoof- en takskole het ook geredelik met sendingwerk gehelp (De Kerkbode, 5 November 1908:574,575).

Menige werkkragte soos lekepredikers, kategete, sendingwerksters, voorlesers en kerkraadslede was almal op een of ander manier betrokke by sendingwerk onder die Kleurlinge. C.J. Zaaiman, die onderwyser, het elke eerste Sondag van die maand die kerkdiens by die NG Sendingwerkkring gelei terwyl direksielede J. Gresse en H. Swiegers om die beurt die derde Sondag van elke maand die dienste aldaar gehou het. Ds. P.J. Theunissen het altyd die aanddienste waargeneem (Notule: NG Sendingwerkkring, Direksievergadering, 27 Februarie 1926).

Mej. Burger wat as Vroue-Sendingbondwerkster onder die Kleurlingvroue en -dogters gewerk het, het weens die koms van eerw. C.J. Kriel elders gaan werk (Die Kerkbode, 26 Augustus 1936:422).

Die Christelike Strewersvereniging wat uit dertig lede bestaan het, het in Julie 1907 al meer as 'n jaar onder die godsdienstig verwaarloosde Basters en Koranas op die Arbeidskolonie gearbei.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die Christelike Strewersvereniging het elke Sondagnamiddag dienste in die twee en of drie `lokasies' of `kroeke' gehou. 'n Brandende begeerte het by hulle ontstaan om 'n klein kerkie vir die Kleurlinge op te rig. Aanvanklik wou hulle net 'n rietsteier of hartbeeshuisie bou, maar was bang dat die donkies dit vir voer sou aansien en opvreet. Ewenwel het hulle die kerkie van kleistene gebou met kleibanke en met beesmis gesmeer.

Die groepie Christelike Strewersverenigingslede het gereeld Sendingkonferensies en Sendingnaweke vir die Kleurlinge gehou (De Kerkbode, 7-9 Oktober 1910:377). Die eerste kerkie, wat R240 gekos het, is sonder skuld op Saterdagmiddag, 10 Julie 1907 ingewy.

Die inwydingsrede is gehou deur Ds. Charlie Hofmeyr, na 'n inleidende woord deur ds. J.W.L. Hofmeyr. Die Kleurlinge wat meestal uit gewone arbeiders bestaan het, het geblyk baie in hul noppies te wees met die belangstelling wat die Blankes in hulle sou gestel het. Dr. C.P. Theron en C.J. Zaaiman, wat 'n besondere belangstelling in die sendingwerk getoon het, was ook aanwesig.

Op die dag van die inwyding is 'n sendingbasaar en spesiale bykomende bydraes van belangstellende Blanke sendingvriende geïn (De Kerkbode, 22 Julie 1909:363).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die Saterdagaand is die voorbereidingsdiens deur ds. B.P.J. Marchand gelei. 'n Groepie nuwe kerkraadslede is by die geleentheid in hul onderskeie ampte bevestig. Die Sondagoggend het die gemeente nagmaal gevier. By die dankseggensdiens is elf kindertjies gekoop waaronder die eerste pastorieseun ook was. Sy naam was Jan Oranje - Oranje ter herinnering daaraan dat hy die eerste lewenslig aan die boorde van die Oranjerivier aanskou en ook aan die vorstelike huis wat 'n groot rol gespeel het in verband met die wording van die Gereformeerde Kerk. Die Sondagaand is gewy aan 'n Sendingkonferensie (De Kerkbode, 22 Julie 1909:341, 342). *Die Gereformeerde Kerk waarna hierbo verwys word, het in 1892 in Amsterdam amptelik ontstaan toe die Christelike Gereformeerdes hulle bereid verklaar het om van hulle kant die Reglement van 1869 op te hef en in die plek daarvan die Dordtse Kerkorde te stel. Sedert 1892 met die amptelike vereniging van die 2 kerke is daar besluit om voortaan slegs die naam Gereformeerde Kerke te gebruik (Algemene Kerkgeskiedenis Aantekeninge, Deel iv, Teologiese Skool vir die NG Sendingkerk, 1974:65).*

https://etd.uwc.ac.za

So het die NGKerk se sendingwerk onder die Kleurlinge op Kakamas uiteindelik gelei tot die stigting van 'n werkkring met 'n direksie en voorstanders.

Vandag is die NGKerk se nedersetting op Kakamas 'n bloeiende en florerende onderneming en dorp. Dié dorp hoef vir geen ander dorp terug te staan nie.

## 1.13 DIE EKONOMIESE EN SOSIALE SITUASIE

Daar bestaan nie veel geskrewe inligting oor die sosiale-maatskaplike situasie van die Kleurlinge oor hierdie tydvak nie. Baie van die Kleurlinge was deel van die herdersvolk. Hulle was primêr betrokke by vee-en-landbouboerdery en daarom het dit ook hul sosiale en maatskaplike situasie in verskeie opsigte beïnvloed. Hul samelewing was nie op grondbesit gebaseer nie. Die koloniste het van 'n "good-for" stelsel gebruik gemaak wat baie ongerief vir hulle veroorsaak het. *Die "good-for" was 'n voorskot, met ander woorde 'n gedeeltelike vergoeding in afwagting van 'n agterskot, op hul graanoeste wat nog moet volg.* 'n Kolonis verkoop byvoorbeeld sy koring aan die winkels vir 'n bedrag groter as sy skuld. In plaas van kontant te ontvang word aan hom 'n "good-for" vir die verskil toegestaan. Die daaglikse werkloon op Kakamas was 30 sent of 35 sent per dag (Voorlopig Rapport van de Kakamas Kommissie van Onderzoek, 1919:12). In 1930 het die Kleurlinge 'n maandelikse Staatspensioen van R1 ontvang. 'n Emmer meel het toe 31 sent gekos. Die Arbeidskoloniekommissie was die vernaamste werkverskaffer. Die Kleurlinge het maar bitter swaar gekry. Die meeste was maar gewone arbeiders, seisoenwerkers en dié wat baie gelukkig was, onderwysers. Die swaar hande-arbeid is deur die Kleurlinge gedoen en die meer kundige werk deur die Blanke. Per slot van sake was die verhouding altyd die van heer en dienskneg. Die Blanke man is 'as baas aangespreek' en die blanke vrou as `miesies'. Dit was die mees vernederende tyd in my lewe - gebore en getoeë in Kakamas. Die werk wat die Kleurlinge gedoen het, het hulle darem in staat gestel om in hulle eie onderhoud te kon voorsien.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die woningstoestande was baie primitief van aard, maar teen 1920 het die posisie van die nedersetters dermate verbeter dat die woningstoestande 'n redelike peil bereik het. Die Staat het 'n plattelandse behuisingskema ingestel. 'n Maksimum bedrag van R100 is aan elke nedersetter toegestaan met die doel om sy huis te verbeter. Die Kleurlinge is nie in die skema ingesluit nie. Die Kleurlinge se huisies was nog eenvoudiger. Hulle wonings was van riet-en-klei gebou (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie, 1945:9).

Die woningtoestand op Rhenosterkop was uiters onbevredigend. Bejaardes met huisvesting op Oranjerus is deeglik behuis met fondse wat van die Staat verkry is. Die proefhuurders het hulle hoofsaaklik in die armste tipe huis gevestig. Die toedrag van sake, dit wil sê, die swak behuising het die gesondheid van die inwoners van die gedeelte van Kakamas ernstig benadeel (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:9).

Die mense het nie by die Arbeidskoloniekommissie aangeklop vir hulp nie as gevolg van die droogte en watergebrek van 1916 en dit 'n groot tekort in die Arbeidskoloniekommissie se kas gelaat het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In Kakamas was werk baie skaars. Die kinders moes reeds op 'n baie vroeë stadium help met die inkomste wat baie wisselvallig was. Armoede en broodsgebrek was nie iets vreemds nie. In 1920 tot 1928 het die Arbeidskolonie te Kakamas heelwat welvaart geniet. Na hierdie tydperk het 'n geldskaarste gevolg en 'n aantal jare voortgeduur (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:16).

In 1873 het die NGKerk Sinode besluit om 'n "belangstellende skrywen" te rig aan werkgewers en werkers om hul te wys op die groot sonde van dronkenskap en hulle gevra om hul medewerking ten einde hierdie groot kwaad teen te werk. In 1880 het dieselfde Sinode gevoel dat die tyd aangebreek het dat daar onbepaalde pogings aangewend sal word om die sonde van dronkenskap te bestry. In 1912 het die predikant van Montagu, 'n ene dr. D.F. Malan in 'n preek die woorde gebruik, "Onze Kleurlingen worden naar lichaam en ziel verwoest" (Acta Synodi van die NG Sendingkerk,

https://etd.uwc.ac.za

1937:193). Dieselfde toestand het te Kakamas geheers. Onsedelikheid, hoerery en dronkenskap ressorteer onder die grootste sosiale euwels. 'n Baie onrusbarende werklikheid was dat dronkenskap toegeneem het onder moeders en kinders.

Die Blankes het nie die Kleurlinge as hulle gelykes aanvaar nie. Sosiale byeenkomste waar Kleurlinge en Blankes saam verkeer het was iets seldsaam. In die werksituasie is werkresevering streng toegepas in sover dit die Kleurlinge geraak het (Onderhoud: Mnr. Samuel Cloete, 24 Maart 1997).

Ras gemengde skole is nie toegelaat nie daarom het Blanke vrouens vir Kleurlinge apart onderwys gegee (Onderhoud: Mnr. Petrus Jacobs, 15 Mei 1996). Blankes het nie die gedagte gedeel dat Kleurlinge hul bure kan wees of in dieselfde woongebied mag woon nie.

Kleurlinge is as minderwaardiges en ondergeskiktes behandel indien hulle wel aanvaar is. Die Kleurlinge van Kakamas is sover my kennis strek nooit betrek of toegelaat om enige seggenskap te hê in sake wat die Blankes betref nie. Blankes het by blankes gekuier en Kleurlinge by Kleurlinge. Blanke ouers het hul kinders belet om met Kleurlinge bevriend te raak en of te meng en namate hulle groter geword het, het hulle outomaties van die Kleurlinge weggebreek (Onderhoud: Mnr. Samuel Cloete, 24 Maart 1997).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 1.14 BESIENSWAARDIGHEDE

Kakamas is 'n idilliese dorp. Toeriste kom en gaan al geslagte lank om Kakamas se talryke besienswaardighede van naby te aanskou. Die Augrabies-waterval is een van die vernaamste natuurwonders in Kakamas. Die naam Augrabies is in 1799 deur die Sweed, Hendrik Jacob Wikar, aangeteken toe hy in hierdie geweste op reis was. Die waterval was voorheen in privaatbesit. Dit is die enigste geval op rekord waar 'n waterval aan die Staat verkoop is. Op 23 Desember 1893 het wyle A.P. Nel 'n gedeelte grond, grootte 18 390 hektaar en bekend as Rooipad, waarby die Augrabies-waterval ingesluit is, aan die Staat vir 1 839 pond sterling (R19 390) verkoop. Augrabies is afgelei van die Namawoord "Aukoerebis" wat die plek van groot

https://etd.uwc.ac.za

geraas beteken (Bylaag tot die Gemsbok, 1996:29).

Die twee watertonnels, onderskeidelik sowat 97 en 172 meter lank in die Noordvoorkanaal is nog 'n besienswaardigheid op die dorp wat nie misgekyk moet word nie. Dit is in 1898 tot 1901 met pik en graaf gegrawe deur die destydse Kakamas-nedersetters aan weerskante van 'n klipkoppie op aansporing van Japie Lutz.

Dit getuig vandag van 'n ingenieursvernuf wat hoog aangeslaan word. Die kanaaltonnels lok ook talle toerisme.

Die Duitse grafte Monument wat ongeveer 4 km oos van Kakamas lê, is ook tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar. Die Duitse grafte vertel die tragiese verhaal van 'n bloedige geveg wat daar op 4 Februarie 1915 plaasgevind het. 'n Hewige geveg het tussen die Unietroepe en die Duitse mag tot die middag 12:00 gewoed, maar die Unietroepe se oormag was te groot en gesneuweldes is begrawe waar hulle geval het.
Sestien soldate is gevange geneem terwyl Luitenant Neethling gesneuwel het en in die kerkhof op Kakamas begrawe is (Cornelissen, 1978:51).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die ou transformatorgeboutjie in die hoofstraat van Kakamas, is gerestoureer en as museum ingerig. Dit is in 1914 gebou. Dit het krag aan 'n gedeelte van die dorp verskaf. Die datum op die gebou is in 'n Antieke Fenisiese of Klassieke Hebreeuse letters op die gebou geskryf en lees van regs na links. Omdat Kakamas en Egipte op dieselfde lengtegraad lê, dieselfde klimaat het en daar ook ooreenkomste tussen die Nyl en die Oranjerivier is, het die Switzerse ingenieur, herr. A.B. Hangartner, wat die transformatorgebou ontwerp het, besluit dat dit soos 'n Egiptiese tempel moet lyk. Die gebou is deur die Stadsraad van Kakamas oorgeneem en as 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar (Bylaag tot die Gemsbok, 1996:37).

Volgens 'n artikel in die Gemsbok beskik Kakamas oor die grootste wynkoöperasie in die wêreld, ten spyte van die feit dat die sinode destyds die maak of verkoop van bedwelmende drank verbied het (Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas, 1945:20). Vervolgens handel hoofstuk 2 oor die geskiedenis van die sendingwerkkring voor 1936.

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 2

## *DIE GESKIEDENIS VAN DIE SENDINGWERKKRING VOOR 1936*

### 2.1 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE SENDINGWERKKRING

Die ontstaan en ontwikkeling van die NG Sendinggemeente is die eindproduk van die sendingwerk van die NGKerk Kakamas. Dit kan egter teruggevoer word tot 1824 toe die Sinode van die tyd en vorige sinodes die wyse besluit geneem het dat daar in besonder aandag gegee moet word aan die bearbeiding van die heidene. Onder andere is daar besluit om *"middelen te beramen om bevorderen, welke rondreizende sendelingen in dit uitgestrecht en wydbevolkt land ondersteunen"* (Steenkamp, 1953:195).

In 1824 is die eerste sinode van die NGKerk gehou waartydens die amp van die sendeling ingestel is. Geleidelik het die NGKerk en sy gemeentes hul sendelingtaak uitgevoer (Adonis, 1982:21).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Reeds in 1871 het die sendingwerk van die NGKerk in Kakamas 'n aanvang geneem en in 1877 was dit in volle swang bedryf. Teen 1876 het Ds. De Villiers gepleit dat 'n sendinggemeente laer af langs die Oranjerivier gestig behoort te word, aangesien hy die werk vir Eerw. Schröder te veel geag het en noem Kakamas as die geskikte standplaas (Oosthuizen, 1921:16).

Eerw. Schröder is op 13 Oktober 1872 as sendeling in Worcester georden. Hy het op 28 Augustus 1871 reeds die beroep per brief aanvaar om onder die Koranas langs die Benede-Oranjerivier sendingwerk te gaan doen. Vanaf 1872 het hy by Kakamasdrif sendingwerk onder die Koranas gedoen (Oosthuizen, 1921:15,16).

https://etd.uwc.ac.za

Kaptein Pofadder, kaptein van die Koranas wat te Kakamas-drif gebly het, het die plaas Kakamas-Noord op 17 Januarie 1876 per dokument aan die algemene Sendingkommissie van die NGKerk geskenk vir sendingwerk. Die plan het egter nie gerealiseer nie en na die Korana-oorlog is die plaas opgedeel en aan die Basters gegee (Erwee,1980:292 en Oosthuizen 1921:17). Wie of wat is 'n Baster? Enkele Damaras en Xhosas is van tyd tot tyd saam met die Kleurlinge met die evangelie bereik. Hulle is later by die Sendingwerkkring betrek en nog later by die gestigte sendinggemeente ingeskakel, maar as gevolg van taalprobleme was dit nie baie suksesvol nie.

Op 8 September 1877 het ds. W.P. de Villiers van Carnarvon aan die Algemene Sendingkommissie geskryf en hulle van Eerw. Schröder se eienaardige probleme meegedeel waarmee hy te kampe gehad het. Een van Eerw. Schröder se oë moes in Kaapstad tydens die sinodesitting verwyder word en van tyd tot tyd het hy epileptiese aanvalle gekry. Ds. W.P. de Villiers verklaar dat die werk vir Schröder te veel geword het.

In 1879 moes Schröder vir sy lewe vlug weens die Korana-oorlog. Met die koms van die Blanke- en Basterboere was die Koranas verplig om hulle te beskerm teen die indringing van Blanke- en Basterboere. Die Koranas het hulle verdedig teen ander mense wat hulle gebied binne gekom het en hulle veiligheid bedreig het. Dit het vir hulle al moeiliker geword om hulle te handhaaf omdat die jagruimte verminder het as gevolg van die indringers.

Hulle moes hulle dus ten alle koste teen die indringende Blankes beskerm. Goedgesinde Koranas het vir Schröder gewaarsku. Op die dag van die uitvoering van die plan, is die Schröder-gesin oor die rivier per vlotte na veiligheid geneem. Eerw. Schröder, wat die dag moes preek, het onder 'n lang gesang ongesiens by die agterdeur uitgesluip. Hy het met 'n blok deur die rivier geswem en die naaste Blankes bereik en hulle gewaarsku om te vlug. Hy het tot 1883 op Witsieshoek gewerk waarvandaan hy teruggeroep is na Olyvenhouts-drif, die teenswoordige Upington (Oosthuizen, 1921:16,17).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

In 1898 was Schröder leraar van die NG Sendinggemeente Upington. In die daaropvolgende jaar, op 24 April 1899, neem die Uitvoerende Komitee van die Arbeidskoloniekommissie op Upington die volgende besluit ten opsigte van 'n salarispakket vir Eerw. Schröder: *"De Uitvoerende Komitee overtuigd zynde van de hoge noodzaaklikheid van de betrekking van een algemene Bestierder onzer Arbeidskolonie, en van die besondere geskiktheid van de eerw. Schröder, besluit hom aan te bieden teen 'n salaris van R400 per jaar"*. Nadat hy die nodige reëlings in verband met sy sendingwerk getref het, het Schröder die betrekking te Kakamas aanvaar. Dit het hom die geleentheid weer gebied om verder te gaan met sy sendingwerk onder die Basters (Oosthuizen, 1920:19).

Die Blanke lidmate van die NGKerk het kollektief en afsonderlik aandag aan die geestelike heil van die Kleurlinge geskenk. Mev. Schröder het haar man getrou bygestaan in die geestelike bearbeiding van die kolonie. Weekliks is tot vyf vroue-bidure in vyf wyke gereeld gehou. Die eerste nagmaal te Kakamas het in 1898 plaasgevind. Die gemeente was nog steeds deel van die "moedergemeente" van Kenhardt en behorende tot die ring van Beaufort-Wes (Argief Boekery, GG-97(P), NGKerk, Kakamas, 1965:2).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Ongelukkig is Schröder deur die Engelse militêre troepe op 2 April 1900 op Kakamasdrif in hegtenis geneem. Hy het sewe maande in Upington in die tronk deurgebring en 'n paar maande op Kenhardt waar hy op borgtog vrygelaat is. Uiteindelik is hy in Kimberley verhoor en met vyfhonderd pond beboet plus nege maande tronkstraf in Tokai. Sommige van die Basters vir wie hy alles veil gehad het was van sy sterkste teenstanders (Cornelissen, 1978:37).

In 1898 het die Binnelandse Sendingkommissie van die NGKerk die plase Kheikaries en Rooiberg vir R2 448 van die Arbeidskoloniekommissie aangekoop vir die doeleindes van sendingwerk. Kheikaries lê reg teenoor groot Perde-Eiland (Erwee, 1980:294). Die aankoop van 'n derde plaas was ook in die vooruitsig gestel, maar moes tydelik op die lange baan geskuif word weens die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, (1899-1902), deels vanweë die vyandige gesindheid tussen Boer en 'Border Scouts' (Kleurlinge), die Basters, deels weens die deportasie van Eerw. Schröder op 2 April 1900 na Tokai deur

https://etd.uwc.ac.za

die Engelse bewindhebbers en deels weens die tydelike oorname van die NG Sendingkerk van Upington deur die 'Congregational Union' (Die Ligdraer van die NG Sendingkerk, Jaargang 47, Nommer 15, 16 Augustus 1986:225).

Kakamas het geen geringe rol in die Anglo-Boereoorlog gespeel nie. Uit 'n artikel in die Volksblad blyk dit dat die Republikeinse soldate reeds op 25 Februarie 1900 Kakamas bereik het. Na 'n vergadering in die huis van Jan Redelinghuis, naby die huidige Hoërskool Martin Oosthuizen, is die vierkleur by die polisiekantoor (destyds 'n end wes van die huidige spoorwegstasie) gehys. Die eerste skermutseling het einde Maart by Putsies, 'n plaas, plaasgevind waarvandaan die Britte met een gewonde soldaat op vlug geslaan het. Die 'Border Scouts' (Kleurlinge) onder die Britse offisiere het die Engelse gehelp veg teen die Blankes (Die Volksblad, 11 September 1998).

Nagenoeg die ganse distrik, Prieska en Gordonia was onder die wapen. Die basters was tot agthonderd man sterk. Hulle het onder Britse offisiere wapendiens gedoen. By die slag van Narugas tussen Kenhardt en die rivier is sewentien gedood, 'n onbekende getal gewond en op die slagveld agtergelaat. Slegs nege het bly leef om die tragiese verhaal oor te vertel. H.L. Jacobs is in die voet gewond en A.C. Jooste is gevang en op Kenhardt tot die dood veroordeel weens rebellering en is op 24 Junie 1901 naby die dorp tereggestel (Cornelissen, 1978:38).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Teen Augustus 1900 is Kakamas nog steeds as 'n wyk vanuit Kenhardt as 'n kerklike wyk bedien. Eerw. Schröder het die Arbeidskoloniekommissie in die NGKerk Kenhardt as ouderling verteenwoordig. Blanke erfhouers het aangegroei tot 'n sterk gevestigde gemeenskap.

Eerw. Schröder het eers weer op 19 April 1902 na die Anglo-Boereoorlog sy opwagting in Kakamas gemaak. Toe hy in 1903 vrygelaat is was die toestand van sy gesondheid nie goed nie. In Julie 1905 het sy gesondheid hom gedwing om te bedank as superintendent en ook as leraar van die Arbeidskolonie (Cornelissen, 1978:38). Hy skryf vanuit Upington: *"Ik kreeg mijn dimissie alz zendeling hier van de Zending Commissie, doch myn lichaams-gestel was zoo geschokt, de gesondheid zoo gebroken, dat ek na twee jaren voortsukkelen aldaar my genoodzaakt zag myn ontslag te vragen*

https://etd.uwc.ac.za

*wegens lichamelike zwakheid"* (Oosthuizen, 1921:22).

Op 4 April 1904 het die NGKerk Kakamas 'n aparte NGKerk werkkring van die NGKerk Kenhardt geword. Die te worde gestigte NGKerk Kakamas het in 1905 vir ds. J.W.L. Hofmeyr as eerste superindent en leraar aangestel.

Eerw. Schröder het in Mei 1905 Kakamas vaarwel toegeroep en sy laaste jare op Upington deurgebring en die gemeente aldaar as ouderling gedien en dikwels in die afwesigheid van Ds. Hugo die kerkdienste waargeneem. In 1912 is hy in Upington oorlede en aldaar ter ruste gelê.

So het eerw. C.H.W. Schröder 'n belangrike bydrae gelewer om die grondslag van die toekomstige NG Sendinggemeente Kakamas daar te stel wat die tweede oudste NG Sendinggemeente langs die Benede-Oranje geword het naas Upington (Oosthuizen, MJ, 1921:22).

## 2.2 DIE DIREKSIE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die direksie van die Arbeidskolonie het as bestuur van die Kakamas werkkring opgetree. Teen April 1925 het 'n groepie 'voorstanders', die 'kwasi-kerkraad' uit vier lede bestaan wat gereeld vergaderings gehou het om die gemeentelike werksaamhede te bespreek[1]. Die NGKerk Kakamas was verantwoordelik vir die evangelis se salaris (Notule: NG Sendingwerkkring, Direksievergadering, 27 Februarie 1926).

[1]Die 'kwasi-kerkraad' het bestaan uit die evangelis, Hendrik Stuurman, die sekretaris, C.J. Zaaiman, ouderling Jan Jacobs, die koster en ouderling Nicolaas Christiaan.

https://etd.uwc.ac.za

Die direksie het gereeld en getrou van hul werksaamhede wat ingesluit het, openbare godsdiensoefeninge, bediening van die sakramente, bidure, huisbesoek, Sondagskool- en Dagskoolaangeleenthede, weeklikse katkisasieklas en finansies aan die NGKerk verslag gedoen (Notule: NG Sendingwerkkring, Direksievergadering, 27 Februarie 1926). Op 5 Maart 1927 is 'n nuwe lid tot die direksie gekies in die persoon van ouderling Stefanus Cloete (Notule: NG Sendingwerkkring, Direksievergadering, 5 Maart 1927).

Die kerkregtelike gronde vir die bestaan van die direksie word bevraagteken veral oor sy hantering en beheer van die fondse van 'n ander gemeente. Smith wys daarop dat die 'kerkraad' van die NG Sendingwerkkring nie selfstandige besluite kon neem nie omdat al sy besluite egter onderhewig was aan die goedkeuring deur die Sendingdireksie van die NGKerk Kakamas. Hierdie praktyk is nie in ooreenstemming met die aanvaarde Gereformeerde Kerkreg beginsels nie. (Smith, 1972:8).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In 1931 is die direksielede heraangestel. Op dié tydstip het die NG Sendinglidmate al 'n werkkring gevorm. Goedgesinde blanke lidmate het aan die NG Sendingwerkkring grond en geld geskenk waarmee sendingskool-kerksaaltjies oral opgerig is, byvoorbeeld in Cillie, Alheit en Truter. Met verloop van die tyd is die eerste sendingkerkie opgeknap en van 'n doopvont voorsien. Jaarlikse sendingbasaartjies is gereeld gehou. Op die wyse is die broodnodige fondse vir die plaaslike sendingwerk ingesamel (Notule: NG Kerk, Kakamas, G181, 1/3, 8 Mei 1935:35).

## 2.3 DIE KLAGTE TEEN DIE EVANGELIS

Evangelis Hendrik Stuurman was net vir twee jaar in die gemeente aangestel. Sy tyd het in Augustus 1927 verstryk, maar dit het geblyk dat sy werktyd verleng is, want op 19 Desember 1927 was hy nog steeds in die gemeente werksaam as evangelis. Volgens die notule van die direksie is hy daarvan beskuldig dat hy nie oral huisbesoek gedoen het nie. Die direksie het later onder die voorsitterskap van Ds. Shaw die evangelis berispe en besluit dat hy

https://etd.uwc.ac.za

ten minste eenmaal per jaar 'n algemene huisbesoek moet doen ten einde ook die nie-lidmate te bereik. Die perd in plaas van die fiets wat die evangelis gevra het, is hom geweier (Notule: NG Sendingwerkkring, 11 Oktober 1927).

## 2.4 KERKKOOR

Die kerkkoor is saamgestel uit die bestaande gemeentelede en lede van die katkisasieklas. Vanweë probleme in die koor, is die koor ontbind tot tyd en wyl die direksie besluit het wanneer die tyd ryp is om weer 'n koor te hê. Die kerkkoor is ontbind omdat sommige koorlede hulle aan wangedrag skuldig gemaak het (Onderhoud: Mnr Petrus Jacobs, 19 September 1999). Voorstander Izak Coetzee is as koorleier aangestel (Notule: NG Sendingwerkkring, Direksievergadering, 19 Desember 1927).

## 2.5 BARMHARTIGHEIDSDIENSTE

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die NG Sendingwerkkring het nie oor fondse vir barmhartigheidsdienste beskik nie. Wanneer lidmate om hulp by die direksie aangeklop het, is hulle na die NG Kerkraad verwys. Die lidmate Jan Moses, Mina Rediga en "Ou" Anna is sprekende voorbeelde. "Ou" Anna en die ander persone was lidmate van die NG Sendingwerkkring (Notule: NG Sendingwerkkring, Direksievergadering, 27 Februarie 1926).

## 2.6 VERGADERINGS IN DIE KERKGEBOU VAN DIE NG SENDINGWERKKRING

Op 5 Maart 1927 het die direksie besluit dat geen vergaderings in die NG Sendingwerkkring gehou mag word nie anders as godsdienstige en wat in verband met die werksaamhede van die gemeente of in belang van die kerk staan. Al hierdie werksaamhede het die weg tot gemeentestigting gebaan.

https://etd.uwc.ac.za

Die rede waarom vergaderings in die geboue van die NG Sendingwerkkring verbied is, moet gesien en gelees word teen die agtergrond van die talle reëls wat vir die Kleurlinge van Kakamas gegeld het (Notule: NG Sendingwerkkring, Direksievergadering, 5 Maart 1927).

## 2.7 DIE STIGTING VAN DIE NG GEMEENTE

Inmiddels het die arbeidskolonie gegroei en ontwikkel tot 'n selfstandige gemeente van die NGKerk.

Die NG Gemeente Kakamas het reeds in 1893 as wyk saamgekom vir kerkdienste. In 1904 het die lidmate self 'n steengebou opgerig wat as skool en kerk gedien het. Met verloop van tyd is nog twee klaskamers aangebou. In 1905 is ds. J.W.L. Hofmeyr as leraar en superintendent van die Arbeidskolonie aangestel. Die pastorie is in 1906 gebou. Ds. Van Heerden van Kenhardt het die hoeksteen van die pastorie op 27 Januarie 1906 gelê. Aan die nuwe superintendent is ook die toesig van die boekhouding van die ganse Arbeidskolonie opgedra (De Kerkbode, 10 November 1910:314).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die Ring van die NGKerk Beaufort-Wes het op 23 Julie 1911 die Heilige Nagmaal aan die lidmate van Alheit, Marchand en Kakamas bedien. Op 29 Julie 1911 het die Ringskommissie bestaande uit dominees H.J.L. du Toit en A.J. van Wyk weer eens vergader en die Arbeidskolonie tot 'n afsonderlike selfstandige gemeente van die NGKerk Kakamas gestig. Die sieletal was 2 400 en die lidmaattal 900 (De Kerkbode, 10 Augustus 1911:454).

Die Arbeidskolonie in wie se hande dit gelaat is om 'n dienskneg vir die nuwe gemeente te beroep, het 'n vergadering belê waarby ds. J.W.L. Hofmeyr, superintendent van die kolonie aanwesig was. Lidmate van die gemeente het hom gevra om homself vir die beroep beskikbaar te stel terwyl J.H. Conradie van die kerkkantoor die betrekking van superintendent van die Arbeidskolonie aangebied is.

Op 30 Julie 1911 is ds. J.W.L. Hofmeyr dan ook as eerste leraar van die nuutgestigte gemeente deur di. A.J. van Wyk en H.J.L. du Toit voorgestel. Die

https://etd.uwc.ac.za

bevestigingsrede is deur ds. A.J. van Wyk gelei na die inhoud van 2 Korinthiërs 2:17 (De Kerkbode, 10 Augustus 1911:454). Die pastorie is in 1906 gebou en betrek.

## 2.8 DIE NG SENDINGWERKKRING KAKAMAS

Kriel is van mening dat die lidmate van sowel die NGKerk as die van die NG Sendingwerkkring nie alleen ryp vir die stap was nie, maar het dit selfs begroet as die gesonde weg waarlangs die sendingwerk na soveel jaar op georganiseerde grondslag met seën bevorder kon word (Kriel, 1961:82). In 1907 is die eerste afsonderlike kerkgebou op 'n koppie te Kakamas vir die Kleurlinge gebou waar die sakramente apart aan hulle bedien is. Op Marchand ongeveer 20 kilometer vanaf Kakamas is ook nog 'n kerkie in die vooruitsig gestel (Die Ligdraer van die NG Sendingkerk, 1988:226). Intussen het drie onbekende kleurling ambagsmanne uit eie beweging 'n konsert gehou en met die fondse die kerkie opgeknap en herstel (Notule: NG Sendingwerkkring, 1934:48).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Op 25 Augustus 1917 is die NGKerk kerkgebou op Marchand feestelik ingewy en in 1927 is Marchand amptelik as 'n aparte gemeente afgestig (Argief Boekery, GG-97(P), NGKerk, Kakamas, 1965:4).

In 1914 het die Binnelandse Sendingkommissie volgehou en hul belangstelling gehandhaaf deur R60 aan die Kerkraad van Kakamas te skenk vir 'n sendeling. In 1915 is die sendingwerk aan die scriba van die NGKerk opgedra teen 'n geringe vergoeding van R120 per jaar. Die Sendingkommissie en die plaaslike Manne-Sendingbond en Vroue-Sendingbond het elk die helfte van die bedrag bygedra (Erwee, 1980:296).

In 1921 het die kerkraad van Kakamas die Binnelandse Sending Subkommissie versoek om die dienste van 'n evangelis te verkry om die Basters en Koranas geestelik te bearbei. Die Koranas was tevore bekend as die Kora of Gorachonkwa (Muller, 1975:93). Volgens die notule van 27 April 1925 het die Sendingwerkkring Direksie wel 'n evangelis aan die begin van

https://etd.uwc.ac.za

1925 aangestel, naamlik evangelis Hendrik Stuurman. Die evangelis het gereeld en getrou van sy werksaamhede deur die Sendingdireksie aan die NGKerk Kakamas verslag gedoen. Die Ring van die NGKerk Kimberley het in 1928 hom sterk beywer vir die stigting van 'n Sendinggemeente te Kakamas en het die Binnelandse Sending Subkommissie se samewerking in dier voege gevra. 'n Waarborg ten bedrae van R470 is bekom. Die lidmaattal was reeds 70 en die sieletal 400 sterk binne die gemeente van Kakamas. In 1926 is die kerkie teen 'n koste van R2 000 vergroot en twee jaar daarna versoek die Ring van die NG Sendingkerk Kimberley die NGKerk te Kakamas om die Sendinggemeente te Kakamas te stig (Erwee, 1980:296)

Op hierdie stadium het daar van oral stemme opgegaan dat die werkkring as 'n selfstandige gemeente tot stand moet kom. So het die Ring van die NG Sendingkerk van Kenhardt die wenslikheid uitgespreek dat daar tot die stigting van 'n Sendinggemeente oorgegaan moet word, aldus Steenkamp (Steenkamp, 1953:148).

Op 9 April 1928 tydens 'n Kerkraadsvergadering van die NG Sendinggemeente Upington het die kerkraad ook sy beleid tot afstigting verklaar. Terselfdertyd het die kerkraad ook gespesifiseer hoedat die grense ingeval van afstigting daaruit sou sien, maar die Ring van die NG Sendingkerk het egter besluit dat die tyd nog nie ryp is nie (Steenkamp, 1953:148).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op die sinode van die NG Sendingkerk in 1932 was die stigting van werkkringe tot volwaardige selfstandige gemeentes 'n saak van aktuele belang. Die sinode was van oordeel dat dit in belang van die NGKerk en NG Sendingkerk is dat die besluit van 1894 in alle opsigte uitgevoer moet word, naamlik dat alle werkkringe *"in verband gesteld moet worden met de naastgelegen sendinggemeente totdat sulk middelpunt tot een zelfstandige sendinggemeente gesticht word, van de zendingkerk"* (Acta Synodi, NGKerk 1894:50-51).

Hierdie standpunt en opdragte van die sinode het vrugte afgewerp, want gedurende die reses is vyf sulke werkkringe afgestig waarvan Kakamas een was (Kriel, 1961:154).

https://etd.uwc.ac.za

## 2.9 GEESTELIKE BEARBEIDING EN GROEI VAN DIE NG SENDINGWERKKRING

Die gemeente het reeds oor 'n pastorie en 'n kerkgebou beskik. Die oggenddienste is deur die NGKerk se kerkrade waargeneem terwyl die sendingkerk se kerkrade Sondag- en Woensdagaande se dienste behartig het. Die Normaalklas vir Sondagskoolonderwysers is deur 'n Mej. Burger waargeneem. In hierdie klas is elke Sondag se lesse met die onderwysers behandel en bespreek. Huisbesoeke is vooraf aangekondig soos dit per wyk sal geskied (Aankondigingsboek, NG Sendingwerkkring, 9 Augustus 1934). Dronkenskap en onsedelikheid is van meet af aan kragtig bestry. Die eredienste is al beter bygewoon en huisbesoeke het redelik vrugte afgewerp.

Sondagskool is elke Sondagmiddag om 16:00 gehou. Daar is voortdurend 'n beroep op die ouers gedoen om die kinders na die Sondag- en dagskole te stuur. Die Sondagskool is soos dié van die NGKerk ingerig. Dieselfde lesse, handleidings en katkisasieboeke is gebruik. Gereelde kinder- en jeugdienste is gehou en die jongdogters het gereeld vergader (Aankondigingsboek, NG Sendingwerkkring, 22 Maart 1936).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vroueverenigings, soos die Christelike Sustersbond is gestig op voetspoor van die NGKerk se Vroue Sendingbond (Kriel, 1963:237). Vroeë oggendbidure was van die begin af 'n belangrike geestelike aktiwiteit. Shaw en sy gade was die sending baie goedgesind en het die werk onder die Kleurlinge met toegewydheid en trou opgeneem met behulp van die plaaslike Vroue-Sendingbond, Manne-Sendingbond en Kinderkrans.

Die Blanke sendingvriende was behulpsaam met die hou van Katkisasieklasse en Sondagskool. Oral op die nedersetting was dit die geval onder die wakende oog en toesig van die Sendingdireksie, saamgestel deur die NGKerk oor die sendingwerk (Steenkamp, 1953:147).

Die gemeente het in 1931 te Lutzburg 'n gerieflike gebou opgerig waartoe die kerkraad mildelik bygedra het. Die kerkraad het ook 'n pastorie te Kakamas gebou en dit na voltooiing verhuur solank dit nie nodig was vir 'n sendeling nie.

https://etd.uwc.ac.za

Die vergadering van die NGKerk was verder van oordeel dat daar nie oorgegaan moes word tot die stigting van 'n sendinggemeente en die beroep van 'n sendeling alvorens die salaris vir die eerste jaar nie in die kerkkas is nie. Sendingkerksaaltjies is oral in die buitewyke, naamlik in Cillie, Alheit en Truter opgerig. Sendingbasare is gereeld gehou veral tydens nagmaaltye om die salaris vir die sendeling in te samel (Notule: NGKerk, Kakamas, 25 September 1933). Op 8 Mei 1935 het die kerkraad geoordeel dat die tyd aangebreek het om 'n voorwaartse stap te neem in verband met die plaaslike sendingwerk. Daarom het die vergadering aan die voorsitter opdrag gegee om 'n jonge, broeder sendeling te soek wat tydelik die werk in die gemeente sal kom doen. Die som van R20 per maand en sy reiskoste tot op Kakamas is vir hom aangebied. Die NG Kerkraad het aan die vertrekkende student ene Louw 'n geïllumineerde adres aangebied as blyk van dank en waardering vir die dienste wat hy gelewer het (Notule: NGKerk, Kakamas, 8 Mei 1935).

Drie name van sendelinge is aan die NGKerk ter tafel gelê. Die direksie van die Arbeidskolonie het die drie name aan die kerkraad voorgedra. Die Binnelandse Sendingkommissie van die NGKerk het in samewerking met die NG Kerkraad, Kakamas, die dienste van sendelingkandidaat C.J. Kriel gekry. Aan hom is 'n trapfiets gegee waarmee hy vanaf Neus tot by Perde-eiland die werkkring deurkruis en die werk georganiseer het. Hy het hom die lot van die Kleurlinge aangetrek. Sendingwerk onder die Kleurlinge het in die periode stewiger inslag begin vind. Die eerste vrugte op die dikwels moeisame arbeid was al merkbaar (Die Ligdraer van die NG Sendingkerk, Jaargang 47, Nommer 15, 16 Augustus 1986).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens 'n artikel in die Kerkbode het die NGKerk Kakamas op Vrydagnamiddag, 28 Februarie 1936, hul dankfeesbasaar gehad. Saterdag het die leraar van die NGKerk, ds. P.J.B. Shaw, die voorbereidingsdiens gelei. Die Sondagmôre het eerw. C.J. Kriel die aksiediens waargeneem en ook die namiddag die nabetragtingsdiens (Die kerkbode, 18 Maart 1936:541).

Op 15 Februarie 1936, is eerw. C.J. Kriel verwelkom as tydelike werker onder die Kleurlinge met die oog op die stigting van 'n afsonderlike Sendinggemeente te Kakamas. Sy boodskappe het 'n diepe indruk gemaak.

https://etd.uwc.ac.za

Die Sondagaand 30 Februarie 1936 het hy in die sendingkerk opgetree. Die kerkgebou was stampvol en selfs die konsistorie was vol gepak.

Sommige het buite by die vensters gestaan. Hy het beslis die harte van beide Blankes en Kleurlinge gesteel (Die Kerkbode, 18 Maart 1936:541). Nadat hy verder die werk aangevoer en georganiseer het, is hy op 1 Augustus 1936 as sendeling/leraar georden (Steenkamp, 1953:149).

Uiteindelik was die NGKerk Kakamas tevrede dat die twee doelwitte wat hy vir homself gestel het, naamlik die bou van 'n pastorie en die vind van die fondse. Vir die emolumente sou die kerkraad van Kakamas, NGKerk Marchand, die Binnelandse Sendingdireksie en die te worde gestigte Sendinggemeente sorg. Die stigting van 'n Sendinggemeente te Kakamas is inderdaad tot 'n punt gevoer. In Julie 1936 het die NGKerk Kakamas haar 25ste bestaansjaar feestelik gevier (Notule: NGKerk Kakamas, 25 September 1935).

## 2.10 DIE STIGTING VAN DIE NG SENDINGGEMEENTE KAKAMAS

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op Vrydagaand, 9 Oktober 1936 met die amptelike stigting van die gemeente, het die NGKerk Kakamas 'n mylpaal in die geskiedenis van die plaaslike sendingwerk bereik. Die Ringskommissie van die NG Sendingkerk Ring van Kimberley[1] het oorgekom om die werkkring, wat al byna 29 jaar oud was tot 'n selfstandige gemeente te stig (Die Kerkbode, 28 Oktober 1936:849).

Die Kommissie het teen die aand om 19:00 aan die pastorie van ds. P.J.B. Shaw bymekaargekom om uitvoering te gee aan artikel. Genoemde artikel het bepaal:

[1]Die lede van die Ringskommissie was eerww. J.J. Fourie van Britstown, B.F. Oosthuizen van De Aar en P. Mans van Vosburg.

https://etd.uwc.ac.za

(i) Dat die ringscriba waartoe die gestigte gemeente behoort kennis moet gee van die gestigte gemeente en dat die stigting voltooi is, haar naam, grenslyne, name van die benoemde kerkraadslede, die konsulent en onder watter ring die nuwe gemeente resorteer; en

(ii) Dat hy ook kennis moet gee aan die Scriba-synodi wat dit sal publiseer in die amptelike organe van die NG Sendingkerk (Wette en Bepalinge vir die bestuur van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, 1928:32 en 47).

Die Kommissie bepaal voorts dat:

(i) Die naam van die gemeente die Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeente Kakamas sal wees.

(ii) Die grenslyne, die grense van die Arbeidskoloniekommissie Kakamas sal wees; en

(iii) Die Kerkraad uit 14 lede sal bestaan[1] (Notule: NGKerk Kakamas, 12 Augustus 1936).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

---

[1]Ouderlinge

Andries Coetzee, Floris Bok, Karolis Barend Beukes, Jakobus Stephanus Cloete, Stephanus Cloete en Sarel Hendriks.

Diakens

Dirk Blaauw, Willem Michael Steenkamp, Joseph Cloete, Thomas Johannes Jansen, Piet Scheepers, Thys Petrus Jacobus Gouws, John Jansen en Willem Bezuidenhout (Notule: NG Sendinggemeente Kakamas, 9 Oktober 1936).

https://etd.uwc.ac.za

Die lot beslis dat aan die einde van 1937 sekere vier ouderlinge aftree[1]. Skriftelike kennisgewing van hulle benoemings word aan Eerw. Kriel oorhandig met die versoek om hulle dit ter hand te stel om uitvoering te gee aan artikel 18(b), dit wil sê die eerste ouderlinge en diakens soos deur die ring of ringskommissie benoem, soveel moontlik uit lede van die gemeente wat reeds as sodanig gedien het. Hulle sal nà die aankondigings soos deur die wet bepaal deur die konsulent bevestig word (Wette en Bepalinge vir die bestuur van die NG Sendingkerk van Suid-Afrika, 1932:16).

Op 2 Desember 1936 is Kriel eenparig as eerste leraar van die NG Sendinggemeente Kakamas beroep (Handelinge van die Ring van Kenhardt, SK-R 17/1, 6 Oktober 1938: 12 en Kriel, 1961:294). Die lidmaattal het nou op 340 gestaan met 100 katkisante in die katkisasieklas (Smith, 1978:215). Op die groslys het net Kriel se naam verskyn. Hy is dus as die gekose leraar verklaar en is kragtens artikel 250(1) beroep (Notule: NGKerk, Kakamas, 2 Desember 1936).

Sy salaris is op 250 pond (R500) per jaar vasgestel en soos volg gevind:

1. Die sendinggemeente was verantwoordelik vir 'n derde van die 250 pond (R500).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

2. Vir die ander twee-derdes staan die NGKerk Kakamas borg. Hiervan sou die Arbeidskoloniekommissie 50 pond per jaar gee. Die NGKerk Marchand sou sy bes doen om ook 'n jaarlikse bydrae van 50 pond hiervan te stort (Notule: NGKerk Kakamas, 2 Desember 1936).

---

[1]Die ouderlinge wat moes aftree was: F. Bok, K.B. Beukes, S. Cloete, T.H. Jansen en W. Bezuidenhout.

https://etd.uwc.ac.za

Tot konsulent is benoem die leraar van Upington, ds. D.H. Joubert wat op 10 Oktober 1936 deur ds. C.H. Kruger van Frazerburg onder blyke van groot belangstelling op Upington ontvang en bevestig is. Die gemeente het geressorteer onder die Ring van die NG Sendingkerk van Kimberley. Om half agt het die kommissie met die gemeente in die Sendingkerk vergader (Die Kerkbode, 28 Oktober 1936 en Kriel, 1961:133).

Almal was in 'n opgewekte stemming. Eerww. Oosthuizen van De Aar en Fourie van Britstown het die plegtigheid gelei.

Die voorsitter van die Ringskommissie, Eerw. Oosthuizen het laat sing uit Ps. 100 en nadat hy voorgegaan het in gebed, lees hy uit Joh.10 en 1 Kor.13. Hy spreek enige gedagtes uit in verband met die gebeurtenis, waarna die scriba die besluit van die Ringskommissie insake artikel 70 en 80 voordra (Notule: NG Sendingkerk, 1936:267). Die verwagting was dat dit een van die sterk gemeentes in die kerk sou word. Artikel 80 handel oor die uitspraak van die sinode. Wanneer die kerkraad en die ring oor sake nie tot 'n gelyk kan kom nie, is die uitspraak van die sinode beslissend, byvoorbeeld in die geval van 'n beroep na hom verwys (Wette en Bepalinge vir die bestuur van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika, 1932:4).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die voorsitter verklaar die NG Sendinggemeente Kakamas vir wettig gestig volgens die Wette en Bepalinge van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika. Toesprake is deur die verskillende persone gelewer[1]. By monde van die scriba is aan die nuwe gemeente gelukwense van die voorsitter van die Ring oorgebring en Ds. Shaw het 'n brief voorgelees van P.J. Cillie, van geluk en seënwense aan Eerw. Kriel en die nuwe gemeente (Notule: NG Sendingkerk, Ringskommissie, 1936:266).

[1]Toesprake is gelewer deur eerww. J.J. Fourie, en P.H. Mans, dii. P.J.B. Shaw en C.C. van Dyk, eerw. C.J. Kriel en C.J. Zaaiman (Notule: NG Sendingkerk, Ring vir Kimberley, 1936:266 en 267).

https://etd.uwc.ac.za

Die lede van die Ringskommissie het in naam van die NG Sendingkerk, Ds. Shaw, sy kerkraad en ander belangstellende liggame en persone verseker van die opregte waardering van die Sendingkerk vir hulle daadwerklike en merkbare belangstelling in en ondersteuning van die sendingwerksaamhede te Kakamas (Notule: NG Sendingkerk, Ringskommissie, 1936:267).

Die kerk het op treffende wyse die verrigtinge met sangstukke opgeluister. Na enige aankondigings gedoen is, is die slotgesang gesing. Eerw. J.J. Fourie het die verrigtinge met gebed gesluit.

Na afloop van die stigtingsvergadering het die Ringskommissie met die benoemde kerkraadslede in die konsistorie vergader waar die inhoud van artikel 18 aan hulle verduidelik is. Saterdagvoormiddag het die kommissie weer saamgekom om uitvoering te gee aan artikel 18(e). Die tersaaklike artikel 18 het gehandel oor die bevestiging van kerkraadslede in die ampte.

Die lot beslis dat aan die einde van 1937 die ouderlinge, F. Bok, K.B. Beukes, S. Cloete, T.H. Jansen en W. Bezuidenhout sal aftree. Skriftelike kennisgewing van hulle benoemings word aan Eerw. Kriel oorhandig met die versoek om hulle dit ter hand te stel om uitvoering te gee aan artikel 18 (b), dit wil sê, afkondiging van hulle name op drie agtereenvolgende Sondae aan die gemeente (Notule: NG Sendingkerk Ringskommissie, 1936:265-268).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Sondagoggend 10 Oktober het die gemeente nagmaal gevier. Eerw. Mans van Vosburg het al die dienste waargeneem.

Op Sondagoggend 6 September 1936 het Eerw. Kriel sy eerste ses dopelinge in die gemeente gedoop (Aankondigingsboek, NG Sendingkerk, 13 November 1936).

Eerw. Cornelius Johannes Kriel, 'n Wes-Transvaler is gebore op 16 Oktober 1913 op die plaas Kareekuil in die distrik Lichtenburg (Kriel, 1979:79).

Met sy koms was hy 'n vrygesel maar in Maart is hy in die eg verbind met mej. Rienie Jacobs en het die nuwe pastoriepaar sy aan sy met groot vrug en toewyding vir twaalf jaar in die gemeente gearbei (Die Ligdraer van die NG

https://etd.uwc.ac.za

Sendingkerk, Jaargang 47, Nommer 15, 6 Augustus 1986:226).

In die volgende hoofstuk sal daar gelet word op die periode vanaf die stigting tot en met 1976.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 3

## *DIE BEGIN VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGGEMEENTE KAKAMAS TOT 1976*

### 3.1 DIE BEGIN VAN DIE N.G. SENDINGGEMEENTE KAKAMAS AS 'N SELFSTANDIGE EN VOLWAARDIGE GEMEENTE

Eerw. C.J. Kriel het sy lewenstaak in die tyd van die Binnelandse Sendingkommissie begin wat sy ontstaan en beslag in 1857 gekry het.

Die kommissie se taak was om die ongekerstendes geestelik te bearbei en die sendingwerk van die NGKerk te organiseer (Die Ligdraer, 1986:225).

Kriel het nie op hom laat wag nie, maar dadelik met die gemeentelike werksaamhede begin.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

#### 3.1.1 Gemeentelike werksaamhede

Op Vrydagaand 13 November 1936 bevestig Kriel die nuwe verkose kerkraadslede soos tydens die offisiële stigting van die NG Sendinggemeente wat gekies is in hul onderskeie ampte in die teenwoordigheid van die gemeente (Aankondigingsboek, 7 Februarie 1937). Op 12 November 1936 is die eerste 54 katkisante toegelaat en op 31 Januarie 1937 het hulle belydenis van geloof afgelê. Die sieletal het op 30 Junie 1938 tot 2 700 gegroei en die lidmaattal tot vierhonderd (NG Sendingkerk, Statistiek - Ring van Kenhardt, 1 Julie 1937 tot 30 Junie 1938).

Maatskaplike euwels soos onsedelikheid en drankmisbruik het 'n groot afbrekende rol in die geestelike lewe van die gemeente gespeel. Die kerkraad het by geleentheid 'n versoekskrif aan Generaal Jannie Smuts en die parlementslid van Kakamas gerig om enige wysiging of vrystelling van seksie

https://etd.uwc.ac.za

55 van die drankwet of enige verdere uitbreiding van fasiliteite vir die verkoop van drank te beveg, byvoorbeeld in restaurante. Die kerkraad het gevra dat daar dadelik aan hul versoek voldoen moet word (Notule: NG Sendingkerk Kakamas, 1 Mei 1937).

Die gemeentelike bediening het nou baie goed verloop. Tweekeer per week is kategetiese onderrig gegee, naamlik Sondagmiddae en Woensdagaande ter voorbereiding van die aflegging van die geloofsbelydenis. Wyksdienste het in die gemeentelike bediening 'n groot rol gespeel.

Huisbesoeke is ook gereeld gedoen. Die wyke is by wyse van voorafgaande aankondigings in kennis gestel watter wyke in die dorp besoek sal word, so ook is die buitewykdienste vooraf gereël en bekend gemaak. Die bywoning van die buitedienste was gewoonlik goed. Die mense was dankbaar as die "kerk" na hulle toe kom. Weeklikse bidure het vanaf die begin 'n belangrike rol gespeel.

Tugsake verskyn baie dikwels op kerkraadsvergaderings en die mees gebruiklike vorm hiervan was sensuur vir 'n bepaalde tydperk, onbepaalde tyd en in ernstige gevalle afsnyding van die gemeente. In dié geval is die name van sulke lidmate vanaf die kansel afgelees (Notule: NG Sendingkerk, 1 Mei 1937; 24 Mei 1947; 9 Oktober 1937).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ander middels tot die opbou van die geestelike lewe van die gemeente is die Sondag- en dagskole en die bearbeiding van die jongmense van die gemeente. Ten opsigte van die dagskool is die kerkrade voortdurend herinner om 'n wakende oog te hou oor die kinders in hul wyke wat die skool moet bywoon en dit nie doen nie. In verband met die jongmense het die kerkraad besluit dat die ouers van die kansel af gewaarsku moet word om strenger beheer oor hul kinders se verhoudings met die teenoorgestelde geslag uit te oefen (Notule: NG Sendingkerk, 26 Februarie 1937).

Die kerkraad het op 'n stadium oorweeg om 'n sensuurbank, ook die sondebank genoem, ingestel te kry, maar gelukkig is dit van die hand gewys. Die voorstel is deur ouderling B.G. Cloete geopper. In plaas van die instelling van die sensuurbank het die leraar die kerkraad versoek en aan die hand

https://etd.uwc.ac.za

gedoen om 'n waaksame oog oor die gesensureerdes te hou (Notule: NG Sendinggemeente, 24 Mei 1941).

### 3.1.2 Eerste Sinodesitting

Op 13 Oktober 1937 het eerw. C.J. Kriel en ouderling S. Cloete hul eerste sinodesitting te Kaapstad bygewoon waar die gemeente amptelik verwelkom en tot volle lid van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk verwelkom en in die boesem van die kerk ingelyf is (Notule: NG Sendinggemeente Kakamas, 13 Oktober 1937).

Die ring van die NG Sendingkerk, Kenhardt het uit sewe gemeentes bestaan[1]. Tydens hierdie sitting het die ring van Kenhardt gekonstitueerd. Eerw. A.S. Roux, leraar van Prieska, is as voorsitter en eerw. A. van der Merwe van Griekwastad as scriba onderskeidelik gekies.

Volgens die rapport van die sinodale opvoedingskommissie het die sinode besluit dat die toelatingstandaarde tot die Opleiding Kolleges verhoog is van standerd ses tot standerd agt. Vir die geleidelike invoering van verpligte onderwys in 1937 is die plaaslike omstandighede in aanmerking geneem sowel as verpligte skoolbesoek van kinders wie se name op die register van die kerk staan (Scriba Sinodi, 13 Oktober 1937:229).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

'n Spesiale Evangelieprediking Kommissie bestaande uit eerww. D.J. Joubert (sameroeper), G.H. Steyn en C.J. Kriel is in die lewe geroep. Eerww. D.J. Joubert en C.J. Kriel, primarius en sekundus, onderskeidelik, is gekies om in die Algemene Sinodale Kommissie te dien. Op dieselfde sinode het verskillende ringe ook die wenslikheid uitgespreek vir die eenvormigheid van die Sondagskoollesse vir die Sondagskole (Scriba Synodi, 13 Oktober 1937: 312).

---

[1]Die Ring van Kenhardt het bestaan uit: Kenhardt, Upington, Prieska, Griekwastad, Kakamas, Marydale en Vosburg (Acta Synodi, 13 Oktober 1937).

https://etd.uwc.ac.za

Die sinode het ook probeer maniere vind om die maatskaplike euwels van die tyd aan te spreek. Die sinode het besluit dat daar deur middel van konferensies, spesiale prediking en langs die weg van 'n herderlike brief aan die verskillende gemeentes die gevare van die maatskaplike euwels bekend gemaak sal word. Drankmisbruik was een van die grootste euwels. Hierin is die sinode van die NGKerk gevra om sy stem duidelik te laat hoor (Scriba Synodi, 1937:195).

### 3.1.3 Eerste Ringsitting

Op 5 Oktober 1938 het die eerste ringsitting op Kakamas plaasgevind. As afgevaardigdes is gekies: primarius - Ouderling C. Beukes en sekunde - Ouderling S. Cloete (Notule: NG Sendinggemeente, 6 Augustus 1938). Die sluitingsrede is gehou deur die leraar van Upington, eerw. D.J. Joubert (Notule: Ring van die NG Sendingkerk, Kenhardt, 22 Oktober 1937).

Vir die jaargang 1936/1937 het die NG Sendinggemeente, Kakamas geen ouditeursrapport ingedien nie, en vorm A het ook ontbreek. Verder het die gemeente aan al die vereistes voldoen. *Vorm A is die weergawe van die gemeente se inkomste en uitgawe van die betrokke jaar.*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die jaargang, 1 Julie 1937 tot 30 Junie 1938 se vorms en ander vereiste stukke was in orde (Notule: NG Sendingkerk, Ring van Kenhardt, 5 Oktober 1938).

Die leraar en afgevaardigde ouderling van Kakamas het op die daaropvolgende kerkraadsvergadering oor die ringsitting se werksaamhede aan die kerkraad gerapporteer.

### 3.1.4 Kerkraadsvergaderings

Die kerkraad het veral twee tipe kerkraadsvergaderings gehou, naamlik *Gewone* en *Gekombineerde* kerkraadsvergaderings. Op eersgenoemde vergadering is sake van algemene aard bespreek, byvoorbeeld skool- en

https://etd.uwc.ac.za

tugsake terwyl die kiesing van kerkraadslede, afgevaardigdes na sinodesittings en ringsvergadering, rektifikasies in die lidmaat- en doopregisters, katkisante aangeleenthede en derglike ander sake op die tweede tipe vergadering bespreek is. Die *Gewone* en *Gekombineerde* kerkraadsvergaderings was altyd saamlopend. Die kerkraad het net by uitsonderlike gevalle 'n gewone vergadering belê (Notule: NG Sendinggemeente, 27 Augustus 1948).

## 3.2 DIE FINANSIëLE POSISIE VAN DIE GEMEENTE

### 3.2.1 Die tydperk van eerw. C.J. Kriel 1936-1947

'n Rekening is vir die NG Sendinggemeente by die plaaslike tak van Standard Bank geopen in die naam van die direksie van die NG Sendingwerkkring. Die direksie het veral verantwoording gedoen vir die finansiële sake van die gemeente. Met eerw. C.J. Kriel se begin in die gemeente het hulle 'n voordelige balans gehad (Notule: NG Sendingwerkkring, 17 Februarie 1937).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op 'n Gekombineerde kerkraadsvergadering van die NG Sendinggemeente gehou, op Saterdag 31 Julie 1937, het die kerkraad die volgende besluit op voorstel van broeders S. Cloete en C. Beukes geneem: *"Hierdie kerkraad besluit dat haar finansiële bestuur opgedra sal word aan die Direksie wat sal bestaan uit verteenwoordigers van die twee Blanke gemeentes Kakamas en Marchand en waarvan haar voorsitter ipso facto lid is. Haar besluit (die Sendingkerkraad) rakende finansiële sake sal alleen adviserend wees en op goedkeuring van die Direksie van krag wees. Van hierdie finansiële toestand sal jaarliks 'n geouditeurde rapport voor die sendingkerkraad gelê word"* (Notule: NG Sendinggemeente, 13 Oktober 1937). Die direksie waarna hierbo verwys word, bestaan uit 'n groepie gelowiges, die "vroomste zendingvrienden" deur die NGKerk benoem wat die NG Sendingwerkkring moes bestuur. Volgens Murray, het so 'n direksie bepaalde voordele gehad vir 'n NG Sendingwerkkring en of NG Sendinggemeente vanaf die plaaslike NGKerk (Loff, 1998:199).

https://etd.uwc.ac.za

Die direksie het egter 'n oordeelsfout begaan, want C.J. PAUW het uitdruklik verklaar *"dat er van een plaaselijk Directorium geen sprake meer kon zijn"*. Pauw het sy standpunt op die volgende redes gebou:

*"1. Word daardoor de Zending Commissie in haar gezag over de gemeente en mij ipso facto geneutraliseerd."*

*"2. Wordt daardoor de kerkeraad van mijne gemeente op 'nul' terug-gebract."*

*"3. Kom ik daardoor met mijne gemeente in een staat van onderge-skiktheid, waarvan ik niet geneigd ben mij te onderwerpen."*

*"4. Zal door zulk een ondergeschiktheid de ontwikkeling der gemeente tot zelfonderhoud en zelfstandigheid zeer gestremd worden."*

Volgens C.J.A. Loff het Pauw nie aan die goeie bedoeling van die voorstanders van 'n direksie getwyfel nie, maar dat hy die werking daarvan gevrees het (Loff, 1998:199).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Dit blyk verder uit die notule van die NG Sendingwerkkring dat die Kerkraad die NGKerk versoek het om reël 15 van die reeds goedgekeurde reëls so te wysig dat dit soos volg sou lees: *"Die Sendingkerkraad is verantwoordelik vir die vervoer en reiskoste van die Sendeling vir alle gemeentelike werksaamhede."* Dit is so goedgekeur (Notule: NGKerk Kakamas, 21 September 1938).

Die finansiële posisie van die gemeente blyk nie te beroerd te gewees het nie, want teen September 1939 het die kerkraad aan eerw. C.J. Kriel 'n verhoging in salaris van R24 toegeken en besluit om sy jaarlikse salaris met R18 te verhoog, ten spyte daarvan dat hul eerste basaar net R44,50 geïn het. Die inkomste van die tweede basaar op 19 Oktober 1936 het gedaal na R32. Die kerklike fondse is aangevul deur middel van die verkoop van doopseëls teen 26 sent, aanneming 50 sent, huweliksfooi R1 en huweliksafkondigings 26 sent (Aankondigingsboek, 12 November 1936).

https://etd.uwc.ac.za

Die verwagting is gekoester dat die NGKerk Marchand ook sy bydrae met R7 sal vermeerder. Volgens die notule van die kerkraad het die Sendingdireksie aanbeveel dat die salaris van eerw. C.J. Kriel met R32 per jaar verhoog word sodat dit die ronde som van R600 per jaar sal beloop wat uiteindelik aanvaar is. Een-derde het uit die Sendinggemeente gekom, die orige twee-derdes is tussen die Arbeidskoloniekommissie en NGKerk Marchand en die NGKerk Kakamas verdeel indien die twee laasgenoemdes daartoe sou inwillig. Die aanbeveling is aanvaar (Notule: NGKerk Kakamas, 17 Mei 1944).

Teen 1945 het die leraar 'n verbeterde salaris van R800 ontvang nadat die bydraende liggame hul bydraes verhoog het, naamlik die Sendinggemeente R262, Arbeidskoloniekommissie R200, NGKerk Kakamas R190 en die NGKerk Marchand R148. Teen April 1937 is die Sendinggemeente Kakamas toegelaat as deelhebber aan die Predikante Pensioenfonds en wel onder klas-4. *Daar was verskillende klasse, een vir predikante en een vir sendelinge. Sendelinge was op 'n laer vlak omdat hulle status laer was terwyl die predikante se pensioenfonds veel hoër was omdat hulle 'n hoër predikante status geniet het.* Die NG Sendinggemeente het besluit om R15 tot die Weduwee Pensioen by te dra. 'n Kommissie is gekies om die saak verder te voer en tot uitvoering te bring[1].

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Jaarliks is daar 'n somgeld van die inlegpremie afbetaal saam met die jaarlikse kontribusie (Notule: NG Sendinggemeente, 1 Mei 1937). Die loon van die koster is verhoog van R2,04 tot R4 per maand wat lewenskoste ingesluit het. In Februarie 1937 is die finansiële staat van die NG Sendingkerk bespreek. Volgens die staat het dit geblyk dat die NG Sendingfonds van die NGKerk op 31 Desember 1937 op R186,36 gestaan het waarvan R83,45 aan die NG Sendinggemeente behoort het. Die bedrag, R83,45, is vir hulle sedert die

[1]Die Kommissie het bestaan uit: S. Cloete, F. Bock en C. Beukes.

stigting van die NG Sendinggemeente ingesamel. Die balans van R102,91

https://etd.uwc.ac.za

wat ook vir sendingwerk bedoel is, is ook aan die NG Sendinggemeente geskenk. Die kerkraad se bankrekening het dus op bogenoemde datum op 'n voordelige saldo gewys (Notule: NGKerk Kakamas, 17 Februarie 1937).

Volgens die verslag van die NG Sendingkerk, Ring van Kenhardt, was die finansies van die NG Sendingkerk Kakamas vir die boekjaar 1 Julie 1937 tot 30 Junie 1938 baie goed. Die vorms was netjies afgewerk en in goeie orde (Notule: NG Sendingkerk, Ring van Kenhardt, 5 Oktober 1938). Uit die ringsnotule van Kenhardt het die NG Sendinggemeente Kakamas neëntien sent (een sjieling en nege pennies) vir doop aan die ringskas geskuld, maar verder was die finansies baie goed. Die gemeente het haar finansiële boeke met 'n voordelige balans van oor die R100 (vyftig pond) afgesluit (Rapport van die Finansiële Kommissie van die ring van Kenhardt, 30 September 1939).

Volgens die verslag van die Finansiële Kommissie van die ring van Kenhardt het die NG Sendinggemeente Kakamas op 30 Junie 1940 'n voordelige balans van R150,70 (vyf en sewentig pond ses sjielings en tien pennies) getoon. Weer eens het die gemeente se finansies in 'n goeie en gesonde toestand verkeer as daarmee rekening gehou word dat die gemeente al haar verpligtinge nagekom en die oprigting van kerkgeboue die bedrag van R577,09 beloop het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die boufonds van die gemeente het op dié stadium R867,91 getoon met 'n algemene voordelige balans van R3 940. Die banksertifikaat het 'n voordelige balans van R1,10 getoon, eintlik meer as vorm-B. *Vorm –B is 'n weergawe van die gemeente se inkomste en uitgawe van die betrokke finansiële jaar.* Die toedrag van sake is toegeskryf aan 'n tjek wat nie op 30 Junie 1940 gebruik is nie (Notule: NG Sendingkerk, Ring van Kenhardt, 9 Oktober 1940).

Uit die notule van die sesde vergadering van die ring van Upington van die NG Sendinggemeente het die kerkraad van die NG Sendinggemeente Kakamas nie sy Predikant en Pensioenfonds vir die afgelope twee jaar teen 1937 by die ringsqueator van Upington inbetaal nie vir verantwoording aan die queastor van die Algemene Sinode van die NGKerk nie. Die kerkraad van die NG Sendinggemeente Kakamas het 'n inkomste van R32,11 gehad en op 17 September 'n voordelige balans van R57,56 (Notule: NG Sendingkerk, Ring van Upington, 3 Oktober 1947).

https://etd.uwc.ac.za

Fondsinsamelings het geskied by wyse van bydraes van die twee NGKerke, Sendingbasaars, lenings, skenkings, konsert, spesiale kollektes, donasies en testament bemakings. Vrywillige bydraes ten opsigte van die leraar se salaris en gemeentefondse is reeds deur die Kakamas-Bestuursraad geskenk sedert 1 November 1936 tot 31 Desember 1939 van R100 per jaar; 1 Januarie 1940 tot 30 Junie 1945 van R125 per jaar en 1 Julie 1945 tot 1961 R400 per jaar (Notule: NG Sendinggemeente, 14 Mei 1938).

Die Arbeidskoloniekommissie Kakamas het in die begin jare oneindig veel vir die NG Sendinggemeente Kakamas gedoen en beteken. 'n Goeie voorbeeld is die bydrae van R862 vir die kerkbanke, die grond vir die kerkperseel en alle kerksaalpersele in die verskillende wyke. Die perseel vir die pastorie is ook deur hulle geskenk.

Eerw. C.J. Kriel het in Desember 1947 demissie aanvaar. Volgens die notule van die NG Sendinggemeente van die ring van Upington was die finansies steeds gesond gewees. Die boeke is gesluit met 'n voordelige balans van R669,09, maar die werklike balans moes eintlik R687,79 gewees het. Die verskil van R18,70 is te wyte aan 'n uitstaande tjek op 30 Junie 1947 (Notule: NG Sendingkerk, Ring van Upington, 4 Oktober 1947). Op 25 September 1943 het die Ring van Kenhardt sy naam verander na die Ring van die NG Sendingkerk Upington te Marydale met die ringsitting.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die tydvak van eerw. C.J. Kriel se bediening op finansiële gebied was baie gesond en het altyd op 'n voordelige balans geëindig behalwe vir die jaar eindigend op 1 Julie 1941 tot 30 Junie 1942 toe die gemeente boeke met 'n nadelige balans van R209,03 afgesluit is (Notule: NG Sendingkerk, Ring van Upington, 27 September 1941). Baie van die gemeentelike fondse is vir die onderwys ook aangewend.

### 3.2.2 Die finansies vanaf 1936 tot 1947

Met die ampsaanvaarding van ds. P.W.L. Sinclair het die finansies van die gemeente 'n metamorfose ondergaan.

https://etd.uwc.ac.za

Steeds was die gemeente nie finansieël selfstandig nie, want die emolumente van die leraar se salaris is gedra deur die Arbeidskoloniekommissie en die twee gemeentes van die NGKerk Kakamas en Marchand. Hierdie werkswyse berus blykbaar op die praktyk dat die NGKerk twee-derdes van die leraar se salaris bydra. Volgens die "Kerkwet" van die tyd was dit die gebruik. Die vraag bly nog steeds: Is dit volgens die gereformeerde kerkreg korrek? Dit was natuurlik onkerkregtelik soos die NGKerk dit gedoen het. Die NGKerk het haar beywer vir 'n selfstandige Nederduits Gereformeerde Sendinggemeente, maar dit is duidelik dat die NGKerk die NG Sendinggemeente Kakamas nie as 'n volwaardige, selfstandige en "outonome" kerk op die stadium erken het nie. Die NGKerk wou die NG Sendinggemeente by implikasie dus afhanklik hou.

Op 'n kerkraadsvergadering van 22 November 1947 het die kerkraad met dank en blydskap kennis geneem dat die NGKerk Kakamas weer gewillig is om twee-derdes van die salaris te waarborg vir die beroeping van 'n leraar en gevolglik reg het om te beroep op grond van die destydse "Kerkwet".

Die bydragstelsel wat in swang was, het veel te wense oorgelaat. Geen gemeente kon met vyf sent per maand per lidmaat 'n gemeente instand hou nie. Die bydragkaarte het ook nie gereeld ingekom nie. Daarom het die voorsitter aan die hand gedoen dat die diakens die bydragkaarte aan huis van die lidmaat gaan invorder en aan die voorsitter vir nasien oorhandig met verslag aan die kerkraad (Notule: NG Sendinggemeente, 10 April 1948).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens ingelewerde en beskikbare gegewens, blyk dit dat slegs 313 lede, 191 vroue en 122 mans hul bydrag gereeld betaal het. Die totale bedrag ingelewer was R30,00 ongeveer 9,58 sent per capita (Notule: NG Sendinggemeente, 29 Mei 1948).

In 1949 het die kerkraad besluit dat die tyd ryp is dat die gemeente haar eie finansiële sake moet behartig ooreenkomstig die wette en bepalings van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika. Die kerkraad van die NG Sendinggemeente Kakamas het die vorige besluit, naamlik dat haar finansiële bestuur opgedra sal word aan die Sendingdireksie wat bestaan het uit die verteenwoordigers van die twee NGKerke, Kakamas en Marchand en waarvan haar voorsitter ipso facto lid is, in sy geheel herroep word. Die kerkraad boekstaaf sy innige dank en waardering vir die getroue dienste van die direksie deur al die jare

https://etd.uwc.ac.za

(Notule: NG Sendinggemeente, Kakamas, 28 Mei 1949).

Op 25 November 1950 het die kerkraad na 'n bespreking oor die finansies van die gemeente besluit om 'n nuwe rekening te open aan die hand van die wette en bepalinge vir die bestuur van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika en om vir diakens W.A. Boesak en of Klaas Maarman in die vervolg kragtens artikel 19(0) sub. art. 9(1)(2) die gemeentetjeks asook die spaarrekening saam met die leraar te laat onderteken (Notule: NG Sendinggemeente, 25 November 1950).

Uit 'n brief, gedateer 24 September 1963 het die Kakamas-Bestuursraad die kerkraad van die NG Sendinggemeente kennis gegee dat hulle die jaarlikse toelaag van R200 gaan staak. Wat die kalenderjaar 1963 aanbetref sal die gebruiklike toelaag nog betaal word. *Die Kakamas-Bestuursraad was die liggaam wat die dorp beheer en bestuur het, die aanvanklike stadsraad.* Die Kakamas-Bestuursraad was egter bereid om dit te oorweeg indien hulle jaarliks aansoek sal doen voor 30 Junie met 'n bevredigende uiteensetting van die behoeftes en finansiële posisie van die NG Sendinggemeente. Indien die toelaag toegestaan sou word, sal daarvoor uit winkelwinste voorsiening gemaak word. Hierdie besluite het egter net vir die duur van die Bestuursraad gegeld (Notule: NG Sendinggemeente, 4 Augustus 1962). Daar is met hierdie besluit gehandel met effek 1 Januarie 1964. Die Kakamas-Bestuursraad het etlike jare tot 1963 hierdie geldelike bydrae van R200 per jaar aan die NG Sendinggemeente Kakamas gemaak.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die NGKerk Kakamas het ook in 'n skrywe van 25 Mei 1963 te kenne gegee dat hulle hul bydrae van R39 per maand tot die Sendingleraar se salaris vanaf 1 Julie 1963 sou staak. Hulle was bereid om die bedrag per maand of minder tot die salaris by te dra mits die nodige dokumentêre bewyse aan die kerkraad voorgelê sou word dat verdere bydrae noodsaaklik is.

Die gemeente het die finansiële boekjaar 1962/63 met 'n voordelige balans volgens kasboek op 30 Junie 1963 met R1 163,68 afgesluit (Notule: NG Sendinggemeente, 4 Augustus 1962).

Kort hierna het die NGKerk Kakamas en die NGKerk Augrabies ook die NG

https://etd.uwc.ac.za

Sendinggemeente verwittig dat hulle die bydrae van R75 sal verminder, aangesien die fondse van die gemeente dit nie toegelaat het om 'n ekstra bedrag vir die Nouswyk Sending te voorsien nie. Die jaarlikse bydrae was voorheen R150 maar is ter wille van hulle ondersteuning van die NG Sendinggemeente Kenhardt en NG Sendinggemeente Kakamas verdeel. Volgens die skrywe van 27 November 1965 het die NGKerk Augrabies tog die R75 aan die NG Sendinggemeente Kakamas toegeken.

Die NGKerk Marchand kon weens finansiële omstandighede nie 'n addisionele bydrae lewer nie. Hulle het voorlopig net by R148 soos in die verlede gebly (Notule: NG Sendinggemeente, 24 Mei 1957).

Volgens die notule van die kerkraad het die gemeente heelwat vaste beleggings gehad. Die NG Sendinggemeente Kakamas het op 15 Desember 1965 die volgende beleggings by Die Trust Bank Kaapstad gebelê:

I. Depositobelegging van R1 080 (agt klein beleggings tussen R400 - R4200) teen 5,5% per jaar.
II. Depositobelegging van R2 600 (twee van R1 000 en R1 600) teen 6% per jaar en
III. Depositobelegging van R4 400 (twee van R3 800 en R600) teen 6,5% per jaar vir 3 jaar.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die kerkraad het die totale beleggings wat teen 5,5% per jaar belê is vanaf 1 Januarie 1966 herbelê teen 6% per jaar vir 'n tydperk van 3 jaar. Die bedrag van R2 600 wat teen 6% per jaar belê is, is op 1 Januarie 1966 gekonsolideer in een belegging van R13 400. Die totale bedrag na drie jaar het R21 070 beloop (Korrespondensie: NG Sendinggemeente, Kakamas, 7 en 15 Desember 1965).

Op 30 Junie 1966 het die gemeente weer eens met 'n voordelige balans soos per kasboek van R639,54 afgesluit. Volgens die konsistorieboek van 1 Januarie 1967 was die gemeente se maandelikse gewone kollekte ongeveer in totaal vir die dag R15,65. Die Bestuursraad het teen Augustus 'n finansiële bydrae uit die surplusfondse van die Administrasie volgens die skrywe van C.J. Nel, gedateer 19 September 1968 gemaak. Dit was weer eens 'n

https://etd.uwc.ac.za

donasie.

Op 'n Buitengewone Vergadering is sake van ontvangs van geskenke soos gemeentelike eiendomme behandel Op 3 Augustus 1968 het die gemeente die boekjaar 1967/68 met 'n oortrokke rekening van R95,75 afgesluit (Notule: NG Sendinggemeente, 2 Februarie 1962).

Die hantering van die finansies van die gemeente deur die voorsitter en die kerkraad was goed. Dit is op goeie beleid geskoei en daarom was die algemene vooruitsig van die gemeentelike finansies op 'n gesonde basis. Die kerkraad het hom immers stiptelik by die voorgeskrewe "kerkwet" gehou.

## 3.3 DIE ONDERWYS

Daar sal onthou word dat die onderwys vir 'n groot deel van ons land se geskiedenis nie hoog op die prioriteitslys was nie. Ons ouers en hul ouers moes met 'n minimum van skoolonderrig oor die weg kom. Daar was geen verpligte onderwys nie en toe dit ingestel is, is skole eers gebou en onderwysers opgelei om aan die behoeftes van die Blankes te voldoen. Eers baie jare later was geld beskikbaar om na die onderwysbehoefte van die Kleurlinge om te sien.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die skole was eers gesamentlike skole wat óf deur die staat óf deur 'n groep vanuit die samelewing opgerig en onderhou is. Aan onderwysers is ook voorgeskryf wat hulle vir die kinders moes leer. Die eerste sendelinge was verplig om ook in die gemeente onderwys te gee aan die kinders van die gemeente. Die vasgestelde salaris was R72 per jaar, dit wil sê R6 per maand.

Die staat het gewoonlik een-derde en later die helfte van die salaris van die skoolmeesterleraar bygedra. Die balans moes die gemeente self sien om dit byeen te bring deur basaars en ander funksies (Acta Synodi, NG Sendingkerk, 1932-1942:182).

Die meubels, boeke, landkaarte, skoolgeboue en ander benodigdhede moes

https://etd.uwc.ac.za

die kerk voorsien. Na 1921 is skoolgeboue toegerus, beter uitrustings is verkry, meer fasiliteite is verskaf en 'n groot verligting het gekom op die gemeente en die kerk as geheel. Die volle salaris van onderwysers is deur die Staat betaal. Huurtoelae is vir die skole gegee, selfs skoonmaakfooie is toegeken aan die plaaslike bestuurders vir sy skole (Acta Synodi, NG Sendingkerk, 1932-1942:183). Die skool en kerk was onafskeidbaar van mekaar. In die veertigerjare moes die beginners twee jaar in graad 1 en graad 2 (Sub. A en Sub. B) elk deurbring voordat hulle tot graad drie bevorder kon word.

Eerw. Kriel het vanaf sy diensaanvaarding ewe veel belanggestel in die onderwys en opvoeding van die Kleurlinge getoon. Die skole vir Kleurlinge wat reeds opgerig is, het 'n integrale eenheid van sy sendingwerk gevorm. Teen Maart 1934 sou die NGKerk 'n Kleurlingskool te Schröder opgerig het, maar niks is uitgerig nie. Teen 3 September 1934 is 'n sendingsaaltjie te Truter deur A. van Niekerk van steen en sink met 'n bydrae gebou van R7 deur die NGKerk met die duidelike verstandhouding dat die geboutjie aan die NG Sendinggemeente wat nog gestig moes word, sal behoort (Notule: NG Sendingwerkkring, 3 September 1934).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Teen 1945 het die gemeente vyf skole in die buitewyke opgerig, naamlik te Lutzburg, Alheit, Perde-Eiland, Rhenosterkop en een op Sentraal Kakamas met 14 onderwysers en 565 leerlinge in totaal op die rol (Steenkamp, 1953:184).

Die leraar van die gemeente het as bestuurder van skole opgetree teen 'n minimale maandelikse vergoeding per skool. Die baie administratiewe werk verbonde aan die pos was baie veeleisend.

Teen Augustus 1938 was die blanke Mej. Blaauw die skoolhoof van Sentraal Kakamas (Notule: NG Sendinggemeente, 6 Augustus 1938). Die eerste Kleurlingonderwyserpionier van afsonderlike ontwikkeling was Wilhelm Andreas Boesak, die alombekende "grootmeester". Hy en sy gade, Sarah Boesak, het 'n onskatbare bydrae in die gemeente gelewer, veral tydens vroue byeenkomste en kerkbasaars. Op 'n vergadering, gehou 24 Augustus 1940 is W.A. Boesak as kerkraadslid vir die Soetap wyk gekies. Die jaar 1940 kan dan ook as sy eerste jaar as skoolhoof van die Laerskool Kakamas (NG

https://etd.uwc.ac.za

Sendingkerk) beskou word (Notule: NG Sendinggemeente, 24 Augustus 1940). In koorafrigting en begeleiding het hy nie sy gelyke gehad nie. Hy het voorheen op Alheit onderwys gegee waar die bekende Allan Aubrey Boesak op 23 Februarie 1946 gebore en op 26 Mei 1946 deur eerw. C.J. Kriel gedoop is. Hierdie begaafde en byna onvervangbare onderwyser sterf egter in 1953.

Op 28 Desember 1953 het W.A. Boesak onverwags in Kakamas gesterf. Tydens sy oorlye was hy 'n dienende ouderling in die kerkraad. Hy was vir 'n jaar lank met verdere studies en sou weer sy werk op 1 Januarie 1954 hervat. Dit was hom nie gegun nie . Van oral-oor is medelye met die familie betuig. Die kerkraad en die hele gemeente bly God dankbaar vir die ontslape leier na 'n toegewyde lewe en arbeid. Henry P. Horne het in wyle W.A. Boesak se plek die gemeentelike tjeks as mede-ondertekenaar geteken. L.J. Herandien het vir Boesak tydelik as skoolhoof opgevolg. L.J. Herandien was die vader van die politikus, Cecil Herandien, LUR vir Behuising in die Wes-Kaap (Notule: NG Sendinggemeente, 20 Maart 1954).

In Mei 1943 het die kerkraad ook besluit om vir die pastorie 'n kombuis en twee nuwe klaskamers vir die Laerskool Kakamas aan te bou. Die kinders van Kakamas moes na st.6 na Upington gaan vir hoëronderwys. Die kerksaal en klaskamers van die Laerskool Kakamas asook die konsistorie is teen 17 Januarie 1975 reeds aan die Departement van Gemeenskaps-ontwikkelingsraad verkoop. Twee klaskamers is te Hillock gebou. In 1974 was H.P. Horne nog die prinsipaal. Hy het vir L.J. Herandien na 'n jaar as skoolhoof opgevolg.

Op 1 September 1973 het die gemeente 7 Laerskole gehad, naamlik die Laerskole Alheit, Cillie, Kakamas, Lutzburg, Neus, Perde-Eiland en Rhenosterkop. Dié skole se huurtoelae is op vermelde datum met 10%

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

verhoog. Die totale huurtoelae was R78,16[1]. Die skoonmaaktoelae vir genoemde skole vir vier kwartale was ongeveer R69,20 behalwe Rhenosterkop (Brief van die Administrasie van Kleurlingsake, 25 Januarie 1974 en 12 Maart 1974).

Vanaf 1953 het die Rooms-Katolieke Kerk hul kinders uit die skool te Nondonzies en Augrabies weggeneem. Die skool te Nondanzies moes sluit as gevolg van die Rooms-Katolieke skool aldaar. Die kinders van die Rooms-Katolieke Kerk van Augrabies moes al die jare te Nondonzies skoolgaan (Brief van die Streekverteenwoordiger, Departement van Kleurlingsake Administrasie, 24 Julie 1974). Op 30 Junie 1974 het die Laerskool Rhenosterkop 74 leerlinge gehad met 2 ruim klaskamers, dubbelskof en 3 onderwysers.

Eerw. C.J. Kriel het ook private huisies vir onderwysers te Marchand opgerig. Nog later is die direksie genader met 'n versoek om 'n lening van ongeveer R200 om drie ander onderwysershuisies te bou in die wyke Cillie, Alheit en Perde-Eiland. Ouderling S. Cloete het die kerkraad gevra om in Namakwaland te gaan kollekteer vir die boufonds. Die kerkraad het die versoek toegestaan. T. Saal het teen 12 Maart 1974 vir sy huurhuis te Cillie R3,50 per maand betaal (Notule: NG Sendinggemeente, 27 Mei 1939).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die omgangsinspekteurs het jaarliks die skool besoek en van klas tot klas gegaan om vas te stel of die onderwysers hul werk doen. Hy het vrae aan die leerlinge gestel oor die gedane werk. 'n Inspeksieverslag is na afloop van sy besoek ontvang waarin hy sy bevindinge weergegee het, hoe goed en/of swak die onderwyser en kinders gevaar het.

[1]Die gemeente het per skool die volgende huur ontvang: Alheit R8,34; Cillie R3,99; Kakamas R41,10; Lutzburg R3,66; Neus R8,34; Perde-Eiland R3,71 en Rhenosterkop R9,02 per maand.

https://etd.uwc.ac.za

Die seuns en dogters het geen skooldrag gedra nie. Baie van die kinders, veral die seuns, het gelapte klere gedra, maar hulle was altyd skoon en netjies. Sommige leerlinge wat gelukkig was het skoene gedra en die meeste het kaalvoet skool toe gekom met kort broeke. Die meisies het in die meeste gevalle 'n romp en bloesie gedra of 'n rokkie.

Die kinders het die skool onderrig geniet. Die Departement van Onderwys het aan elke skool 'n bedrag geld gegee wat aangewend is vir 'n voedingskema. Die leerlinge het elke dag voedsame kos gekry tydens die skooldag. Kaas, waatlemoen en spanspek, droë perskes, sop en brood, rosyntjies, druiwe en nog baie ander lekkernye. Soms het die kinders visolie (lewertraan) gekry. Die skema is in die laat vyftigerjare gestaak.

Die dokters en verpleegsters het eenkeer elke jaar dié skool besoek. Hulle het die leerlinge ondersoek en ingeënt, byvoorbeeld teen witseerkeel en masels. Die leerlinge se gehoor, gesig, tande en algemene netheid is geïnspekteer. Soms is die ouers laat roep, ingeval 'n probleem by een van die leerlinge gevind is.

Die kweperlat is destyds nie gespaar nie. Maandagoggende is die leerlinge getugtig wat nie in die kerk en of Sondagskool was nie. Die leerlinge het nooit by die huis gaan kla nie en indien dit wel gebeur het, het die ouers die leerling net weer 'n pak slae gegee, want het hulle geglo, die onderwyser sal jou nie vir niks slaan nie.

Die klaskamers het misvloere gehad. Elke Vrydag het die seuns beesmis gaan haal waarmee die meisies die vloere netjies gesmeer het. Die leerlinge van die skool het in atletiek, netbal en sokker deelgeneem en uitgeblink. Die kinders van mnr.Johannes Muller was baie goeie atlete onder andere Anna Muller en Boy Muller in die wedlope. Die onderwysers het meestal tennis gespeel. In hierdie spel was die uitblinkers die Dowie en Horne families. Eers met die koms van mnr. Awie Abdoll het die seuns in alle erns begin rugby speel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

### 3.3.1 Probleme ten opsigte van die onderwys

'n Groep ontevrede skoolouers het die kerkraad ontmoet. Na hulle aangeluister is, het die kerkraad besluit dat 'n addisionele skoolkomitee in die lewe geroep sal word[1]. Ten tweede besluit die kommissie om Mej. Blaauw, die Skoolhoof, te ontmoet oor die aangemelde skoolklagtes.

Teen November 1938 oorhandig J.P. (Piet) Christiaans vir die soveelste keer 'n skriftelike eis aan die kerkraad waarin hy die kerkraad versoek om beter skoolopvoeding te verseker. Mej. Blaauw is ten laste gelê dat sy die leerlinge bedags in haar tuin sou laat werk het in plaas van die leerlinge onderrig te gee soos dit van haar verwag is (Onderhoud: Giel Brand, 8 November 1998).

Die kerkraad het hierdie optrede betreur en eenparig die volgende besluit geneem, naamlik, dat die saak niks anders as 'n opstokery van Kleurlinge teen 'n Blanke persoon is nie, aangesien die leier 'n man is wat geen reg in verband met skoolsake het nie. Die kerkraad het hierdie neiging heeltemal afgekeur en nie sy weg oopgesien om aan die wens van die eisers te voldoen nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Derhalwe het die kerkraad die voorsitter versoek om 'n ernstige woord van waarskuwing aan die eiser van die Ontevrede Beweging te rig (Notule: NG Sendinggemeente, 26 November 1936).

Die addisionele skoolkomitee is in Mei 1939 ontbind omdat die kerkraad 'n wantroue in sommige lede gestel het en deur die handelwyse van een lid, H. Snyman, wat hom wanordelik teenoor die voorsitter, Eerw. C.J. Kriel, gedra het. Die kerkraadslede van die betrokke wyke moes die voorsitter hierna in die

---

[1]Die Komitee het bestaan uit J. Cloete, H. Snyman, J. Bok, C. Beukes, F. Bok en D. Blaauw (skoolhoof) (Notule: NG Sendinggemeente, 6 Augustus 1938).

https://etd.uwc.ac.za

toekoms in verband met skoolsake persoonlik gaan spreek (Notule: NG Sendinggemeente, 27 Mei 1938). Op 25 Augustus 1945 het die kerkraad besluit na bespreking om op voorstel van ouderlinge J. Cloete en G. Cloete die plaaslike skoolraad te nader met die versoek om die NG Sendingskole onder hul bestuurderskap oor te neem. Op 24 November 1945 het die oorname nog nie plaasgevind nie (Notule: NG Sendinggemeente, 25 Augustus 1945). Die gemeente het ook op 'n ander gebied probleme ondervind. Begrafnisse het nie na wense van sommige gemeentelede geskied nie.

## 3.4 HUWELIKE EN BEGRAFNISSE

Van tyd tot tyd is huwelike voltrek. Nie-eervolle huwelike is in die studeerkamer bevestig. Die nie-eervolle huwelike het verwys na die gevalle waar 'n ongetroude paartjie 'n buite-egtelike kind verwek het. Die huweliksfooi is verhoog vanaf R1 tot R1,26. Begrafnisse in die gemeente het altyd die gemoedere hoog laat opvlam. Nie alle begrafnisse het vanuit die kerk plaasgevind nie. Die diaken Piet van Rooy wou weet waarom dit nie gebeur nie. Hierdie kwessie het baie spanning en ontevredenheid in die gemeente veroorsaak (Notule: NG Sendinggemeente, 27 Februarie 1943). Getuienis bestaan dat die kerkraad van destyds die besluit geneem het dat begrafnisse nie uit die kerk sal plaasvind nie. Die volgende redes is deur die kerkraad aangevoer:

(i) Omdat die tyd van die leraar dikwels ontbreek het.

(ii) Omdat die begrafnisgangers lank geneem het om van die huis na die kerk te beweeg.

(iii) Omdat die oorskot vooraf in die graf geplaas word en half met die grond bedek is. Die gemeenskap het nie oor verkoelingsfasiliteite beskik nie. Die begrafnisgangers kon dus direk na die begrafplaas beweeg.

(iv) Omdat geen oorskot (lyk) vir die begrafnisgangers 'n aanstoot moes wees nie. Die lyk kon miskien bedorwe geraak het teen die tyd wat dit in die kerk kom (Notule: NG Sendinggemeente, 23 November 1940).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## 3.5 DIE KERKGEBOUE

Die oorspronklike kerk het nie net te klein vir die groeiende gemeente geword nie, maar het reeds tekens van aansienlik verval getoon. Die sieletal van die gemeente het reeds in 1938 op 2 700 gestaan en die lede op 400 (Notule: NG Sendingkerk, Ring van Kenhardt, 26 Oktober 1938).

Die algemene gevoel van die kerkraad was om 'n nuwe kerkgebou op te rig, maar het daarmee eers gewag om sodoende fondse in te samel. In 1940 het die boufonds byna op R900 gestaan. Die gemeente is versoek om tydens die viering van die nagmaal 'n silwerkollekte te bring vir die boufonds van die kerk (Notule: NG Sendinggemeente, 14 Mei 1938).

Die volgende bydraes is vir die nuwe kerk ontvang: Die Arbeidskoloniekommissie het die ligte, preekstoel en die teëls vir die bedekking van die vloere geskenk; die Vroue-Sendingbond R50; die Manne-Sendingbond R50 vir 'n deur; die Kinderkrans die kansellap en mej. E.M. Nolte 'n stel kollekte-bordjies. In November 1945 het die kerkraad van die NGKerk Kakamas R100 vir die bou van die Sendingkerk bygedra (Notule: NG Sendinggemeente, 24 November 1945).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op Maandag, 12 Augustus 1946 is daar met die bou van die nuwe kerkgebou begin. Die Arbeidskoloniekommissie het nie net alle kerkpersele in die verskillende wyke en die perseel waarop die nuwe kerkgebou opgerig is gratis geskenk nie, maar het ook 'n kontant bydrae van R862 vrywillig vir die kerkbanke geskenk. Die hoeksteen is op Saterdag, 7 September 1946 om 16:00 namiddag gelê (Notule: NG Sendinggemeente, 24 Augustus 1948).

Die kerkraad het op 22 Februarie 1947 met groot dank kennis geneem van die voltooiing van die Godshuis. Die banke is gedurende April ingesit en die nuwe kerkgebou is oor die naweek van Saterdag en Sondag, 3 en 4 Mei 1947 op luisterryke wyse ingewy.

Die feesprogram het soos volg daaruit gesien: Op Saterdag het die amptelike inwyding van die kerkgebou met insluitende die ligte plaasgevind. Sondagoggend is aan die gemeentekinders gewy, Sondagmiddag vir Blankes

https://etd.uwc.ac.za

en Sondagaand die dankdiens. Die Blankes het saam met die Kleurlinge die diens bygewoon, maar het apart gesit in die banke aan die linkerkant van die preekstoel wat vir hulle ingerig en gereserveer is.

Die intelligentia van die gemeente, soos die onderwysers en veral die Basters het dit met afsku begroet, maar die oorgrote meerderheid lidmate het by die gebruik ingeval en mettertyd aanvaar omdat hulle magteloos was om dit enigsins te verander. Hulle was ongelukkig en ontevrede (Onderhoud: Mnr. Giel Brand, 8 November 1997).

Op 22 Februarie 1947 het die kerkraad besluit om tydens groot feesdae nie meer dienste in die wyke te hou nie, maar dat almal noudat die nuwe kerkgebou voltooi is, sal opkom na die hoofwyk, Kakamas (Notule: NG Sendinggemeente, 22 Februarie 1947).

## 3.6 EERWAARDE C.J. KRIEL: SY BEROEP

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Eerw. C.J. Kriel het van tyd tot tyd beroepe ontvang[1]. Die werk van eerw. en mev. C.J. Kriel was uiters suksesvol. Die NG Sendinggemeente het byvoorbeeld meer Sondagskole as dagskole gehad (Notule: NG Sendingkerk, Ring van Upington, 3 Oktober 1945). Die geestelike lewe van die gemeente het verdiep. Op 8 wyke is daar gereeld buitedienste gehou. Die verkryging van drank in groot hoeveelheid is beperk tot een bottel wyn per dag en Saterdae was die drankwinkels gesluit. Ongeveer 400 kinders het die dag- en Sondagskole getrou besoek. Die skoolkinders het in die laaste twee jaar verdubbel. Die vooruitgang en uitbreiding op die onderwysgebied was merkbaar. Die finansies van die gemeente was sterker as voor die koms van eerw. P.W.L. Sinclair.

[1]Kriel is beroep na die volgende gemeentes: Richmond (1942); S.A. Gestig (1944); Lichtenburg, Malmesbury en Wynberg (1945) en Wellington (1947).

https://etd.uwc.ac.za

Toe eerw. C.J. Kriel einde Desember 1947 sy bande met die gemeente moes losmaak omdat hy die beroep na die sendinggemeente, Wellington, ontvang en aangeneem het, het hy 'n goed georganiseerde en gevestigde gemeente agtergelaat. Met 6 dagskole, 15 leerkragte en 600 kinders op die rol (Steenkamp, 1953:149).

Die volgende reëlings en besluite in verband met die vakature is inmiddels geneem, naamlik L.J. Kriel, broer van die vertrekkende leraar, het as tydelike scriba en kassier asook skoolbestuurder waargeneem en by aanstelling is hy gevra om vir Ds. Shaw en mnr Samuel Meiring te adviseer. Die pastorie en tuin is ook in sy hande gelaat om toesig te hou. C. Burger is as boekhouer aangestel. Die vergadering het besluit om as vergoeding vir die dienste aan L.J. Kriel en C. Burger R8 en R4 per maand, onderskeidelik te betaal (Notule: NG Sendinggemeente, 22 November 1947).

## 3.7 EERWAARDE C.J. KRIEL ONTVANG DEMISSIE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op 5 Desember 1947 is daar vir eerw. en mev. C.J. Kriel 'n afskeidsgeselligheid aangebied waarheen net sekere mense en besture van die NG Sendingliggame genooi is. Eerw. C.J. Kriel het op Sondag, 7 Desember 1947 afskeid van die gemeente geneem. Dieselfde dag om 16:00 namiddag het hy sy demissie ontvang by watter geleentheid aan hom 'n adres en 'n bedrag van R50 aangebied is (Notule: NG Sendinggemeente, 22 November 1947).

Teenwoordig was die vertrekkende leraar, konsulent en die twaalf dienende kerkraadslede. So het Eerw. Kriel 'n belangrike bydrae gelewer om die grondslag te lê, vir die NG Sendinggemeente Kakamas wat die tweede oudste sendinggemeente langs die Benede-Oranje geword het, naas Upington (Notule: NG Sendinggemeente, 22 November 1947).

https://etd.uwc.ac.za

## 3.8 DIE BEDIENING VAN DS. P.W.L. SINCLAIR 1947-1976

### 3.8.1 Sy Beroep

Op 'n Gekombineerde kerkraadsvergadering van 7 Desember 1947 maak die konsulent, ds. J.A.J. Steenkamp die naam van die nuwe leraar bekend wat deur die NGKerk na die NG Sendinggemeente beroep is, naamlik eerw. P.W.L. Sinclair. Die beroepsbrief is terstond deur al die kerkraadslede teenwoordig onderteken (Notule: NG Sendinggemeente, 7 Desember 1947). Die wyse van beroeping van Sinclair na die NG Sendinggemeente Kakamas deur die NGKerk Kakamas in 1947 was 'n algemene praktyk in dié tyd. Die NGKerk het twee-derdes van sy salaris gewaarborg en daarom kon hulle dit wel sò doen. Maar hoe dit ook al sy, was dit nogtans kragtens ons Gereformeerde Kerkregstelsel inkorrek omdat die NG Sendinggemeente Kakamas sedert 9 Oktober 1936 reeds 'n selfstandige en volwaardige gereformeerde gemeente in eie reg was. Uit hierdie handeling moet ons verklaar dat die NG Sendinggemeente Kakamas ten opsigte van die beroepingsreg ten volle aan die NGKerk Kakamas ondergeskik was.

### 3.8.2 Sy Bevestiging

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op 6 Maart 1948 is ds. en mev. P.W.L. Sinclair in die gemeente ontvang en bevestig nadat ds. en mev. C.J. Kriel na Wellington vertrek het. Eerw. P.W.L. Sinclair het die Sondagnamiddag sy intreepreek gelewer en ook die eerste doop in die gemeente bedien. Een van die eerste sake wat eerw. P.W.L. Sinclair onderneem het, was die regstelling van die bestuurskap en administrasie van skole by L.J. Kriel nadat die onderwysdepartement hieromtrent verwittig is. Hy het die skoolbestuurskap self oorgeneem.
Tweedens het hy C. Burger bedank vir sy dienste as boekhouer en die boeke is aan hom oorhandig nadat dit geouditeer is. Derdens het hy beslis dat die voorsitter van die sendingkerkraad in die vervolg die tjeks saam met die ander ondertekenaars uit die Direksie sal onderteken. Hierdie voorstel is ingedien en gesekondeer deur ouderling Willem Beukes en diaken Jan Ngoma. Jan Ngoma was 'n Damara. Hy het sy van later na Melkbosch verander. Vierdens is daar besluit dat die gekose en herkose kerkraadslede later saam voorgestel word, naamlik Sondag 14 Maart 1948 en laastens dat die bevestigde leraar die

https://etd.uwc.ac.za

scriba en kassierwerk oorneem by L.J. Kriel wat tydens die vakature as sulks waargeneem het, en dat 'n brief van dank aan L.J. Kriel gerig word vir die dienste gelewer (Notule: NG Sendinggemeente, 7 Maart 1948).

Op 'n Gekombineerde kerkraadsvergadering, 10 April 1948 is die notule van 7 Desember 1948 amptelik voorgelees, goedgekeur en onderteken. By die geleentheid het die konsulent die finansiële boeke oorhandig in die teenwoordigheid van ouderlinge J. Mouton en J. Eiman. 'n Sertifikaat te dien effekte word getekend ingelewer en aan die notule geheg. Die kerkraad het besluit om die Analise-Boekhouding te behou soos in swang. L.J. Kriel het R24 en C. Burger R12 vir hul dienste gelewer, ontvang (Notule: NG Sendinggemeente, kerkraad, 10 April 1948). In dieselfde jaar op 26 Mei 1948 het duisende Afrikaners na die stembus gegaan. Die uitslag was 'n triomf vir Afrikaner nasionalisme. Op die dag het die Nasionaliste aan die bewind gekom en die ideologie van apartheid in die praktyk in werking gestel. Verwoerd het die term Apartheid gebruik. Apartheid het in sy wese baie mense laat ly en seergemaak. 'n Aparte winkel is vir die kleurlinge gebou waar hulle al hul benodigdhede moes koop. By die kafees moes die Kleurlinge by die vensters koop. Die belange van die Blankes is deur wette verskans. Verskillende diskriminerende praktyke is teen die Kleurlinge toegepas. Destyds kon 'n Kleurling nie aan die voordeur van 'n Blanke klop nie. Hy mag alleen aan die kombuisdeur klop.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 3.9 KERKLIKE EIENDOMME

Met die oog op die moontlike afstigting van Marchand in die sestigerjare is perseel nr. 838 te Marchand aangekoop vir 'n pastorie asook 'n kerkperseel nr. 859 (Notule: NG Sendinggemeente, 19 November 1960). Ten opsigte van die pastorie perseel is die transport van die perseel toegestaan op voorwaarde dat die eiendom binne drie jaar aan 'n Blanke verkoop word. Geen geboue van watter aard mag op die perseel opgerig word nie, en dit alleenlik aan 'n lid van die Blanke groep vervreem mag word (Notule: NG Sendinggemeente, 7 Augustus 1965). Teen 1961 het 114 gesinne hulle op Marchand reeds gevestig met 'n inwonersgetal van 570 siele (Verslag van die Kakamas Bestuursraad, 7 Desember 1961).

https://etd.uwc.ac.za

Inmiddels is die hoofkerk vir onderwysdoeleindes aan die Onderwys-departement verhuur (Notule: NG Sendinggemeente, 5 Februarie 1972).

In 1959 is 'n nuwe kerkie te Spookkop opgerig wat teen 8 Augustus voltooi is en op 16 Augustus 1959 is dit feestelik ingewy (Notule: NG Sendinggemeente, 8 Augustus 1959). Die bouers was die bekende Koortzenbroers. Die kerkie met twee toilette is teen 'n koste van R450 gebou. Intussen is daar by die skole, Cillie en Lutzburg aangebou (Notule: NG Sendinggemeente, 10 Februarie 1968).

'n Skrywe gedateer 14 Mei 1968 aan die Kerkraad deel hulle mee dat die skool te Truter nie meer gebruik sal word nie, maar vervang moet word met 'n klaskamer te Alheit (Notule: NG Sendinggemeente, 18 Mei 1968). Die skool het heeltemal ondoeltreffend en bouvallig geword. Die skoolhoof van Alheit het vir 'n vervanging in 'n skrywe op 14 Mei 1968 gevra (Notule: NG Sendinggemeente, 1 Augustus 1966).

Volgens die notule van die Kerkraad is daar in die hoofkerk en konsistorie ook skool gehou. Die dak van die kerkie van Alheit het op Sondag 10 Maart 1968 afgewaai. Die gebou en meubels is verseker onder polisdekking by Santam (Notule: NG Sendinggemeente, 11 November 1967).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Kerklike eiendomme vir politieke vergaderings is nie geduld nie. Dit was een van die reëls van die Kakamas-Bestuursraad. Slegs met goedkeuring kon dit wel geskied. Die geboue is uitsluitlik vir kerklike en skooldoeleindes gebruik. Die kerkraad het ook die Departement van Onderwys in dier voege in kennis gestel. Die Departement is gevra om die besluit van die kerkraad te respekteer. Die onderwys het onder die toesig van die kerkraad gestaan. Die leraar was die Skoolbestuurder (Notule: NG Sendinggemeente, 7 Maart 1948).

## 3.10 AANNAME VAN GESKENK VAN EIENDOMME

In 1962 op 'n buitengewone Kerkraadsvergadering kragtens art. 72(a) van die Kerkorde is die aanname van die geskenk van sekere eiendomme deur die

https://etd.uwc.ac.za

geregistreerde eienaars van Kakamas aan die NG Sendinggemeente Kakamas ter tafel gelê en behandel. Die geskenk was komende van die Kommissie vir Toesig en Kontrole en die Saakgelastigde van die NGKerk in Suid-Afrika aan die NG Sendinggemeente Kakamas[1].

Die vergadering het besluit dat ds. Piet Wilhelm Lewis Sinclair in sy hoedanigheid as voorsitter en scriba van die NG Sendinggemeente Kakamas die prokurasie om die bogenoemde geskenk namens die gemelde Kerkraad aan te neem sal teken. Dit was 'n herbevestiging van eiendomme sodat die oordrag by die akteskantoor vergemaklik kon word (Notule: NG Sendinggemeente, 2 Desember 1962).

Volgens die kerkraadsnotule is die volgende kerklike eiendomme geaffekteer: perseel 248, die kerkskool te Kakamas in die dorpsgebied wat teen 1972 teen die voordeligste voorwaarde later verkoop is om ander grond te bekom en 'n nuwe kerksentrum vir die gemeente te bou. Die eiendom is vir R35 095 verkoop. Perseel erf 1072 en 249 (die huis en leë erf te Hillock) is onderskeidelik vir R4 550 en R3 000 verkoop (Notule: NG Sendinggemeente, 6 Mei 1972 en 18 Mei 1974).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

[1]Die volgende eiendomme is aan die gemeente geskenk:
1. Perseel 159 (gedeelte van Perseel 27) Kakamas-Suid
2. Perseel 87 (gedeelte van Perseel 232) Kakamas-Suid
3. Perseel 241 (gedeelte van Perseel 232) Kakamas-Suid
4. Perseel 248 (gedeelte van Perseel 232) Kakamas-Suid
5. Perseel 249 (gedeelte van Perseel 232) Kakamas-Suid
6. Perseel 365 (gedeelte van Perseel 336) Kakamas-Suid
7. Perseel 1036 (gedeelte van Perseel 412) Kakamas-Suid
8. Perseel 764 (gedeelte van Perseel 433) Kakamas-Suid
9. Perseel 838 (gedeelte van Perseel 766) Kakamas-Suid
10. Perseel 859 (gedeelte van Perseel 766) Kakamas-Suid
11. Perseel 1023 (gedeelte van Perseel 766) Kakamas-Suid

https://etd.uwc.ac.za

## 3.11 GEMEENTELIKE BEARBEIDING EN ALLE PASTORALE, BARMHARTIGHEIDS- EN AMPTELIKE WERKSAAMHEDE

### 3.11.1 Sentralisering van dienste

Ds. P.W.L. Sinclair het met strengheid en nougesetheid die geestelike werk van die gemeente benader. Hy het byvoorbeeld die nagmaal, die aflegging van belydenis deur katkisante, voorstelling van lidmate en die dankfeeste gesentraliseer. Net eenmaal per jaar is daar in die buitewyke nagmaal gevier, naamlik te Marchand, Alheit en Rhenosterkop. Die gemeente is aangevuur om die nagmaal op die dorp te kom vier soos gebruiklik. Hy het ook tydens nagmaalvierings met diepe bewoënheid 'n beroep op lidmate gedoen teen dronkenskap.

Die inlewering van die dankofferkoeverte het op Kakamas geskied. Kategetiese onderrig is twee maal per week gegee, naamlik Woensdagaande na biduur en Sondagmiddag om 15:00. Die eerste nuwe lidmate in die Sinclair tydvak het op Saterdag, 22 Mei om 14:00 en Sondag 23 Mei asook in Oktober 1948 plaasgevind. Ouderlinge wat die leraar hierin behulpsaam was, is ene S. Farao en J. Ngoma (Notule: NG Sendinggemeente, 10 April 1948). In 1950 het W.A. Boesak en S. Cloete die leraar met katkisasiewerk bygestaan (Notule: NG Sendinggemeente, 26 Augustus 1950). Weeklikse bidure op Woensdagaande is deur die leraar self waargeneem. Bewus van die geestelike nood waarin die gemeente verkeer, het ds. P.W.L. Sinclair behalwe die gewone Jaarlikse Pinksterbidure ook tyd ingeruim vir 'n vroeëmôre biduur elke jaar. Hy het daarmee volhard tot en met sy vertrek uit Kakamas in 1983.

### 3.11.2 Kerkkoor en Jeugbearbeiding

Uit die kerkkoorlys van Lutzburg is 21 lede uit die 31 goedgekeur. Nie enige lid kon by die koor aansluit nie. Lidmate is gekeur om lid van die kerkkoor, Sondagskoolonderwyser ensovoorts van die gemeente te wees (Notule: NG Sendinggemeente, 15 Februarie 1969). Daar is baie aandag aan Sondagskoolwerk gewy. Dit het 'n aanvaarbare metode van jeugbearbeiding geword.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Oor die algemeen het die getal Sondagskoolkinders in die tydperk gestyg. Teen 1967 is 'n nuwe Sondagskoolleerplan, die "Gospel Light" in Afrikaans vertaal en teen 1969 in gebruik geneem. Die "Gospel Light" Lesreeks is teen 3c verkoop in plaas van gratis uitreiking en die skema het die heelhartige ondersteuning van die hele kerkraad geniet. Die Vroue-Sendingbond het in November 1957, 174 Bybels geskenk (Notule: NG Sendinggemeente, 24 November 1957). Volgens Vorm A van 1968 het die gemeente oor elf Sondagskole beskik met 'n leerlingtal van 1025 op die rol. Elke Woensdagaand het die leraar 'n normaalklas vir die Sondagskoolonderwysers gehou om die Sondagskoollesse met hulle te bespreek. Op 15 Februarie 1969 was 39 goedgekeurde Sondagskoolonderwysers in verskillende Sondagskole van die gemeente op Kakamas behulpsaam met Sondagskool. 'n Spesiale Sondagskoolweek is van 16 tot 22 Maart 1970 in die gemeente gehou (Notule: NG Sendinggemeente, 15 Februarie 1969). Elke jaar het die kerkraad vir die kinders 'n kersboom aangebied. Elke kind het 'n kardoes lekkers ontvang of 'n aandenking, ten einde hulle te motiveer om gereeld Sondagskool toe te gaan. Konferensies is gereeld gehou so ook katkisasieklas ter voorbereiding van die aflegging van geloofsbelydenis. Dit is opgevolg met 'n weeklikse katkisasieklas, beginnende in die derde week van Oktober, elke jaar. Die Christelike Jeugvereniging Kakamas, gestig 6 Augustus 1960 en te Augrabies 10 Julie 1961 het elke Donderdagaand dwarsdeur die gemeente in elke kerkgebou vergader (Aankondigingsboek: NG Sendinggemeente, 25 Februarie 1965).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 3.11.3 Die bearbeiding van die swartmense

Di. P.W.L. Sinclair en C.J. Kriel het albei die nood van die Xhosas en Herero's wat woonagtig in Donkerhoek was en op hul voorstoep gewoon het, aangetrek.

Teen 1957 het die kerkraad met groot besorgdheid hul kommer oor die kwessie van instroming en die gepaardgaande euwels van die swartmense in Kakamas uitgespreek. Die euwels behels ondertrouery en smokkelary waarvan die oorsake in werkloosheid, onsedelikheid en armoede gesoek word. Hulle wou dit aan die Kakamas-Bestuursraad voorlê (Notule: NG Sendinggemeente, 9 Maart 1957).

https://etd.uwc.ac.za

Die Ring van die NG Sendingkerk tesame met die ringe van die NGKerk Upington en Kenhardt het teen Augustus 1960 die Xhosa-Damara Sending onderneem. Die kerkrade het elk R20 per jaar tot die fonds bygedra. Die werk is slegs onder die Xhosas en Damaras binne die grense van die drie betrokke ringe, onderneem. Die koste aan hierdie onderneming was duur en daarom het die Kommissie van die Xhosa-Damara Sending op 23 Maart 1962 om 'n ekstra bydrae van R4,50 by die aandeelhouers gevra. Aan die versoek is voldoen. Die gemeente van Kakamas was ook 'n aandeelhouer van die Teologiese Skool, Wellington en het getrou haar aandele inbetaal en 'n jaarlikse biduur vir die saak gehou (Notule: NG Sendinggemeente, 6 Augustus 1960).

### 3.11.4 Armsorgkas

Sedert die bedieningsjare van ds. P.W.L. Sinclair het die kerkraad aandag gegee aan die armes in die gemeente. Volgens die notule het die kerkraad in 1948 'n armsorgkas gestig wat gevoed is deur 'n spesiale kollekte elke derde Sondagaand wat by die deure opgeneem is. Die leraar het in oorleg met die wyksdiaken besluit oor die tipe en hoeveelheid hulp wat 'n behoeftige uit die armsorgkas kon ontvang (Notule: NG Sendinggemeente, 29 Mei 1948). Die leraar het belowe om R2 as neseier vir die saak te stort. Teen Augustus 1952 het die kerkraad besluit om die armsorggeld geleidelik aan die Christelike Sustersbond oor te betaal om dit vir die doel in oorleg met die kerkraad te spandeer (Notule: NG Sendinggemeente, 23 Augustus 1952).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op 29 Oktober 1969 het die sinode van die NGKerk besluit om die Kakamas-Trustfonds te stig vir die "Gemeenskap van Kakamas". Volgens die sinode moes die fonds slegs vir mense en wesens aangewend word wat enige regte verkry het in terme van die Proklamasie nr. 123/1948, dit wil sê, vir nedersetters en perseelhouers. Alle surplusfondse te Kakamas is in die Kakamas-Trustfonds gestort.

Die sinode het verder besluit dat die Raad van die Trustees saamgestel word deur 'n gelyke getal verteenwoordigers bestaande uit 'n predikant en twee

https://etd.uwc.ac.za

dienende kerkraadslede uit elkeen van die bestaande en toekomstige gemeentes in die ressort wat deur die Kakamas-Bestuursraad beheer was.

Ds. P.W.L. Sinclair het ten opsigte van hierdie laaste besluit en in opdrag van sy kerkraad 'n onderhoud met die NGKerk Kakamas aangevra. Die onderhoud het daartoe gelei dat die NG Sendinggemeente gereeld 'n donasie uit die fonds ontvang het. Die opbrengs van die trust is slegs vir die volgende doeleindes aangewend:

(i) Barmhartigheidsdienste
(ii) Sendingwerksaamhede binne die grense van die betrokke gemeentes.
(iii) Studielenings en -beurse (Notule: NGKerk, 29 Oktober 1969 en Notule van die Kakamas-Bestuursraad, 4 Oktober 1970).

## 3.12 DIE GEMEENTE EN MUNISIPALITEIT

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 3.12.1 Selfbestuur vir Kakamas

Selfbestuur vir Kakamas het teen 1952 ter sprake gekom. In 1953 het die Kakamas-Bestuursraad die sinode van die NGKerk versoek om selfbestuur vir Kakamas in beginsel te aanvaar en die nodige stappe te doen, ooreenkomstig hul besluit van 1945. Die besluit van die vorige sinode was om aan Kakamas "selfstandigheid" te gee. Een van die drie beginsels wat as grondslag vir dié verlening van selfbestuur, is die bestendiging en handhawing van die wese en karakter van die nedersetting soos dit deur die jare deur die kerk opgebou is. Die aangeleentheid van selfbestuur vir Kakamas het ook voor die ringsvergadering van die NGKerk Kenhardt en die kerkraad van die NGKerk Kakamas as beskrywingspunt gedien. Hulle het gevra dat die sinode onverwyld die nodige stappe moet doen om aan Kakamas selfbestuur te verleen (Hopkins, 1978:243-244).

https://etd.uwc.ac.za

### 3.12.2 Die NG Sendingkerkraad se stryd teen drankgeriewe

Die kerkraad van die NG Sendinggemeente het met leedwese kennis geneem van die toekenning van 'n hotellisensie aan iemand te Noudonzies omrede die afbrekende invloed wat dit veral op die gemeentelede sou hê. Die kerkraad was van oordeel dat hul samewerking ter bestryding daarvan by die Dranklisensie Raad nie deur die Kakamas-Bestuursraad gesoek is nie. Die Kerkraad het opnuut hul samewerking aangebied om hierdie lisensie by die volgende sitting van die Dranklisensiehof te bestry (Notule: NG Sendinggemeente, 23 Augustus 1952).

In Augustus 1956 het die kerkraad eenparig besluit om by die Dranklisensiehof te vra om die drankverskaffing aan Kleurlinge te beperk tot Vrydagmiddae sodat daar geen drank op Saterdae verskaf mag word nie (Notule: NG Sendinggemeente, 18 Augustus 1956).

Die kerkraad het per skrywe onder datum 2 Junie 1961 teen die drankgeriewe in Kakamas geprotesteer soos geadverteer in die staatskoerant op 16 Mei 1961 by:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

(i) Die Voorsitters van die Dranklisensieraad.
(ii) NGKerkraad Kakamas.
(iii) NGKerkraad Marchand.
(iv) NGKerkraad Augrabies.
(v) Arbeidskoloniekommissie.

Die Sinode van die NGKerk het volgens die NG Sendinggemeente hulle in die steek gelaat insake die toekomsbeleid van Kakamas, veral in verband met die drankbeperkinge op Kakamas (Notule: NG Sendinggemeente, 5 Augustus 1961).

Die beswaar van die NG Sendingkerk is geïgnoreer omdat die toekomsbeleid ten opsigte van drankbeperkinge alreeds te ver gevorder het. Hulle het soos mense gevoel wat in die steek gelaat is. Volgens berigte in die Gordonia Nuus sou die Kakamas-Bestuursraad op 24 Mei 1961 'n referendum gehou het insake die "volkome selfstandigwording" van Kakamas al dan nie. Die

https://etd.uwc.ac.za

kerkraad het verontrus gevoel oor die oopstel van die nedersetting, sonder om die kerk in dié besluit te ken. Die kerkraad van die NG Sendinggemeente se beswaar is gegrond op die feit dat hulle wat 1 300 lidmate en 4 145 siele verteenwoordig in geen opsig geraadpleeg is nie. Enersyds het hulle nie kennis gekry nie en andersyds is hulle nie die geleentheid gebied om hul stem uit te bring nie. Die kerkraad het voorts die sinode versoek om iemand op die Kakamas-Bestuursraad te plaas om die Kleurlinge se belange te behartig (Notule: NG Sendinggemeente, 13 Mei 1961). Die kerkraad wou hiermee graag 'n voet in die deur kry om sodoende in die toekoms inspraak te hê oor sulke gewigtige sake en oor sake wat hulle persoonlik raak.

'n Skrywe, gedateer 25 Januarie 1957, berig dat die sinode eenparig besluit het dat selfstandigheid aan Kakamas toegeken is ooreenkomstig die voorgestelde konsepwet en konstitusie en opdrag is gegee aan die Sinodale Kommissie vir Toesig en Kontrole en die Kakamas-Bestuursraad om die besluit uit te voer[1] (Notule: NG Sendinggemeente, 24 Februarie 1962).

### 3.12.3 Die Groepsgebiedewet

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die kerkraad moes noodgedwonge die wet van die regering van die dag gehoorsaam. Die groepsgebiedewet is in 1957 met mening in Kakamas toegepas. Die Kleurlinge het reeds in afgebakende areas gewoon. In November 1957 het die kerkraad van die NG Sendinggemeente die Kakamas-Bestuursraad versoek om die woonpersele in die bestaande Kleurling woonbuurte af te pen en te bespoedig, aangesien die vertraging volgens die kerkraad baie ongerief aan die mense veroorsaak het. In 1962 was daar reeds 800 Kleurlinggesinne, 'n getal van 4 500 Kleurlinge, in die woonbuurtes

[1]Die volgende persone is benoem om op die Kakamas-Bestuursraad te dien:
Primarii: Di. F.D.J. Brand; S.G. Basson; mnre. L.C. Strauss; G.H.P. Geldenhuys en J. Oberholzer.
Secundii: Di. N.E. Nel; P.A.M. Brink; mnre. J.J. La Grange; P. van Heerden en J. Janse van Rensburg (Verslag van die Kakamas-Bestuursraad, 18 Julie 1970).

https://etd.uwc.ac.za

woonagtig. Volgens een respondent, ouderling Karel Pier was die verskillende permitstelsels reeds vanaf 31 Desember 1956 tot 14 Augustus 1964 van krag. Soos vroeër verduidelik is 'n permit uitgereik aan 'n persoon of persone aan wie verlof verleen is om op 'n plek te wees, byvoorbeeld om by sy familie te kuier. 'n Dorpwagter wat ook 'n lokasie-inspekteur genoem is, het saans om 21:00 die aandklok gelui vir alle Kleurlinge om die dorp te verlaat. Volgens oorlewering moes die lokasie-inspekteur drie aande per week in die lokasie diens doen (Onderhoud: Mnr. Karel Pier, 22 Augustus 1998). 'n Ander ouer respondent het beweer dat die permitte reeds in 1911 in die lokasie bestaan het, dit wil sê in die jaar van die stigting van die NGKerk. Die bewering is logies, daar Kleurlinge nie vroeër in Kakamas toegelaat is nie (Onderhoud: Mnr. Giel Brand, 8 November 1997).

Volgens 'n verslag opgestel deur ds. P.W.L. Sinclair, gedateer 7 Desember 1961, woon die Kleurlinggemeenskap sedert 1901 alhier en het hulle ontwikkel tot 'n homogene kerkgemeenskap onder leiding van die NGKerk in Suid-Afrika wie se eiendom Kakamas nedersetting was.

Die Kleurlinge het reeds voor die totstandkoming van die groepsgebiedewet in afsonderlike woongebiede gewoon. Hulle het begin saamwoon in klein gemeenskappies genoem "lokasies" en of "kroeke" in vandag se terminologie, Kleurlingwoonbuurtes. Hierdie woonbuurtes is versprei oor die hele nedersetting en is omtrent 11,2 kilometer van mekaar geleë. Die woongebied Witrand is reeds voor 1925 bewoon. Meulkroek was baie ouer as Witrand. 'n Boorgat, windpomp en sinkdam is by Meulkroek verkry vir gebruik in krisistye. Marchand het ook 'n boorgat met 'n handpomp gekry wat later aan die Afdelingsraad, Kenhardt geskenk is. Hierdie woonbuurtes is deur die Staat as Kleurlingwoonbuurtes geregistreer. Die NG Sendinggemeente het deur die jare heen baie geld gespandeer om die nodige kerk en/of skoolgeriewe beskikbaar te stel.

Die Kakamas-Bestuursraad het in die sestigerjare die woongebiede opgemeet in woonplekke in samewerking met die Departement van Behuising. Inmiddels is niemand toegelaat om sy intrek te neem in die woonbuurtes sonder die amptelike toestemming van die Kakamas-Bestuursraad nie. Op 'n stadium moes die Kleurlinge hulle op die erwe van die boere gaan vestig. Die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Kleurlinggemeenskap langs die Grootrivier is nooit op enige tydstip en wyse geken of geraadpleeg nie.

In 1962 is 'n interdepartementele komitee aangestel om die gebied te besoek. Die leraar is deur die komitee genooi vir 'n onderhoud insake die Kleurlingwoonbuurte langs die Oranjerivier. Op 4 Augustus 1962 het die kerkraad die kerk en skool te Kakamas asook die nuwe voorgestelde woongebied, Langverwag, goedgekeur (Notule: NG Sendinggemeente, 4 Augustus 1962). Die groepsgebiederaad het op 25 Januarie 1966 te Kakamas deur middel van 'n memorandum vir of teen die groepsgebied gestem. Die inwoners het ten gunste van die groepsgebiedewet gestem. Die here Maans Isaks, Klaas Maarman en die leraar het die komitee namens die kerkraad ontmoet (Notule: NG Sendinggemeente, 2 Februarie 1966).

## 3.13 MUNISIPALITEITSTATUS

In 1964 het Kakamas munisipaliteitstatus verkry en het vanaf 1 Desember 1964 as 'n volwaardige munisipaliteit gefunksioneer en prokureur J.A. Loubser as die eerste burgemeester en mnr. Charl. J. Nel as die eerste stadsklerk. Mnr. C.J. Nel het vir 'n kort rukkie as stadsklerk gedien en is opgevolg deur mnr. C.J. Malan (Onderhoud: Mnr. F.S. Mostert, 15 Oktober 1998)[1]. Die eerste ses aangestelde raadslede het aangebly totdat 'n verkose Munisipale Raad in September 1966 in diens getree het (Hopkins, 1978:248).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die Gemsbok, 'n streekskoerant, berig dat die munisipaliteitstatus aangeleentheid in 'n gemoedelike stemming plaasgevind het toe die ampsketting ingebruik geneem is alhoewel die eerste Munisipale Raad reeds op 1 Desember 1964 deur die Administrateur van die tyd benoem was.
Op 29 Oktober 1965 is die woongebied van die Kleurlinge as Blanke groepsgebied en grondbesit geproklameer.

Op 7 September 1966 is die eerste gekose raad gekies[2]. Tot burgemeester

---

[1]Die ander eerste raadslede was dr. F.M. Joubert; J.H. de Beer; J.A. Hennig; A.J. Koortzen en T.H. le Roux.

[2]Die ander gekose raadslede was dr. F.M. Joubert; mnre. B.J.F. Kemp; F.S. Mostert en D.S. Stenekamp.

https://etd.uwc.ac.za

is mnr. T.H. le Roux gekies en as onderburgemeester ds. P.W.L. Sinclair. Sinclair het eers op 2 Mei 1974 die ampsketting om die skouers van T.H. le Roux gehang.

Die eerste Munisipale Raad het nie 'n maklike taak gehad nie. Met groot ywer en goeie werk het hulle begin. Uit beperkte bronne moes hulle hul inkomste vind om slegs die mees noodsaaklikste dienste aan die eerste begroting te laat klop. Hulle moes ‘n eiendomsbelasting van R1,51 per Rand hef (Die Gemsbok, 14 Augustus 1998).

In die sewentigerjare is die groepsgebiede se grense aangepas. Die Kleurlinge is na 'n nuwe woongebied verskuif. Baie Kleurlinge veral die intelligentia was ongelukkig en ontevrede dat hulle moes verhuis. Waar mense onwillig was om te verhuis, is die huise met 'n stootskraper omgestoot tot groot vermaak van sommige Blankes. Dit is gedoen nog voordat mense alternatiewe huisvesting kon bekom.

Teen 27 Augustus 1971 het die munisipaliteit 150 vier- en vyfvertrek huise in die woonbuurt Langverwag opgerig en in September 1974 betrek. Die eerste twee fases het bestaan uit 406 huise ten bedrae van R376 656. Die Kakamas-Bestuursraad het die grond waarop die staatskool vir die Kleurlinge en die hospitaal staan, geskenk. By die voltooiing van die behuisingsprojek, is daar in 'n groot behoefte na 'n eie woonhuis vir talle Kleurlinge voorsien. Die behuisingsprojek met die nodige dienste ingesluit is aan die einde van die dag teen 'n geraamde koste van ongeveer vyf miljoen rand gebou (Die Gemsbok, 14 Augustus 1998).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Daar was min wat Kakamas se nuwe Kleurlingwoonbuurt, Langverwag, van baie ander Kleurlingwoonbuurte onderskei het. Dit lê omtrent vier kilometers suidoos van Sentraal Kakamas, geskei van die wit sakedorp deur 'n begraafplaas en 'n stuk oop grond en sy inwoners is ingehok in eenderse en eenvoudige stadsraadshuisies. Die huisies is nie tot die gerief van die inwoners ontwerp nie, maar om die Groepsgebiedewet van die regering te akkommodeer. Hillock en Witrand is as deel van die hoofdorp, Langverwag beplan. Die Raad van Verteenwoordigers het ook fondse beskikbaar gestel vir die volgende: ontwikkeling van sportgronde en dertig persele teen 'n koste

https://etd.uwc.ac.za

van R120 000, 'n gemeenskapsaal en kantore teen 'n koste van R70 000. Nie een van die inwoners het enige vergoeding vir sy krot of beskadigde eiendom ontvang nie. 'n Minimale vergoeding is slegs aan die NG Sendinggemeente Kakamas uitbetaal en 'n afslag op sekere eiendomme verkry (Verslag van die Kakamas-Bestuursraad, 18 Julie 1970).

## 3.14 INSTELLING VAN SKAKELKOMMISSIE

Die saak ten opsigte van die toekomsbeleid van Kakamas het tot gevolg gehad dat die kerkraad die sinode versoek het om iemand op die Kakamas-Bestuursraad te kies om die belange van die Kleurlinge te behartig en te dien. Op hierdie stadium was die sinode nog steeds geken in die bestuur van sake en daarom moes die sinode van die NGKerk sy toestemming verleen. Op versoek van die Munisipaliteit is ds. P.W.L. Sinclair gekies om op die Skakelkommissie te dien (Notule: NG Sendinggemeente, 5 Augustus 1967).

## 3.15 MUNISIPALE AANGELEENTHEDE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens die kerkraadsnotules is daar vanuit die kerkraad aansoek gedoen om die registrasie van ds. P.W.L. Sinclair. Ds. Sinclair was die voorsitter op dié stadium. Die kerkraad het sy toestemming gegee dat die voorsitter in die munisipaliteit mag dien (Notule: NG Sendinggemeente, 6 Mei 1972).

## 3.16 WATERSTELSELPROJEK

Ds. P.W.L. Sinclair het besondere insig getoon deur die kerkraad in 1950 te lei om 'n boorgat (Waterstelselprojek) by die kerk aan te lê. Hy en W.A. Boesak het op eie verantwoordelikheid vir water by die kerk laat boor. Sterk water is op 1,380 kilometers diep gevind wat 7 500 liter heerlike water per uur gelewer het. Die koste aan die gat was R40,50 wat goedgunstelik deur die Christelike Sustersbond geskenk is. Ds. P.W.L. Sinclair het op sy

https://etd.uwc.ac.za

beurt 'n bedrag van R200 renteloos aan die kerkraad gebied. Die komitee, bestaande uit W.A. Boesak, Maans Isaks, Klaas Maarman en H.P. Horne moes die waterskema voltooi[1].

Mev. Annie Horne en die dienende kerkraadslede van die oomblik het vir die dam ingestaan vir die totale bedrag van R20. Die enjinkamer is teen Mei 1954 vir R183,70 voltooi en in gebruik geneem. Teen 16 November 1950 is die projek in die geheel afgehandel wat in totaal vir die kerkaad R460,71 gekos het (Notule: NG Sendinggemeente, 25 November 1950).

## 3.17 DISTRIKSVERPLEGINGSDIENSTE

Die daarstelling van 'n distriksverplegingsdiens is goed in die gemeente ondersteun. Die projek sou die verantwoordelikheid wees en gedra word deur die Staat, Christelike Sustersbond, Vroue-Sendingbond van Kakamas, NGKerk en die Vroue Landbou Vereniging van Kakamas. Die woning van Samuel Meiring, geleë in Hillock is vir die doel teen 'n bedrag van R325 aangekoop. Die kerkraad het dit vir dieselfde bedrag aan Kakamas-Bestuursraad verkoop vir verpleegdienste en kliniek. Mev. W.A. Ventura was die eerste Kleurlingverpleegster wat hier diens gedoen het. Haar man was 'n onderwyser in Kakamas, die latere ds. W.A. Ventura.

In die volgende hoofstuk word die tydperk 1976 -1986 tydens die verdere bediening van ds. P.W.L. Sinclair en die bediening van die ds. G.P. Thiart behandel.

---

[1]Die ses dagskole-onderwysers en Skoolbestuurder het elk R10 geskenk. Die lys van onderwysers en kerkraadslede wat bydraes gemaak het, is L.J. Herandien; W.A. Boesak; N.J. Maarman; Thos Fortuin; T. Saal; Johannes Isaks; E. Touw; H.P. Horne; Z. Strauss; E. Christians; Jac Hein; W.H. Dowie; H. Laudie; Thos Jansen; Magrietha Cloete en L.P. Jacobs.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 4

## *DIE BEDIENING VAN DI. P.W.L. SINCLAIR EN G.P. THIART (1976 – 1986)*

### 4.1 DIE GESKIEDENIS VAN DIE GEMEENTE TYDENS DIE BEDIENING VAN DS. P.W.L. SINCLAIR

In die vorige hoofstuk het ons gelet op die bedieningsjare van die eerste amptelike leraar en sy opvolger vanaf 1936 tot 1976. Hierdie hoofstuk is 'n voortsetting van die diensjare van eerw. P.W.L. Sinclair en sy opvolger ds. G.P. Thiart vanaf 1983 tot 1986.

Dit was nou reeds 5 jaar wat verloop het sedert die groepsgebiedewet afgekondig is en die kerkraad besluit het om 'n argitek te nader om 'n voorlopige sketsplan vir 'n kerkgebou, nie gekombineerd met 'n saal nie, te laat opstel. Hannes van der Merwe en Vennote, te Kaapstad is as argitekte aangestel. Op 7 Junie 1976 om 08:00 het 'n ontmoeting tussen die twee partye plaasgevind. Die gemeente het in 1968 tot 4 270 siele en 1 286 lidmate gegroei. Die kinders wat die Sondagskool in die tyd besoek het was 1 025 (Notule: NG Sendinggemeente, 2 Mei 1976).

In Maart 1974 het die kerkraad 'n kerkperseel en twee woonpersele in Langverwag aangekoop. Langverwag is ongeveer 1,8 km suidoos buitekant die sentrale dorp Kakamas geleë met die Blanke begraafplaas en die Nasionale Hospitaal tussenin. Wyksfunksies is nou elke maand ter stywing van die kerkboufonds gehou en inbetalings het elke einde van die maand geskied. Gedurende Pinksterdienste is 'n dankofferkollekte by die deure gehou ten behoewe van die kerkboufonds (Notule: NG Sendinggemeente, 2 Mei 1976). Die NGKerk Kakamas het hul bankkollekte van elke Sondag van elke maand aan die NG Sendinggemeente afgestaan vir die kerkboufonds.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die voorneme was om 'n duisend rand op dié wyse teen die einde van Februarie 1977 in te samel en dit oor te betaal sodra die bouwerk in aanvang sou neem. Op 13 November is die kerkbouplan ter tafel gelê. Basson Bouers is aangestel om die kerk te bou teen 'n koste van R122 148,00 wat deur die kerkraad van die NG Sendinggemeente self begroot is. 'n Sooispitfunksie is op 29 Oktober 1977 gehou (Notule: NG Sendinggemeente, 13 November 1976).

Erf 271 is aan die NG Sendinggemeente vir die nominale bedrag van R1,00 in Langverwag verkoop, plus alle koste in verband met die opmeting en transport (Notule: NG Sendinggemeente, 13 November 1976 en 25 Februarie 1978).

Die kerkraad het hom ook vir 'n nuwe staatskool in die nuwe woongebied beywer.

## 4.2 ONDERWYS

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die vele vertoë van die kerkraad aan die Departement van Kleurlingsake vir 'n nuwe laerskool het goeie vrugte afgewerp. Op 26 November 1974 is die nodige tenders reeds ingewin en is daar gehoop om in Januarie 1975 'n begin te maak met die oprigting van die skool.

Die nuwe skool is deur die Administrasie van Kleurlingsake teen 'n geraamde koste van R370 000 vir die boekjaar 1974/1975 en 1975/1976 begroot. Volgens 'n skrywe van die Administrasie van Kleurlingsake was hulle terdeë bewus van die tekort aan skoolakkommodasie wat daar by die laerskool Kakamas (NG Sendinggemeente) bestaan het en was selfs gretig dat die staatskool so spoedig moontlik tot bevrediging van alle belanghebbendes opgelos sal word, dit wil sê dat die skool gebou moet word (Korrespondensie: Administrasie van Kleurlingsake, 19 November 1974 en Brief, 27 Februarie 1974, E2147).

https://etd.uwc.ac.za

In Januarie 1975 is 'n begin gemaak met die oprigting van die skool. Gedurende die derde kwartaal van dieselfde jaar is die skool voltooi. In die daaropvolgende jaar is die skoolgebou in gebruik geneem en op 24 Maart 1977 amptelik geopen en ingewy. Eerw. Allan Hendricks, leier van die destydse Kleurling Arbeiders Party was die gasspreker (Notule: NG Sendinggemeente, 18 Mei 1974). Hierdie staatskool, behuisingsprojek en alles wat daarmee gepaard gegaan het, het die aangesig van die Kleurlingwoonbuurt aansienlik verander en verbeter.

Die staatskool was een van vele projekte wat die kerkraad en gemeente met blydskap begroet het. Al noodsaaklike gebou wat egter nog in die nuwe woongebied ontbreek het, was 'n aanbiddingsplek.

## 4.3 DIE OPRIGTING EN INWYDING VAN DIE NUWE KERKGEBOU

### 4.3.1 Hoeksteenlegging

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die hoeksteenlegging het op 7 September 1978 plaasgevind met die volgende voorgestelde bewoording daarop, naamlik geskenk deur AVBOB. Ds. W. van der Merwe van Kenhardt het die Woordverkondiging by die geleentheid gebring en al die plaaslike NGKerk gemeentes is na die plegtigheid genooi. 'n Detail tekening van die liturgiese embleem is op die agter gewel van die kerk aangebring (Notule: NG Sendinggemeente, 4 November 1978).

### 4.3.2 Kerkinwyding

Die derde fase is uiteindelik bereik toe die gemeente op Saterdag 3 Maart 1979 in 'n feestelike stemming die nuwe kerkgebou amptelik ingewy het. Mev. W. Reed, die skenker van die naamplaat het die bronsplaat na die gebed van ouderling Henry Karels onthul nadat uit gesang 374 gesing is (Die Ligdraer: 16 April 1979). Mev. C.E. Sinclair het die voordeur oopgesluit terwyl die plaaslike leraar, ds. P.W.L. Sinclair die verwelkomings behartig het.

https://etd.uwc.ac.za

Verskillende groeteboodskappe is oorgebring:

* Ds. I.S. Louw namens die NGKerk gemeentes van Augrabies, Kakamas en Marchand
* Ds. W. van der Merwe namens die Ring van Upington
* Die Burgemeester, mnr. T.H. le Roux names die plaaslike Munisipaliteit.

Prof. dr. C.J. Kriel, die eerste leraar, het die feesrede na die inhoud van 1 Sam. 7:12 gehou. Ds. P.W. Hunter van die NGKerk Kakamas het Sondagoggend die Kinderdiens gelei na die inhoud van Gen. 3 en Joh. 10. Sondagaand het ds. J.G. Smith uit Gen. 39 gepreek, terwyl ds. P.G. Thirion van die NGKerk Marchand die verrigtinge van die week met Exodus 40 afgesluit het. Die koor van Marchand onder leiding van C. Jansen het die lied, "Hoe groot is die Heer", gesing. Met die vertrek van die leraar is die uitstaande skuld op die nuwe kerk ten volle vereffen (Die Ligdraer: 16 April 1979).

### 4.3.3 Begrafnisse vanuit die kerk

Soos reeds aangehaal in 'n vorige hoofstuk, het die begrafnisse nie uit die kerk geskied nie. Dit het dikwels ontevredenheid en onenigheid veroorsaak vanweë die onreëlmatige optrede van die kerkraad dat lidmate nie uit die kerk begrawe kon word nie. Die begrafnisdienste is in die reël in die kerkhof gehou. Volgens die scriba van die Ring van Upington het die oorgrote mederheid van lidmate hierdie gebruik van begrafnis hou aanvaar (Skrywe van die Ringscriba, 29 Oktober 1974). Die Heyns-familie wou hulle nie neerlê by die gebruik van die gemeente om begrafnisse in die kerkhowe te hou nie. Die staande besluit en beleid van die kerk is dat geen begrafnisse vanuit die kerk sal plaasvind nie (Onderhoud: Ouderl. Henry Karels, 22 April 1999). Die kerkraad was nie bereid om 'n revisie en herroeping van die besluit te oorweeg nie. Die kerkraad het eenparig besluit om te volstaan by die praktiese maatreël.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die kerkraad het besluit indien 'n lidmaat spesiaal versoek dat die begrafnis uit die kerk gehou moet word kan die versoek oorweeg word slegs as die betrokkenes goedstaande lidmate van hierdie gemeente is. Die kerkraad herhaal sy standpunt en gebruik wat sonder onsmaaklikheid vir meer as dertig jaar beoefen is (Notule: NG Sendinggemeente, 18 Mei 1974).

Op 2 Junie 1974 het die kerkraad 'n spesiale kerkraadsvergadering belê om die brief van N. Heyns, 'n vroeëre lidmaat van die gemeente, in behandeling te neem. Hierdie brief van mnr. N. Heyns het sekere onsmaaklike aantuigings teen die leraar en kerkraad behels.

Die onsmaaklikhede wat N. Heyns kwyt geraak het, sentreer rondom 'n aantal besware, naamlik:

(i) Dat hy as "meneer" aangespreek is in plaas van die gebruiklike aanspreekvorm, "broeder". Volgens Heyns is dit een van die swakste indrukke wat die leraar van Kakamas op hom nog gemaak het.

(ii) Dat sy klagte nie so 'n groot versteuring van die orde van die kerk is as om die reg van 'n lidmaat van die kerk van Christus moedswillig in te kort nie, byvoorbeeld in die geval om die begrafnisdiens van sy vader en tante wat nie vanuit die kerk begrawe is nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(iii) Dat die huishoudelike reglemente (reëls) eerder die lidmaat verneder het in plaas van dat dit tot voordeel van die hele gemeente was.

(iv) Dat die leraar en kerkraad die dienste laat geskied het soos dit vir hulle gepas het en nie na die wens van die betrokkenes nie.

(v) Dat die familie nie sy weg oopgesien het om hulle oorledene deur 'n ouderling te laat begrawe nie. Die leraar moes dit self gedoen het. Volgens die klaer was die kerkraad onbevoegd om die begrafnis waar te neem. Die leraar was volgens die klaer ook

https://etd.uwc.ac.za

onbevoegd daarom het hy hom nie geroepe gevoel om die werk te verrig nie. 'n Familielid, B. Koopman, het die oorledene begrawe terwyl ds. Saul Damon sy oom begrawe het (Onderhoud, mev. Susan Heyns, 11 Januarie 2000).

(vi) Dat hy 'n leraar soos 'n hond sal wegjaag indien hy/sy by sy huis se voordeur kom aanklop as hulle wel tyd vind om by hom te kom kollekteer, en of met hom oor sy siel te wil kom praat, maar nie tyd vind om sy begrafnisdiens of dié van een van sy familielede te hou nie.

(vii) Dat die kerkraad talle ander gewone lidmate, kerkraadslede en sustersbondlede se begrafnisdienste vanuit die kerk gehou het. Die klaer voel beswaard omdat sy oorlede vader, Ernest Heyns wat die kerk help bou het, asook sy tante wat haar afgesloof het vir die kerk met basaars en as kollektant te sleg was om vanuit die kerkgebou begrawe te word nie.

(viii) Dat N. Heyns die kerkraad as regverdiges en welopgevoedes getipeer het. Volgens die klaer is die leraar destyds nie toegelaat om soveel misbruik van sy magte te maak nie. Die leraar kon volgens die klaer oor talle dade en uitsprake vanaf die preekstoel deur die gemeente oor die kole gehaal, maar uit vrees, onkunde of respek teenoor die leraar, het hulle dit nie gedoen nie. Baie ontslapenes, sommige onderwysers was nooit goed genoeg geag om in die kerkraad te dien nie. Hy het ook beweer dat die NG Sendinggemeente ook in twee kampe verdeel was as gevolg van die leraar se houding en handelinge in verband met die hou van begrafnisse. Daar is nog baie ander klagtes wat hy genoem het (Korrespondensie: Brief van mnr. N. Heyns, 24 April 1974).

Die vraag ontstaan: Wat was die verweer van die kerkraad en die leraar op al die aantygings en ten laaste die uitspraak van die Ring van Upington in die onderhawige saak.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die kerkraad en leraar van die NG Sendinggemeente Kakamas het hulle soos volg verweer:

(i) Dat die klaer in 1962 lidmaat geword het en in 1964 die gemeente met lidmaatsertifikaat verlaat het na die NG Sendinggemeente Somerset-Wes. Hy was dus geen lidmaat van die gemeente nie. Daar hy in Kimberley woonagtig was tydens die ingediende klag, het hy ook geen status in die Ring van Upington gehad nie. Lidmate het 'n bepaalde status in 'n gemeente en via hierdie lidmaatskap resorteer so 'n persoon ook onder 'n bepaalde ring. Die klaer se klagte is nie beëdig nie, nog minder was dit 'n plegtige verklaring soos vereis in artikel 170(b) nie. Voorts het hy ook klaarblyklik namens lidmate van Kakamas die klagtes ingedien. Geen ondersteunende verklarings het N. Heyns se klagte vergesel nie. Artikel 170(b) waarna hierbo verwys, lees: *"Klagtes van nie-lidmate mag deur kerkvergaderings aangeneem word vir ondersoek. Geen sodanige klagtes sal egter aangeneem word, tensy dit deur beëdigde of plegtige verklarings bevestig of ondersteun kan word nie."* (Bepalings en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, Hersien deur die Sinode in die jaar 1970).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(ii) Dat die kerkraad die reg het om huishoudelike reglemente te kan maak, kragtens artikel 83. Heyns, 'n buitestaander van 'n ander gemeente, is aanmatigend. Artikel 200 soos deur hom aangehaal, is misplaas. Die kerkraad was in albei gevalle gereed en bereid om die begrafnisse waar te neem. Artikel 83 lees: *"Elke kerkraad het die reg om besondere huishoudelike reglemente te ontwerp, mits hulle nie met die bestaande kerklike bepalings in stryd is nie."* (Bepalinge en Reglemente van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika, 1970:23).

(iii) Dat die klaer na beuselagtige dinge gegryp het om 'n klag te probeer formuleer. Die klaer kon vanweë sy gebrekkige kennis nie van die plaaslike sake/gebeurtenisse getuig nie.

https://etd.uwc.ac.za

Die klaer het ook heelwat onwelvoeglike aantygings teen die leraar en kerkraad kwyt geraak waarop die kerkraad soos volg gereageer het:

(i) Dat die smalende uitdrukkings van regdenkende welopgevoede kerkraadslede as baie onverantwoordelik beskou word.

(ii) Dat die aantyging dat die leraar sou gepropageer het dat alle onderwysers teëstrewers van die werk van God sou wees, van alle waarheid ontbloot is.

(iii) Dat sy bewering dat die gemeente in twee sou geskeur het is wensdenkery. Dit is volgens die kerkraad onchristelike bewerings. Om dié aantygings te weerlê, bevestig die kerkraad die volgende feite:

(a) Opkomste na die nagmaaldienste van die betrokke naweek was soos volg:

- Voorbereidingsdiens 513
- Nagmaaldiens self 533
- Kinderdiens 719
- Dankseggingdiens 611

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die gemiddelde opkomste met Pinksterdienste (slegs die aand opkomste op die dorp) in 1972 was 376; 1973 was dit 292 en in 1974, 354. Die inkomste vir 1974, ('n rampjaar) was R1 954 teenoor R1 321 vir 1973; dankfeesbasaar (bydrag) 1972-1973 was R1 206 teenoor R1 459 in 1973/1974. In 1972 het 23 lidmate oorgekom en 68 katkisante met aflegging van geloofsbelydenis voorgestel teenoor 15 wat oorgekom en 80 in 1973 lidmate geword het. In 1974 was daar 143 katkisante in die katkisasieklasse. Die Sondagskoolkinders was in 1972/1973 1 187 teenoor 1 281 in die jaar 1973/1974.

https://etd.uwc.ac.za

(b) Die bewering dat die lidmate die gemeente en of kerk sou verlaat, is van alle waarheid ontbloot. Die kerkraad wou weet hoe kon 'n buitestaander wat tien jaar uit die gemeente weg is, sulke beweringe maak. Die kerkraad stel dit vir 'n feit dat geen lidmaat na ander kerke in 1973/1974 vertrek het nie. Indien dit wel sou voorgekom het, sou dit 'n doodnormale ding gewees het. Ironies genoeg het die kerkraad die afgelope twee jaar onder bespreking etlike Rooms-Katolieke gesindes in die katkisasieklasse gehad.

Die kerkraad het ook tot 'n objektiewe ontleding ten opsigte van die klagtes gekom en tot die volgende oortuigings geraak en aldus onskuldig gepleit:

(i) Dat alle bewerings hoegenaamd geen klagtes teen die kerkraad en leraar daar stel nie. Dat alle beweringe op hoorsê en wensdenkery berus.

(ii) Dat die skrywe van die klaer nie as 'n klag aangeneem behoort te word nie weens die ontstentenis van ondersteunende beëdigde en/of plegtige verklarings, minstens van die persone of families namens wie die klaer beweer hy die klagte ingedien het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(iii) Dat die huishoudelike reëlings of reglemente van die kerkraad sover dit die grondslag vorm van die klag, reeds vir meer as 30 jaar toegepas is, sonder ontevredenheid van enige aard. Volgens die kerkraad val dit duidelik binne die raamwerk van die kerklike bepalings.

(iv) Dat die selfkennis van die klaer ter vestiging van sy klagtes, verwerp word as wensdenkery.

(v) Dat die klaer hom sonder enige ondersteunende beëdigde of plegtige verklarings skuldig gemaak het aan ernstige onwaarhede en meineed.

https://etd.uwc.ac.za

Die vraag mag ontstaan, wat was die uitspraak van die Ring van Upington van die NG Sendingkerk op die verdediging en verweer van die kerkraad van die NG Sendinggemeente Kakamas.

Die bevindinge en uitspraak van die Ring van Upington was drieledig van aard, naamlik:

(i) Dat die klag hoofsaaklik gaan oor die begrafnisvoorval van die klaer se vader en tante.

(ii) Dat die klaer erken dat die kerkraad die begrafnis wou waarneem maar die klaer wou hom nie neerlê by die plaaslike gebruike nie. Die leraar het ook erken dat daar soms afgewyk is van die normale reëlings, die oorgrote meerderheid van lidmate dit aanvaar het om die begrafnisdienste in die kerkhof te hou (Skrywe: 25 Julie 1974 en 30 Julie 1974).

(iii) Dat die ringskommissie die kerkraad en leraar onskuldig bevind het aan enige tugwaardige oortreding.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Nieteenstaande die onskuldigbevinding van die kerkraad en leraar het die ringskommissie nogtans die kerkraad en leraar beleefd versoek, sonder om hulle uit te laat oor die eie reg van die kerkraad, hulle handeling ten opsigte van begrafnisse dringend hersien. Die saak is hierna as afgehandel beskou.

Nog tydens ds. P.W.L. Sinclair se tyd is die aangeleentheid reggestel. Die lidmate was nie gelukkig met die ou reëling nie. Die kerkraad het die wyse raad van die Ring van Upington aanvaar en hulle handeling ten opsigte van begrafnisse gewysig en alle oorledenes daarna vanuit die kerk begrawe. Almal was gelukkig en ingenome met die nuwe reëling (Skrywe van NG Sendingkerk, Ring van Upington, 22 Oktober 1974).

Die gemeente het oor heelwat kerklike eiendomme beskik. Eiendomme was en is steeds een van die beste beleggings.

https://etd.uwc.ac.za

## 4.4 KERKLIKE EIENDOM

### 4.4.1 Die pastorie erf

Die NG Sendinggemeente Kakamas het verskeie eiendomme gebou, byvoorbeeld die pastorie erf te Langverwag. Hierdie erf (287) is 'n skenking van die herderspaar waarvoor hulle R216 betaal het en dit aan die gemeente geskenk het om dit te konsolideer met erfnommer 288, die bestaande pastorie erf. Die kerkraad het die geskenk met groot dank en waardering aanvaar (Notule: NG Sendinggemeente, 21 Augustus 1982).

Volgens 'n skrywe van die Kakamas-Bestuursraad het die kerkraad in 1974 bogenoemde erf 288 en 290 vir R150 elk aangekoop asook erf 289 vir R250 (Skrywe: Kakamas Bestuursraad, 11 Maart 1974).

Op 5 Junie 1974 het die kerkraad die volgende geboue gehad (die eiendom verwysingsnommer verskyn tussen hakies): Neus (20/153); Spookkop (27/83); Hillock (249/232); Laerskool Kakamas (NG Kerk) (248/232); Kerk, Pastorie (241/232); Groenkroek (24/268); Truter (1036/336); Alheit (22/903); Marchand Kerk, Marchand, Pastorie erf (17/700); Rhenosterkop (11/645) en die eiendom te Noudonzies, gedeelte 61 van die plaas Orange Fall nommer 16 (Die Gemsbok, 6 Desember 1996).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die kerkraad het reeds op 'n vergadering van 18 November 1972 van sy voorwaardes ten opsigte van die Nondonzies eiendom afstand gedoen waarop daar na lange onderhandelings ooreengekom is soos uiteengesit in die skrywes van Oosthuizen se prokureurs, onder datum 25 Mei 1972. Die kerkraad se voorstelle is aanvaar.

Die voorstelle het die volgende ooreenkoms behels: Die eiendom word geskenk deur mnr. R.K. Oosthuizen aan die NG Sendinggemeente op voorwaarde dat die eiendom vir "kerk- en aanverwante doeleindes" deur die NG Sendinggemeente gebruik word. Indien dit sou blyk dat die eiendom nie langer as sulks gebruik word nie, sal die Nondonzies-eiendom deur die NG Sendinggemeente verkoop word, met dien verstande dat mnr. R.K. Oosthuizen die eerste keuse het om die eiendom aan te koop teen dieselfde

https://etd.uwc.ac.za

prys as wat skriftelik deur 'n ander persoon daarvoor aangebied is. Indien geen aanvaarbare aanbod ontvang word nie teen sodanige prys as wat die NG Sendinggemeente en mnr. R.K. Oosthuizen mag ooreenkom sal die eiendom verkoop word aan iemand anders wat 'n beter en aanvaarbare prys aanbied. Ingevolge die ooreenkoms moet die koper binne 'n maand skriftelik kennis gee van sy voorneme dat hy die eiendom wil koop nadat die aanbod aan hom gemaak is. Indien hy in gebreke bly om dit te doen, sal die aanbod verval (Brief van die kerkraad: NG Sendinggemeente, 6 Mei 1981). Die nodige permit van groepsgebiede was afwagtend na die ondertekening van die dokumente (Brief van Malan en Vennote, Upington, 16 Mei 1981).

### 4.4.2 Oorname van Kleurling kerkhowe

Die begraafplase van die Kleurlinge het verspreid in die verskillende Kleurlingwoongebiede voorgekom. Die Spookkopbegraafplaas is op koste van die Kakamas Munisipaliteit verklein.

Die oorname van die Kleurlingkerkhowe het ekstra finansiële verpligtinge van die reeds sukkelende lidmate tot gevolg gehad toe die Munisipaliteit per skrywe, gedateer 1 April 1975 kennis van die oorname gegee het. Die kerkraad het 'n terugbetaling van R100 vir die draadomheining vir Witrand se kerkhof ontvang. Grafpersele vir volwassenes sal voortaan R4,00 kos en die van kinders onder die ouderdom van agtien jaar R2,00 terwyl 'n vooruitbespreking van een grafperseel R10,00 sal wees (Notule: NG Sendinggemeente, 28 April 1975).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die NG Kerkraad het nie eiendomsreg ten opsigte van enige Kleurling kerkhof op Kakamas Arbeidskoloniekommissie verkry nie. Die kerkhowe of terrein het aan die geregistreerde eienaar, die NGKerk in Suid-Afrika behoort deur sy amptenare, naamlik die Saakgelastigde en die voorsitter van die Kommissie van Toesig en Kontrole. Die Afdelingsraad van Kenhardt moes met die Arbeidskoloniekommissie van Kakamas reël om oordrag van die grond van al die kerkhowe op Kakamas-Suid te neem, asook verantwoordelikheid te aanvaar vir die beheer, instandhouding, ensovoorts, daarvan.

https://etd.uwc.ac.za

'n Bedrag van R80,00 is aan die kerkraad van die NG Sendinggemeente uitbetaal as 'n gebaar van tegemoetkoming en ter wille van goeie gesindheid (Notule: NG Sendinggemeente, 5 Februarie 1972).

Die kerkhowe van Alheit en Marchand was sedert die stigting van hierdie gemeente in 1936 onder sy beheer en bestuur in opdrag van die kerkbestuur, aldus die verslag van die Kakamas-Bestuursraad. Alheit het 'n vergoeding van R10,00 ontvang en Marchand se begraafplaas is teen 1954 vergroot en omhein en die materiaal is aan die Kakamas-Bestuursraad vir R70,00 verkoop. Die Hospitaalraad het per skrywe verneem na die gelykmaak van die begraafplaas reg voor die Rooms-Katolieke pastorie, tussen die dorp en Hillock. Slegs J. Melkbos en P. Leukes het beswaar geopper. Omdat hulle geliefdes daar begrawe lê. Die beswaar is as ongegrond van die hand gewys. Toestemming is aan die hospitaalraad verleen om die grafte met die grond gelyk te maak, dit te omhein en gras daarop te plant (Notule: NG Sendinggemeente, 19 Oktober 1985).

Soos blyk uit die voorafgaande inligting was die gemeente se finansies op 'n gesonde basis.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 4.5 FINANSIES GEDURENDE DIE PERIODE VAN DS. P.W.L. SINCLAIR

Uit die notule van 13 Augustus 1976 skyn die geldsake nog steeds gesond te vertoon. Die kerkraad het die inkomste na luid van artikel 10 van die Kerkorde aangewend vir barmhartigheidsdienste en sendingwerksaamhede binne die Arbeidskolonie. Die NG Sendinggemeente het die gelde soos ontvang uit die Kakamas-Trust aangewend vir die werk onder die Xhosas, Herero's en Damaras. Op 1 Januarie 1978 is die leraar se reiskoste met R20,00 verhoog en sy gade het 'n beurs van R150,00 ontvang (25 Februarie 1978). Mev. Sinclair het soms 'n klein bedraggie ontvang as blyk van dank en waardering vir wat sy vir die kerkraad beteken en gedoen het. Sy moes dikwels vir lang tye alleen tuisbly terwyl Ds. Sinclair vir vergaderings uithuisig was.

https://etd.uwc.ac.za

Op 10 Mei 1983 het die kerkraad 'n scriba en kassier aangestel teen 'n salarisskaal van R5 400 + R360 - R7 980 per jaar. Haar huidige kerf was R7 620. Sy sal 5/8 per maand betaal word, dit wil sê R396,87 per maand. Mev. van Zyl is aangestel as scriba-kassier. Die finansies was in goeie hande (Notule: NG Sendinggemeente, 10 Mei 1983).

Die kerkraad het vanaf 1981 mooi bedrae van R333,33 uit die Kakamas-Trustfonds ontvang via die NGKerk. (Skrywes van die NG Kerk Kakamas, 16 Mei 1981 en 25 Mei 1981).

Die kerkraad het nie net ontvang nie, maar ook gegee. In Mei/Junie 1981 het die gemeente R300 aan Die Hugenote-Kollege gestuur vir ontwikkeling. Die kerkraad het ook gereeld gedurende April van elke jaar haar aandeel aan die Teologiese Skool van die NG Sendingkerk opgestuur. Daar is nog baie ander voorbeelde waar die kerkraad 'n helpende hand uitgereik het.

Op 21 Maart 1981 het die gemeente se boeke 'n krediet van R1 774,61 getoon. Die gemeente het oor eie kapitaal beskik wat bestaan het uit gemeentelike fondse wat die boufonds, reparasiefonds, ensovoorts ingesluit het. Die bedrag het R9 353,67 beloop. Die eie kapitaal het ook uit opgelope fondse (surplus) bestaan.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vir die boekjaar geëindig 1980/81 het die gemeente se opgelope fondse op R175 206,94 gestaan in vergelyking met die vorige jaar 1979/80, naamlik R175 252,43.

Die trustfondse van die kerkraad, naamlik dié van die Christelike Sustersbond en Christelike Jeugbeweging het in 1981 respektiewelik op R150,96 en R200,76 gestaan. Die gemeentelike finansiële boeke is deur die Genootskap, Brink, Le Roux en Myburgh geouditeer (Vorms ABC - Staat van inkomste en betaling van die NG Sendinggemeente te Kakamas, 1 Maart 1980 tot 28 Februarie 1981).

https://etd.uwc.ac.za

Gedurende 1979/80 het die gemeente 'n sieletal van 4 151 en 2 002 lidmate gehad. Die gemeentelike bydrae was R13 152,27 per jaar. 'n Inkomste van R1 195,00 het van buite die gemeente gekom terwyl 'n bedrag van R10 041,88 vir allerlei aangegee is. Die gemiddelde bydrae per lidmaat, is R6,56 (Notule: NG Sendinggemeente, Lêer, 9 Mei 1981 - 27 Februarie 1982).

## 4.6 VERSLAG OOR DIE SINODE VAN 1982

Na die sinode van 1982 en terug in die gemeente het ds. P.W.L. Sinclair verslag gedoen oor die sinode wat te Belhar in Kaapstad gehou is. In sy verslag het hy dit veral gehad oor die oproep van sommige lidmate en leraars van die NG Sendingkerk om die bande met die "Moederkerk" te verbreek. Hierteen het hy en die afgevaardigde namens die kerkraad en gemeente 'n beskrywingspunt by die sinode ingedien, naamlik dat die neiging besweer moet word en dat die bande liefs verstewig word in die lig van ons eenheidstrewe (Notule: NG Sendinggemeente, 5 Junie 1982).

Hulle het ook beswaard gevoel oor die aantyging dat die NGKerk hulle sou skuldig maak aan die verkondiging van "afgodery" en "kettery". Hulle het ook teen volle lidmaatskap by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en teen "tentmakersbediening" gestem. In reaksie op die verslag het die kerkraad die handelinge van die leraar en afgevaardigde goedgekeur en nie sy weg oopgesien om sonder meer sy bande met die NGKerk te breek nie. Die kerkraad het eerder die verklaring van ds. J.G. Smith soos op 5 Oktober 1982 aan die sinode voorgelê, onderskryf (Notule: NG Sendinggemeente, 6 November 1982).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ds. J.G. Smith het met verontrusting kennis geneem van die botsende standpunte in die sinode. Hy is met verleentheid geslaan om in 'n kerkvergadering soveel liefdeloosheid, venyn, bitterheid en onverdraagsaamheid te kon waarneem. Die versoenende rol wat die kerk in die samelewingsbestel behoort te speel, het vir hom 'n illusie geblyk te wees. Hy het gepleit dat die onderlinge gees en gesindhede in eie geledere tot versoening met mekaar kom. Die sinodegangers moes begrip vir ander se sieninge, standpunte en sentimente toon. Hy was van mening dat die

https://etd.uwc.ac.za

sinodegangers vorentoe op die pad mekaar gaan verteer. Ds. J.G. Smith het die hele vergadering op die woorde van 1 Kor. 13:3-7 verwys. (Acta van werksaamhede, 22 September tot 6 Oktober 1982: 623-624).

Dit is baie jammer dat die kerkraad die belangrikheid van tentmakersbediening sonder meer afgeskiet het. Hierdie bedieningstruktuur het beslis meer voordele as nadele, byvoorbeeld finansieel sal dit met die gemeente beter gaan, en sou meer aktiewe betrokkenheid van die gemeentelidmate tot gevolg hê, aldus my eie siening. Daar moet egter net met jaloersheid gewaak word teen die misbruik van tentmakersbediening.

Die gemeentes het vanaf 1982 tot 1986 geleentheid gehad om hulle kommentaar oor die konsep-belydenis uit te spreek. Die grootste getal gemeentes het gunstig gereageer op hierdie belydenis. By die daaropvolgende sinode in 1986 is die konsep-belydenis formeel aanvaar en het dit die Belydenis van Belhar 1986 geword.

Die Belhar-Belydenis het rondom vier hoofpunte gesentreer. Artikel 1 het die geloof in die Drie-enige God bely waarteen niemand beswaar aangeteken het nie. Die tweede artikel het die eenheid van die kerk bely en enige ander leer verwerp wat die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer het. Artikel drie het gelui, *"dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het"* en verwerp dus enige leer wat in die naam van die evangelie of wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur magtig en sodoende die bediening en belewing van versoening in Christus Jesus van krag beroof. Die laaste en vierde artikel het die meeste besware uitgelok. Die artikel het bely *"dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onregverdigheid en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes, die arme en die verontregte is en dat Hy sy Kerk roep om Hom hierin na te volg"*.

Dit was veral die sinsnede wat verklaar dat God op besondere wyse die God van die noodlydendes, die arme en die verontregte is, wat die gemoedere ontketen en opgesweep het. Hierdie proses, die formulering en behandeling van die konsepbelydenis van Belhar het reeds in 1982 begin (Acta Synodi:

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

NG Sendingkerk, 26 September 1986 en Algemene Kerkbode, 14/15 Junie 1996).

## 4.7 DS. P.W.L. SINCLAIR

### 4.7.1 Lidmaatskap van leraar

Op 27 Februarie 1982 maak die leraar bekend dat hy volkome lidmaatskap van die NG Sendinggemeente aanvaar het volgens die verklaring van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika (Notule: NG Sendinggemeente, 27 Februarie 1982).

### 4.7.2 Beroepe

Ds. P.W.L. Sinclair is in sy 35 jaar in Kakamas na baie gemeentes beroep[1]. Hy het al die beroepe bedank. Teen November 1962 is Ds. Sinclair as scriba van die Sinode van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika gekies (Notule: NG Sendinggemeente, 17 November 1962). Die kerkraad het hom die seën en krag van die Allerhoogste toegewens en beloof om sy werk te vergemaklik en teen 1969 word hy as Saakgelastigde beroep, wat hy nie aanvaar het nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 4.7.3 Verkies tot burgemeester

Op 25 Februarie 1978 het die leraar aangekondig dat hy as burgemeester van die dorp gekies is en wou weet of die kerkraad enige besware het. Niemand

---

[1]Ds. P.W.L. Sinclair is na die volgende gemeentes beroep naamlik, Burgersdorp (15 Maart 1952); Loeriesfontein (22 November 1952); Upington (22 Augustus 1953); Oos-Londen, King Williamstown (7 Junie 1958); Vosburg (21 Mei 1960); De Rust (19 November 1960); Van Rhynsdorp (24 Februarie 1962); Barrydale en NG Kerk Ashkom Noenieputs (17 November 1973).

https://etd.uwc.ac.za

het enige besware geopper nie en gevolglik stilswyend sy verkiesing goedgekeur. Hy het vanaf 24 Januarie 1978 tot 5 September 1978 as burgemeester gedien (Burgemeestersregister vanaf 1 Desember 1964, Kakamas Munisipaliteit).

### 4.7.4 Dertig jaar diens en aftrede

5 Maart 1978 was 'n gedenkwaardige gebeurtenis vir die leraar en gemeente toe ds. P.W.L. Sinclair dertig jaar in die gemeente was. Die konsulent was teenwoordig om die vergadering toe te spreek.

Genooide gaste van die NG Susterkerke en familielede van Ds. Sinclair was ook teenwoordig. Woorde van waardering is namens die NG Kerk deur dr. D.J. Hattingh oorgedra wat deur die Moderatuur onderteken is. 'n Adres is deur ds. I.J. Mentor synodi namens die kerk voorgelees en aan ds. P.W.L. Sinclair oorhandig. Die aftrede van Ds. Sinclair het vir die kerk ietwat skielik gekom, maar alle spekulasies wat mag bestaan het, is die nek ingeslaan deur duidelik te verklaar dat hy oortuig is dat die Here dit so gewil het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens hom het geen mens of omstandighede enige druk op hom uitgeoefen nie. Sy gade het selfs ook nie kennis van sy stap gedra nie. Vir haar was dit ook net so 'n verrassing soos vir ons almal. Een van die grootste kleinnode wat hy met hom saamneem as herinnering aan sy bediening in die Sendingkerk, is die eretitel "Oom Piet".

Kerkraad en leraar het in die 30 jaar eendragtig saamgewerk tot die opbou van die gemeente en die prediking van die evangelie en die positiewe aanvaarding daarvan deur baie mense. In 1980 is daar voorlopig afgesien van die verskuiwing van die inwoners van Cillie en Lutzburg omdat die inwoners so min verdien het (Notule: NG Sendinggemeente, 25 Februaie 1978).

Teen Mei 1983 het Ds. Sinclair kennis gegee van sy voorneme om op 12 Junie 1983 emeritaat te aanvaar en sy laaste boodskap op 12 Junie 1983 te lewer. Op sy versoek is geen afskeidsgeselligheid gehou nie. Die kommissie vir boeke het kragtens artikel 35 van die Kerkorde die gemeenteboeke met

https://etd.uwc.ac.za

inventaris in ontvangs geneem (Notule: NG Sendinggemeente, 10 Mei 1983)[1].

Op 27 September 1983 het die Algemene Sinodale Kommissie wel namens die NG Sendingkerk van ds. P.W.L. Sinclair op 'n gepaste wyse afskeid geneem in die saal van die SA Gestiggemeente.

## 4.8 DIE BEDIENING VAN DS. G.P. THIART

### 4.8.1 Die beroeping

In Julie 1983 het die kerkraad op 'n buitengewone vergadering vir ds. G.F.J. Meyer beroep wat bedank het (Notule: NG Sendinggemeente, 29 Julie 1983). Na vyf mislukte beroepe is ds. en mev. G.P. Thiart vroeër van die NG Sendinggemeente, Nuwerus na Kakamas beroep (Notule: NG Sendinggemeente, 4 Desember 1984). Op 21 Februarie 1984 is Ds. Thiart deur die konsulent ds. F.J. Louw in die gemeente bevestig en op 22 Januarie 1984 het hy reeds sy eerste preek gelewer. Sy bediening alhier was van korte duur, nogtans was die gemeentelike bearbeiding aan hom toevertrou en deur hom behartig.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 4.8.2 Bediening en gemeentelike bearbeiding

Ds. G.P. Thiart het sy besorgdheid oor die geestelike lewe van die gemeente blootgelê in die aanstelling van die Pelgrims wat die Pinksterdienste in die buitewyke waargeneem het. Die Pelgrims, ook genoem die Afrikaanse Evangeliese Bond was 'n groepie Christene wat tentdienste van plek tot plek

[1]Die kommissie was ouderlinge H. Karels, G. Kordom, K. Josephs en A. Booysen (Notule: NG Sendinggemeente, 10 Mei 1983).

https://etd.uwc.ac.za

gehou het. Hulle het hulle veral op bekeringspreke toegelê. Ds. G.P. Thiart het die dienste op die dorp waargeneem. Hospitaalbesoeke het ook die aandag van die kerkraad geniet en daarom het hy onderneem om die hospitaal weekliks te besoek toe dit op die kerkraadsvergadering ter sprake gekom het.

Ds. G.P. Thiart het ook die behoefte aan 'n evangelis vir die gemeente geïdentifiseer en die moontlike aanstelling daarvan indien die gemeentelike fondse sodanig verbeter veral ook met die oog op die nuwe uitbreidings in die vooruitsig gestel. Die buitewyke het heelwat aandag gekry. Die leraar het homself van die vrug van die Pinksterdienste van 1985 vergewis deur opvolgwerk in die wyke te doen (Notule: NG Sendinggemeente, 4 Mei 1985).

Sommige kerkraadslede is ook gekies om opvolgwerk in die wyke te doen, onder andere, Juffrou Du Plessis (Notule: NG Sendinggemeente, 24 November 1985). Teen Junie 1986 was die Pelgrims nog steeds in die gemeente werksaam en het hul laaste dienste tussen 20-30 November 1986 afgesluit. 'n Nuwe wyk, Omdraai, is in 1986 tot die gemeente bygevoeg wat die totaal wyke tot tien laat groei het (Notule: NG Sendinggemeente, 7 Junie 1986).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 4.9 KERKLIKE WERKSAAMHEDE

### 4.9.1 Kerkraadsvergaderings

Vanaf 1984 tot 1986 het die kerkraad en die nuwe leraar ongeveer tien kerkraadsvergaderings gehou onder andere gewone en spesiale vergaderings waarvan die spesiale kerkraadsvergaderings die meeste is. Op gewone kerkraadsvergaderings is gewone werksaamhede van die gemeente behandel (Notule: NG Sendinggemeente, 25 Februarie 1984). Op spesiale kerkraadsvergaderings is dringende sake bespreek en dan is die vergadering vir na die oggenddiens belê (Notule: NG Sendinggemeente, 2 September 1984 en 18 Oktober 1986).

https://etd.uwc.ac.za

### 4.9.2 Tugtoepassing

Die groot probleem in die gemeente was en is steeds drankmisbruik, onsedelikheid en kerkloosheid. Genoemde misstappe getuig van alledaagse sondes. Die volle kerkraad het die tug behartig en hanteer. In sommige gevalle is daar met 'n ferm hand opgetree[1].

### 4.9.3 Stigting van Christelike Alkoholiste Bond

Die nood van die armes en wanbesteding van pensioengeld het drankmisbruik en dranksmokkelary ingesluit. Die kerkraad het reeds so vroeg as 2 September 1984 hul toestemming verleen om 'n tak van die CAB te stig. Tussen 18-19 Augustus is die Christelike Alkoholiste Bond tak te Kakamas gestig. Ds. Thomas Booker, Direkteur van Nuwe Lewe, Dingleton, het spesiaal oorgekom en die stigting waargeneem (Notule: NG Sendinggemeente, 2 September 1984).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 4.9.4 Klagte teen verkose kerkraadslede

Soos blyk uit die notule van die kerkraadsvergadering van 30 November 1985, het iemand 'n klag gelê teen die verkose kerkraadslede, Broeders H. Bezuidenhout, E. Kordom en J. Basson. Dit het daartoe gelei dat hulle nie op 1 Desember 1985 in die amp voorgestel is nie (Notule: NG Sendinggemeente,

---

[1]Die volgende sake dien as voorbeeld:

1. Anna Jansen - Onsedelikheid, reeds vier kinders, maar nog ongetroud
   Tug: Onbepaalde tyd vir minstens 1 jaar.
2. Piet Tities - Kerkloos en drankmisbruik. Tug: Onbepaalde tyd.
3. Frans Miller - Drankmisbruik en kerkloos. Tug: Onbepaalde tyd.

https://etd.uwc.ac.za

(Notule: NG Sendinggemeente, 24 Augustus 1985 en 8 Februarie 1986)

30 November 1985). Die bewering is gemaak dat hulle kort voor die voorstelling in hul amp onder die invloed van sterk drank was (Onderhoud: Mnr. Dawid Afrikaner, 18 Augustus 1998).

## 4.10 DIAKONALE DIENSTE

### 4.10.1 Nood onder Kleurlinge

Die nood wat onder die Kleurlinge veral onder die pensioentrekkers geheers het was kommerwekkend en het die aandag van 'n groepie onderwysers, die Kakamas Skoolhoofde Vereniging geniet. Die geweldige wanbesteding van pensioene het hulle genoop om om hulp by die kerkraad aan te klop.

Hulle het die kerkraad vriendelik dog dringend gevra om tot die aanstelling van 'n maatskaplike werker oor te gaan. Die erns waarmee die kerkraad die aangeleentheid bejeen het, het daartoe gelei dat daar in beginsel besluit is om 'n Diakonale Dienste tak in die lewe te roep en 'n kommissie is dadelik gekies om uitvoering aan die saak te gee. Die kommissielede was D.C. Koopman, D. Strauss, W. Bok en A. van Vuuren (Notule: NG Sendinggemeente, 21 Julie 1984).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 4.10.2 Stigting van Diakonale Dienste

Die nood onder die Kleurlinge soos hierbo genoem, het gelei tot die stigting van 'n hulpdiensorganisasie. Die onderwysers het hul die nood aangetrek.

Op 16 Augustus 1984 op 'n spesiale kerkraadsvergadering, na die oggenddiens, is 'n diakonale dienste tak amptelik gestig in antwoord op die noodkreet van die Kakamas Skoolhoofde Vereniging (Notule: NG Sendinggemeente, 2 September 1984).

Die vermelde vergadering het besluit op die aanstelling van 'n maatskaplike werkster. Die begunstigde sal totdat Staatstoelae bekom word, slegs

https://etd.uwc.ac.za

voormiddae werk. Dit sou 'n 5/8 pos wees en die salarisskaal tans sal wees R9 648 + R414 - R10 890 + R570,12 - R600. Salaris aanpassings sou aan haar betaal word. Sy moes oor eie vervoer beskik. Reiskoste teen 25c per kilometer sal aan haar betaal word. Aansoeke vir die betrekking het op 15 September gesluit en diensaanvaarding op 1 Oktober 1984. Die kerkraad het onderneem om eers vir die salaris in te staan (Notule: NG Sendinggemeente, 2 September 1984).

Volgens die notule van 'n gewone kerkraadsvergadering het mev. A. Hough as administratiewe beampte by Diakonale Dienste bedank wat dus ook die scribaatwerk van die gemeente geraak het. Sy was ook die kassiere van die gemeente, daar die twee poste gekoppel is. Mnr. Stef Koopman, 'n onderwyser, het vir mev. A. Hough as scriba opgevolg (Notule: NG Sendinggemeente, 2 September 1984).

Die inkomste van die gemeente het vinnig versleg. Die bedanking van mev. A. Hough was juis te wyte aan finansiële probleme. Die redes vir die verslegting van die gemeentelike inkomste was te wyte aan die swak lone van die gemeentelede en die afname in die bydrae van die drie plaaslike NGKerke (Onderhoud: Ds. G.P. Thiart, 10 September 1999).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 4.11 FINANSIES TYDENS DIE PERIODE VAN DS. G.P. THIART

### 4.11.1 Die finansiële toestand self

Ds. G.P. Thiart het die finansiële posisie in 'n ernstige lig beskou soos blyk uit die veranderings wat hy aangebring het ten opsigte van die bydragstelsel en maniere van fondsinsamelings soos uit die notule na vore kom. Die gemeente het maar gesukkel om haar verpligtinge ten volle na te kom.

Fondsinsamelings het geskied by wyse van die bydragstelsel, verhoging van huishuur, maandelikse dankoffers, basaars en sangaande. Die 20c per lidmaat het nie die leraar en kerkraad bevredig nie. Die kerkraad besluit terstond dat elke lidmaat vanaf Januarie 1985 volgens sy vermoë moet gee,

https://etd.uwc.ac.za

'n minimum bedrag van 50c per maand word egter vasgestel (Notule: NG Sendinggemeente, 21 Julie 1984).

Op 'n spesiale kerkraadsvergadering moes die kerkraad die aanstelling van 'n scriba, kassier en evangelis uitstel as gevolg van gebrek aan fondse (Notule: NG Sendinggemeente, 4 Mei 1985). Die gemeente het op dié tydstip ongeveer 2 000 lidmate gehad. Op 24 Augustus 1985 het die gemeente 'n oortrokke rekening van R2 267,77 getoon (Notule: NG Sendinggemeente, 4 Mei 1985).

Die kerkraad het verdere pogings aangewend om die finansies te verbeter deur die lidmate te vra om een sent uit elke rand van hul inkomste af te staan as hul maandelikse dankoffer aan die gemeente (Notule: NG Sendinggemeente, 24 Augustus 1985).

Vanaf 1 November 1985 is die huishuur op alle huise van die gemeente met R25 verhoog. Die Ligdraergelde is na R4,80 per jaar verhoog (Notule: NG Sendinggemeente, 8 Februarie 1986). Ten spyte van die pogings het die finansies steeds teleurgestel. Vir drie maande is daar slegs R1 003,05 in die gemeentekas inbetaal. Die bedrag wat die gemeente moet vind is meer as R2 000 per maand om die begroting te laat klop. Op 7 Junie 1986 was die rekening by die bank met R4 669,48 oortrokke (Notule: NG Sendinggemeente, 7 Junie 1986).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op dieselfde vergadering het die kerkraad besluit dat daar weggedoen moet word met die koevertjiestelsel en dat die diakens weer by die huise die dankoffers moet optel. Op dié stadium het die leraar 'n verhoogde salaris ontvang van ongeveer R26 220 per jaar plus reiskoste van R500 per maand (Notule: NG Sendinggemeente, 7 Junie 1986).

#### 4.11.2 Verkoop van kerkgrond te Spookkop

Ten einde die nadelige balans by die bank te betaal het die kerkraad besluit om die grond te Spookkop te verkoop. Dawid van Rensburg het belang gestel en was bereid om dit vir R10 000 aan te koop op voorwaarde dat dit in twee

https://etd.uwc.ac.za

paaiemente van R5 000 elk gedoen sal word. Die tweede deel sal betaal word as die kaart en transport afgehandel is. Dit het die besluit van die kerkraad geword (Notule: NG Sendinggemeente, 18 Oktober 1986).

Vir die boekjaar 1986/87 het die gemeente 'n belydende lidmaattal van 1 721 gehad met 'n totale inkomste van R58 680,62 teenoor die vorige boekjaar geëindig op 1985/86 van R49 448,03 - 'n verbetering van R9 232,59. Einde 1987 het die gemeente 'n totale uitgawe van R57 900,88 gehad en in 1986 R53 629,80 (Vorm A1 en 2, NG Sendinggemeente, 31 Maart 1987).

### 4.11.3 Vervroegde pensioen

Op Sondag 26 Januarie 1988 het ds. G.P. Thiart met vervroegde pensioen die tuig neergelê.

## 4.12 DIE VYFTIGJARIGE BESTAAN VAN DIE GEMEENTE 1986

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Na 50 jaar se volhardende bouwerk het die gemeente op luisterryke wyse fees gevier. Oor die naweek van 10-12 Oktober het die gemeente in haar feesprogram in dankbaarheid teruggekyk op die 50 jaar sedert die begin van die Christelike kerk van die NG Sendinggemeente Kakamas langs die walle van die Benede Oranjerivier op 9 Oktober 1936. Die gemeente was presies 50 jaar sterk en oud.

Op Vrydag, 10 Oktober 1986, het die kinderkore opgetree en is die eerste Kinderbond van die gemeente gestig. Die toegang was so min soos 50c. Saterdag, 11 Oktober om 12:00 het die gemeente basaar gehou en die aand het 7 volwasse kore opgetree. Die toegang was R2 per persoon. Sondag, 12 Oktober om 10:00 is 'n spesiale kinderdankoffer opgeneem en om 15:00 is die Heilige Nagmaal aan die gemeente bedien by watter geleentheid die volwassenes hul dankoffers na die huis van die Here gebring het.

https://etd.uwc.ac.za

Die volgende leraars en hul eggenotes het die geleentheid bygewoon: Prof. C.J. Kriel en ds. P.W.L. Sinclair (Notule: NG Sendinggemeente, 9 Augustus 1986).

## 4.13 DIE GEVESTIGDE KERKE EN HULLE ONDERLINGE VERHOUDINGE

Die NGKerk was aanvanklik nie die eerste kerk wat onder Koranas in Kakamas gewerk het nie. Reeds so vroeg soos 1805 het die Londense Sendinggenootskap 'n sendingstasie te Stille Hoop naby die mond van die Hartbeesrivier opgerig. In 1839 het Stille Hoop bekend gestaan as Oorlams omdat die Oorlams daarheen gevlug het nadat hulle by die plaas Eksteenskuil (ook bekend as Oorlamskraal) deur Priester (aanduiding van die amp) Stephanus en die Afrikanerbende aangeval is (Cornelissen, 1978:55). Ander kerke naas die NG Kerk en die Londense Sendinggenootskap het eers in die sestigerjare na die inwerkingstelling van die toekomsbeleid in Kakamas kerkboupersele bekom.

In 1945 was daar op Omkyk 'n skooltjie met 22 leerlinge en een onderwyser. Op hierdie plaas is die bekende ds. Jan Mettler gebore. In 1967 moes die mense die plaas verlaat omdat gerugte die rondte gedoen het dat eerw. Saul Damon die plaas vir homself wou inpalm. Die plaas het eers aan 'n familie binne die Congregational gemeente behoort, maar later in die hande van 'n sekere Jood, Frankenfeldt, beland. Die skooltjie het gesluit en alle kerklike bedrywighede het tot 'n stilstand gekom. Die kerke wat hulle gedurende hierdie tydperk naas die NG Sendinggemeente te Kakamas kom vestig het was die Rooms-Katolieke Kerk, Memorial Congregational Kerk en Apostoliese Geloofsending (Onderhoud: Mnr. Manie Matthys, 6 Maart 1997).

Die Congregational gemeente het by die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog reeds drie afsonderlike werkkringe in die gebied gehad waarvan Kenhardt een was. Tien kilometers vanaf Kakamas het die gemeente 'n buitewyk, Omkyk, gehad. Die gemeente was vir hul geestelike behoefte aangewys op Kenhardt waar 'n gemeente sedert 1902 bestaan het. Intussen het die volgelinge van die Congregational Kerk wat onder die eerste intrekkers op Kakamas was aangegroei en toegeneem (Onderhoud: Mnr. Manie Matthys, 6 Maart 1997).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Eerw. Damon het elke drie maande die gemeentelede besoek en die sakramente aan hulle in die huis van Boet Matthys bedien. In September 1977 is die Congregational Kerk van Kakamas tydens die vergadering te Pacaltsdorp, naby George, amptelik gekonstitueer. Eerw. en Mev. E.C.W. Davids het die eerste leraarspaar geword. Die amptelike naam van die gemeente heet, Saul Damon Memorial Congregational Kerk. In 1980 het die gemeente die huidige kerkgebou opgerig (Onderhoud: Mnr. Manie Matthys, 6 Maart 1997).

Op 7 Mei 1970 is die eerste Rooms-Katolieke priester in die persoon van vader Romeo Galeazzo hier gevestig. Hy het besondere aandag aan die behoeftes van die huisgenote van die Rooms-Katolieke Kerk geloof gegee.

In 1969 het hy die eerste pastorie en in 1975 die eerste kerksaal na baie jare se mislukte pogings gebou. Op 30 Junie 1977 verlaat hy Kakamas om die herderstaaf te Prieska op te neem (Onderhoud: Mnr. Manie Matthys, 6 Maart 1997).

Eerw. Vader Enrico Balducelli het in 1952 die Augrabies Sending gestig. Hy het tussen Augrabies en Marchand die lidmate van die gemeente bedien terwyl Vader Donker wie vir Galeazzo op Kakamas opgevolg het weer tot op Alheit en Perde-Eiland die werk van die gemeente gedoen het (Onderhoud: Mnr. Willem Ruiters, 19 Januarie 1997).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die buitewyk, het Riemvasmaak, 'n klein reservaat tussen Kakamas en die grens van Namibië aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort. Hier het geen ander sendinggenootskap gearbei nie. Die kerk het 'n klein skooltjie met 125 leerlinge en vier leerkragte alhier in 1945 gebou en in 1950 te Melkbosrand, ook 'n Rooms-Katolieke buitewyk, 'n skooltjie met twee onderwysers gehad (Steenkamp, 1953:185). Die boere gemeenskap het die werkers van die Rooms-Katolieke Kerk nie op hul plase toegelaat nie, slegs die predikante en kerkraadslede van die NGKerk familie was welkom (Onderhoud: Eerw. J.M. Farmer, 6 September 1995).

Die mense van Riemvasmaak, grootte 70 000 hektaar, ongeveer 50 kilometers van Kakamas het so vroeg soos 1870 op Riemvasmaak gewoon. In die

https://etd.uwc.ac.za

sewentiger jare is hulle van hulle geboortegrond verjaag. Minstens 2 000 mense is aangesê om die plek te verlaat. Hulle het hulle boerbokke en beeste vir 'n appel en 'n ei verkoop. Hulle riethuise is afgebrand. Almal kon Afrikaans besig, maar sommige wat donker van kleur was, is na King Williams Town in die destydse Ciskei vervoer. Die Nama-afstammelinge is na Namibië gepos. Hulle was ongeveer 1 500 mense. Die Kleurlinge onder hulle is op verskillende plekke in die Republiek van Suid-Afrika afgelaai. In 1974 is die laaste klompie Riemvasmakers onder dwang na ander plekke gepos om 'n nuwe begin te probeer maak. Die gevolg van hierdie verwikkelinge het gelei tot die beëindiging van die Rooms-Katolieke Kerk se werksaamhede te Riemvasmaak (Onderhoud: Mnr Willem Ruiters en Mej MM Booysen, 26 Mei 1996).

Die Apostoliese Geloofsending het in die sewentiger jare hom in Kakamas kom vestig. In 1977 het hulle die eerste kerkgebou opgerig, volgens die hoeksteen. Die wederdopers het sedert 1947 Kakamas vanuit Marchand binnegedring, maar nog nooit 'n kerk gevestig nie. Inteendeel, die NG Sendinggemeente lidmate en kerkraadslede is gewaarsku om nie die wederdopers se dienste by te woon nie. 'n Aantal persone het wel die gemeente verlaat en by die wederdopers aangesluit. Hulle name is afgelees[1].

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op 'n wye terrein het die NGKerk aan die NG Sendingkerk, hulp verleen, soos byvoorbeeld met die reël van basaars en verkopings, hulp met die bou van wykskerke, met die salaris van die leraars, voorbidding van die sending, verspreiding van inligting, sendingnaweke en hou van dienste deur middel van leesspreke.

[1]Die persone wat die gemeente verlaat het, is: Hans Coetzee, Magrieta Coetzee (gebore Bok), Booy Alexander, Piet van der Colf, Lena Coetzee en Martha Smith.

https://etd.uwc.ac.za

Ds. P.W.L. Sinclair het vir baie jare ook as geestelike vader en prediker vir die Blankes opgetree. Tydens 'n vakature het hy altyd die Pinksterdienste eers in die NGKerk gehou en daarna in die NG Sendinggemeente. Die milde en onbaatsugtige ondersteuning getuig van die goeie gees en gesindheid tussen die NGKerk en NG Sendinggemeente wat hierdeur verder versterk.

Die verhouding tussen die NG Sendinggemeente en die Congregational Kerk, in die geheel gesien, was redelik goed dermate dat die leier van die Congregational Kerk, mnr. Manie Matthys, die voorsitter van die NG Sendinggemeente se jeug gemaak is en het ook die kerkkoor afgerig en gelei totdat 'n groep vooraanstaande NG Sendinggemeente lidmate beswaar aangeteken het. Die aangeleentheid is in der minne geskik deur hom te onthef van die verantwoordelikheid. Dat daar 'n noue samewerking tussen die twee kerke se lidmate was, word bevestig deur die notule van die kerkraad (Notule: NG Sendinggemeente, 18 Mei 1968).

Die kerkraad het sy kerkie te Spookkop aan die Congregational Kerk vir drie jaar vir gebruik beskikbaar gestel vir godsdiensoefeninge op die eerste Sondagmôre van elke maand. Op 12 Augustus 1971 het die Congregational Kerk hul eie kerksaaltjie om 09:30 feestelik ingewy. Die verhouding tussen die NG Sendinggemeente en die Rooms-Katolieke Kerk was van meet af aan besonders gespanne en gewis nie tot eer van God nie (Notule: NG Sendinggemeente, 13 Mei 1961).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die NG Sendinggemeente wou net kerke met Gereformeerde beginsels erken en sien soos op sendingstasies deur die wet bepaal is. Volgens mededelings is die beweerde dwalinge van die Rooms-Katolieke Kerk op Hervormingsondag vanaf die kansel uitgelig en gekritiseer. Die dwalinge het behels:

(i) Die leer van die vaevuur.

(ii) Die heilige verering van Maria en die kerkbegrip. Rome het byvoorbeeld geleer dat die moeder van Christus groter as Jesus is. Rome het verder van die standpunt uitgegaan en geleer dat hy die "heilige Katolieke Kerk" is en assulks die alleen ware kerk is.

https://etd.uwc.ac.za

(iii) Die feit dat die pous plaasvervanger van Christus op aarde sou wees (Vicarius Christi). Waar die pous is, daar is die kerk.

Tussen hierdie twee kerke asook die NGKerk het daar feitlik geen verhouding bestaan nie. Van die kant van die kerklike owerhede was daar wedersydse ignorering van mekaar.

Gelowiges het nooit op die geestelike terrein saam gewerk nie. Lidmate het wel onderling met mekaar op goeie voet verkeer en selfs in die huwelik getree ten spyte van gereelde waarskuwings teen sulke neigings.

Van die kant van die NGKerk Kakamas was daar episodes van onverdraagsaamheid "establishment" teenoor die Rooms-Katolieke Kerk. Die priester van Augrabies was nie toegelaat om dienste in Kakamas te hou nie. Hy kon die mis alleen by die polisiestasie aan die gemeentelede bedien (opdra). Ses jaar lank is die Rooms-Katolieke Kerk 'n stuk grond geweier om 'n kerkgebou op te rig en gevolglik was hulle genoodsaak om 'n rietkerkie op die perseel van 'n kerklidmaat op te rig en daar bymekaar gekom vir dienste. Eers in 1975 het die Rooms-Katolieke Kerk 'n perseel bekom waarop die kerksaal gebou is. Hierin het hulle kerkdienste en kerkfunksies gehou.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens die notule van die NG Sendingkerk kerkraad het die NGKerk se kerkraad met die NG Sendingkerk van tyd tot tyd in gesprek getree oor sake rakende die twee gemeentes. So het die kerkraad van die NG Sendinggemeente op 7 Oktober 1985 in 'n broederlike onderhoud met die NG Kerk Kakamas getree. Die onderhoud het nie na wense verloop nie omdat die kerkraad van die NG Sendingkerk sommige Sondagaande films vertoon het in plaas van om dienste te hou (Notule: NG Sendinggemeente, 19 Oktober 1985).

Die kerkraad van die NG Sendingkerk het gevoel dat daar 'n brief aan die NG Kerk geskryf word waarin haar beswaar aangeteken word teen die wyse waarop die vergadering verloop het. Dit is duidelik dat die poging van die kerkraad nie baie suksesvol was nie en dat hulle dit liefs gou sal wil vergeet. Dit is ook tekenend van die verhouding wat op dié stadium tussen die twee

https://etd.uwc.ac.za

gemeentes kon bestaan het (Notule: NG Sendinggemeente, 19 Oktober 1985).

Volgens een van die ouderlinge van die tyd het die kerkraad die kerkraad van die NG Kerk genader om hulle finansiële bydrae te vermeerder sodat hulle hulle leraar kan betaal. Die kerkraad van die NG Sendinggemeente kon nie meer hul leraar betaal nie en het die NGKerk om finansiële hulp gevra. Die NGKerk het geweier om die NG Sendinggemeente finansiële hulp te verleen. Hulle wou nie rede verstaan nie en as gevolg hiervan het die gemoedere hoog geloop en het die onderhoud skipbreuk gelei. Die meeste lidmate van die NG Sendinggemeente se lone was gelykstaande aan die van plaasarbeiders en daarbenewens het die NG Sendinggemeente met 'n oortrokke bankrekening gesit (Onderhoud: Ds. G.P. Thiart, 10 September 1999).

## 4.14 DIE EKONOMIESE EN SOSIAAL-MAATSKAPLIKE SITUASIE

Die NG Sendinggemeente in Suid-Afrika het hom nog al die jare vir die geestelike-godsdienstige heil en ekonomiese en sosiaal-maatskaplike opheffing van die Kleurlinge beywer. In 1973 het die destydse Eerste Minister 'n kommissie aangestel om die sosio-ekonomiese omstandighede van die Kleurlinge te ondersoek en 'n omvattende verslag uitgebring (Die Kerkbode: 14 Februarie 1973).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die inwoners en in besonderheid die lidmate van die NG Sendinggemeente het finansiëel en ekonomies baie swaar gekry. Die mense het eenvoudig gelewe.

Die mense het steeds oor geen elektrisiteit, gesuiwerde water, ordentlike sanitêre geriewe beskik nie. Steenkamp wys daarop dat die armoede van die oorgrote meerderheid van die Kleurlingbevolking 'n groot probleem vir die opbou van gemeentes ingehou het. Die lone van ongeskoolde en halfgeskoolde Kleurlingarbeid was relatief laag (Steenkamp, 1953:187).

Werkloosheid was 'n groot probleem weens die feit dat baie van die beskikbare werksgeleenthede seisoensgebonde is deurdat die landbousektor gedurende die oestyd meer arbeiders benodig het as vir die res van die jaar.

https://etd.uwc.ac.za

Baie van die mense het daarom net 'n vaste inkomste tydens oestyd gehad en is dan basies vir die res van die jaar werkloos. Die kinders moes ook dikwels uitspring om die ouers te help. Die Arbeidskoloniekommissie Motorhawe, Arbeidskoloniekommissie Winkels en landbou was die grootste werkverskaffers.

Sommige mense het nog steeds in rietklei huisies gewoon en hier en daar 'n steenhuis. Die stene is van kaf en klei gemaak. Tussen 1972 - 1986 het die lone verbeter en die huisies van riet-en-klei het tot die verlede behoort en het plek gemaak vir beter huise onder andere steenhuise.

Maatskaplike toestande soos onsedelikheid, drankmisbruik, dronkenskap, saamblyery en smokkelary het onder die vernaamste, sosiale euwels geressorteer. Hierdie toestande is te wyte aan 'n gebrek aan voldoende ontspanningsgeriewe, lae lewenspeil en haglike behuisingstoestande. Danspartytjies in huise was feitlik die enigste ontspanning wat algemeen in gebruik was (Notule: NG Sendingge-meente, 24 Augustus 1985).

Maatskaplike integrasie is minder aanvaarbaar as integrasie op ekonomiese gebied. Blankes was gekant teen gemengde sport, in die sin van Blankes wat saam of teen Kleurlinge gespeel het. Die Kleurlinge het sokker en netbal gespeel en teen 1955 het rugby en atletiek bygekom.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die Kleurlinge het saam met die Blankes bedags gewerk, maar het die Kleurlinge nie as bure aanvaar nie. Die Kleurlinge is slegs as huishulpe en werkers beskou. Die Blankes het nooit 'n Kleurling na sy huis genooi om sy familie te ontmoet nie. Die Kleurlinge het die Blankes as "baas", "miesies", "kleinbaas" en "kleinnooi" aangespreek. Blankes het by Blankes gekuier en Kleurlinge by Kleurlinge (Onderhoud: Mnr. Willem Ruiters, 26 Mei 1996).

In die volgende hoofstuk word die kerkordelike ontwikkeling van die NG Sendinggemeente Kakamas 1936-1986 behandel.

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 5

## *DIE KERKORDELIKE ONTWIKKELING VAN DIE NGSENDINGGEMEENTE KAKAMAS (1936-1986)*

### 5.1 INLEIDING

Volgens W.D. Jonker is kerkreg 'n wetenskap wat hom besig hou met die bestaanswyse en die inrigting of orde van die kerk van Christus. Die kerkreg het in die eerste plek die taak om helderheid te kry oor die vraag *watter grondbeginsels vir die inrigting en orde van die kerk volgens die Woord van God te geld* (Jonker, 1974:287). Dit is dus vanselfsprekend dat die vraag na die kerkbeskouing in hierdie kerkregtelike ontwikkeling 'n uiters belangrike onderwerp is wat verdiskonteer moet word. Daar sal onder andere ook gelet word op die instansies en faktore wat 'n belangrike rol in hierdie proses (ontwikkeling) gespeel het. Wat die kerkbeskouing betref definieer C.J. Botha die kerk as die liggaam van Christus op aarde, met Jesus Christus as sy enigste Hoof en Here. Hierdie een kerk sluit al die gelowiges van al die eeue oor die hele wêreld in, maar die gestalte van hierdie kerk is onsigbaar. Die kerk word egter sigbaar daar waar gelowiges rondom die Woord bymekaar kom. Daarom het die kerk soos enige ander gemeenskapskring in die samelewing reëlings nodig om te kan funksioneer (Botha, 1985:4).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

As Gereformeerde gemeente wat sigself fundeer op die Skrif en belydenisskrifte is daar duidelike aanwysings oor **wie** en **hoe** die kerk (gemeente) behoort geregeer te word. Hiervolgens is die beginsel dat Jesus Christus die Enigste Hoof van die Kerk is en Sy kerk deur die Woord en Gees regeer (Jonker, 1962:287; Van't Spijker & Van Drimmelen, 1992:215). Hierdie Christus regering van sy kerk word goed verwoord in een van die oudste en bekendste kerkordes, naamlik die van Emden in 1571 waarin onder andere bepaal is *"Geen kerk zal over andere (kerken), geen dienaar over (andere) dienaren, geen ouderling over (andere) ouderlingen, geen diaken over*

https://etd.uwc.ac.za

*(andere) diakenen voorrang of heerschappij uitoefenen (primatum seu dominationem obtinebit), maar veeleer zal ieder zich wachten voor alle verdenking daarvan en gelegenheid daartoe"* (Plomp, 1971:89). Die betekenis van hierdie artikel van Emden is duidelik dat die absolute heerskappy van Jesus Christus, die Heer van die kerk, die uitgangspunt van hierdie kerkorde is. Die gelykheid van alle dienaars van Christus word gekonstateer. Hierdie gelykheid bestaan omdat Christus die enigste Hoof en Here van die kerk en al sy dienaars in die kerk gelyk aan Hom onderworpe is want almal buig onder die gesag van die Woord. Hierdie Woord (Bybel) is die norm van die kerklike lewe (Pont, 1981:110).

## 5.2 HOE IS HIERDIE "GOUE REëL VAN EMDEN" IN DIE GESKIEDENIS VAN DIE NGKERK EN SY "DOGTER KERKE" TOEGEPAS?

In sy studie oor die geskiedenis van die voormalige NG Sendingkerk (1881-1994) konstateer Loff dat genoemde kerk vir die grootste deel van sy bestaan ondergeskik aan die NG Kerk verkeer het. By die stigting van die kerk in 1881 het hul konstitusie wat deur die NGKerk opgestel is die goue reël van Emden verontagsaam en het die grondwet wat die konstitusie vervang het, die beginsel van ondergeskiktheid bestendig (Loff, 1998:197-209).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op grond van die sendingbeleid "van die NGKerk" van 1935 (Gerdener, 1951:85-92) en bogenoemde konstitusie het die sendingwerk onder die kleurlinge in 1931 tot die ontstaan van 'n "werkkring" en die stigting van die NG Sendinggemeente Kakamas in 1936. In die totstandkoming van hierdie gemeente het die plaaslike en Kaaplandse NGKerk, die Binnelandse Sendingkommissie en die Sendingdireksie 'n groot en bepalende rol gespeel. Die vraag of daar by die stigting van hierdie "werkkring" en NG Sending-gemeente gespreek kan word van 'n gemeente (kerk) in die Gereformeerde sin van die woord, is 'n uiters belangrike saak. Dieselfde vraag is reeds vroeër by die stigting van die voormalige NG Sendingkerk in 1881 deur Paul Teske gestel (Loff, 1998:198). Teske het naamlik die identiteit van die te worde gestigte Gereformeerde Sendingkerk in 1881 sterk betwyfel. Die Sendingpraktyk wat later in die sendingbeleid onder woorde gebring is, het tot 'n groot mate die aard en identiteit van die NG Sendinggemeente Kakamas

https://etd.uwc.ac.za

bepaal. 'n Belangrike kenmerk van die identiteit van hierdie gemeente was die oorheersende mag wat die NGKerk en al sy strukture oor hulle gespeel het. Hierdie oorheersende dominerende houding van die NGKerk oor die NG Sendinggemeente Kakamas het veral baie duidelik geword in die volgende sake:

## 5.3 DIE NG GEMEENTE KAKAMAS AS DIE "MOEDER" VAN DIE NG SENDING "DOGTER" GEMEENTE

Die begrippe "moeder" en "dogter" in die verhouding tussen die NGKerk en die swart NGKerke dien as uitdrukking van afhanklikheid en ondergeskiktheid op nasionale sowel as op plaaslike vlak. Hierdie afhanklikheid is volgens die NGKerk ten nouste verbind aan hul aanvaarding van die "three-self formula" teorie van Venn en Anderson (Verkuyl, 1978:184-188). Volgens hierdie teorie is die sendingkerke (gemeentes) wat deur die "moeder kerke" geplant is nog onselfstandig en moet hulle geleidelik tot selfstandigheid ontwikkel word. Gedurende hierdie ontwikkelingsproses van selfstandigwording speel die "moeder kerk" die rol van voog oor die onselfstandige kerk (gemeente). Hierdie sending teorie funksioneer as 'n teologiese regverdiging vir die NGKerk se posisie as "moeder", voog en oorheerser. Dit spreek vanself dat so 'n sendingpraktyk ingrypende kerkregtelike implikasies het vir die onderlinge verhoudinge tussen die NGKerk en die swart NGKerke (Loff, 1981:24-31). Die noodsaaklikheid van hierdie toesighouende funksie van die NGKerk oor die "onmondige en onselfstandige swart NGKerke" is deur teoloë soos G.B.A. Gerdener en W.J. van der Merwe teologies en sendingkundig verdedig (Gerdener, 1951:85-92; Van der Merwe, 1985:111-129).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 5.3.1 Die toesighoudende funksie van die NGKerk as voog kom veral na vore in die volgende sake:

#### 5.3.1.1 Die opstel van konstitusies en grondwette vir die "dogter" kerke

Die konstitusie van 1881 en die grondwet van 1915 wat vir die voormalige NG

https://etd.uwc.ac.za

Sendingkerk opgestel is, het die beginsel van ondergeskiktheid gehandhaaf. Dieselfde het gegeld vir die grondwette wat vir die voormalige NGKerk in Afrika opgestel is (Crafford, 1982:149,157).

Die NG Sendinggemeente Kakamas wat deel uitgemaak het van die kerkverband van die voormalige NG Sendingkerk was dus ook kerkregtelik gebonde aan genoemde grondwet. In die Gereformeerde kerkregeringstelsel wie se oorsprong teruggevoer kan word na die 16de eeu, word onder andere bepaal dat die plaaslike gemeente 'n volledige openbaring van die liggaam van Christus is. *"Het zijn de leden van de gemeente zelf die de ambtsdragers verkiezen. Ze worden niet van buiten af gezonden of opgelegd, maar door de gemeente verkozen en geroepen"* (Van den Heuvel, 1991:27). Anders as wat hierdie Gereformeerde beginsel bepaal, het die NGKerk en die NG gemeente Kakamas, die Binnelandse Sendingkommissie en die Sendingdireksie die "werkkring" en later NG Sendinggemeente Kakamas bestuur (regeer). Die Sendingdireksie wat 'n nalatenskap van die Genootskaplike Sending was, was eindelik die belangrike bestuursliggaam. Teen die middel van die twintigste eeu was die direksiestelsel nog van krag in baie plattelandse NG Sendinggemeentes (Kriel, 1963:134).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Sedert 1925 is die werkkring van Kakamas deur 'n kombinasie van "voorstanders" en lede van die plaaslike NGKerk beheer en bestuur. Die plaaslike NGKerk het, soos blyk uit die notule van die Sendingdireksie ook dikwels as voorsitter van die raad van voorstanders opgetree (Sien notule van 27 April 1925 waar die naam van ds. Theunissen vermeld word). Tydens die sinode van die voormalige NG Sendingkerk in 1920 was daar sterk teenkanting teen die direksiestelsel (alias plaaslike sendingkommissie) uitgespreek (Acta NG Sendingkerk, 1920:5).

Die bestaan en werksaamhede van die sendingdireksie in Kakamas het gedurende Mei 1947 met die vertrek van eerw. C.J. Kriel en die diensaanvaarding van eerw. P.W.L. Sinclair tot 'n einde gekom. Eerw. Sinclair het 'n belangrike rol in hierdie verband gespeel en daar is besluit dat die finansiële sake van die gemeente voortaan ooreenkomstig die wette en bepalinge van die NG Sendinggemeente behartig sal word. Die NG Sendinggemeente het terselfdertyd sy hartlike dank en waardering uitgespreek

https://etd.uwc.ac.za

teenoor die Sendingdireksie vir sy jarelange ondersteuning (Notule: NG Sendingkerk Kakamas, 28 Mei 1949).

## 5.4 DIE KERKORDELIKE POSISIE VAN AMPSDRAERS EN DIE NG SENDINGGEMEENTE

### 5.4.1 Die amp van sendeling

Met die totstandkoming van die "werkkring" en later NG Sendinggemeente Kakamas het die sendeling as leraar van die gemeente 'n uiters belangrike rol vervul. Die NGKerk het by hul eerste sinode in 1824 die sendelingamp naas dié van die predikant ingestel (Loff, 1998:211). Die sendelinge sal dus voortaan optree as die geordende werkkragte in hul onderskeie sendingwerksaamhede. In die voormalige NG Sendingkerk het daar juis 'n groeiende behoefte aan leraars bestaan (Kriel, 1963:257). Daar het dus nou 'n tweede amp naas die van predikant in die NGKerk tot stand gekom. Volgens die NGKerk is hierdie twee ampte duidelik van mekaar onderskei met betrekking tot funksies en status. Verder mag 'n sendeling slegs werksaam wees in 'n sendinggemeente, dit wil sê 'n gemeente vir swartmense (Smit, 1974:54). Eerw. C.J. Kriel is reeds in Maart 1936 as tydelike werker onder die Kleurlinge van Kakamas aangestel (Notule: NGKerk, 25 September 1935) terwyl eerw. P.W.L. Sinclair as sy opvolger in 1947 begin het (Notule: NG Sendingkerk, 7 Desember 1947). Ds. G.P. Thiart is in Desember 1983 na die gemeente beroep (Notule: NG Sendingkerk, 4 Desember 1982). Dit is die drie sendelinge wat in genoemde periode in die gemeente werksaam was.

Gedurende die periode van die werkkring Kakamas het C.J. Zaaiman as lekewerker vir 17 jaar hier gewerk. In 1945 doen hy aansoek by die Ring van Upington vir toelating as sendeling vir die NG Sendinggemeente Kakamas. Hy was 'n afgetrede onderwyser en het volgens die getuienis van die Ring van Kenhardt baie goeie werk gedoen (Notule: Ring van Kenhardt, SK-R 17/1, 6 Oktober 1938:8). Die aansoek is egter nie toegestaan nie omdat hy nie die status van 'n sendeling gehad het nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

### 5.4.2 Die lidmaatskap van die sendeling

Die sendeling mag dus wel amptelike werk in 'n sendinggemeente doen maar mag nie *lidmaat* van daardie gemeente word nie. Die sendeling mag slegs lidmaat word van die NGKerk. Dit was die kerkregtelike posisie van die sendeling aan die begin maar as gevolg van kritiek vanuit die swart NGKerke is die sendeling op 'n latere stadium toegelaat om ook lidmaat te word van die kerk (gemeente) waar hy werksaam was. Dit het aanleiding gegee tot 'n dubbele lidmaatskap (Loff, 1998:213). Dit beteken dat hy lidmaat van beide die NGKerk en die NG Sendingkerk kon word. Sodra hy dan die NG Sendingkerk sou verlaat, verval sy lidmaatskap aldaar en bly hy slegs lidmaat van die NGKerk. Eerw. C.J. Kriel was lidmaat van die plaaslike NG Kerk en het in die Blanke gebied gewoon in die pastorie van die NG Sendingwerkkring. Die pastorie kon alleen deur 'n Blanke persoon bewoon word en indien die NG Sendinggemeente nie meer die pastorie benodig nie, kon hulle dit alleen aan 'n Blanke verhuur of verkoop. Die kerkraad het aan hierdie voorwaarde getrou gestand gedoen. Wat eerw. P.W.L. Sinclair betref, was hy aanvanklik ook lidmaat van die NGKerk maar in 1982 het hy lidmaat van die NG Sendinggemeente Kakamas geword kragtens die verklaring van die NG Sendingkerk (Notule: NG Sendingkerk Kakamas, 27 Februarie 1982).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat was die implikasies van hierdie dubbele lidmaatskap van die sendeling in die NG Sendingkerk (gemeente)?

### 5.4.3 Opsig en tug van die sendeling

As gevolg van hierdie dubbele lidmaatskap het die Ring van die NG Sendingkerk, ingeval van 'n tug optrede teen 'n sendeling, nie die bevoegdheid om sodanige tugproses te volvoer nie. In so 'n geval kon genoemde Ring hoogstens 'n voorlopige ondersoek onderneem en 'n verslag hieroor aan die desbetreffende vergadering van die NGKerk oorhandig. Die sendeling het wel sitting en alle regte gehad in die vergaderinge van die NG Sendingkerk waar leraars van die kerk getug moes word. Die sendeling het dus volledig deelgeneem aan tugprosesse teen leraars in genoemde kerk terwyl dit andersom ontoelaatbaar was. Eerww. Kriel en Sinclair het as lidmate van die

https://etd.uwc.ac.za

NGKerk albei onder die opsig en tug van die kerk geval. Ds. G.P. Thiart was met sy aankoms en bevestiging, reeds lidmaat van die NG Sendingkerk en het onder die opsig en tug van die gemeente geval.

### 5.4.4 Die beroepbaarheid, plasing en salaris van die sendeling

Aanvanklik is sendelinge deur die NGkerk en sy kerklike kommissies in sendinggemeentes geplaas. Die grondwet het die gebruik van plasing of aanstelling en beroeping van 'n sendeling na sendinggemeentes voorgeskryf (Kriel, 1963:111). In die praktyk het dit beteken dat daar waar die Binnelandse Sendingsubkommissie (BSK) of die plaaslike kerkraad van die NGKerk, of albei gesamentlik minstens die helfte van die salaris van 'n sendeling bydra, 'n kommissie saamgestel uit genoemde Binnelandse Sendingsubkommissie en die moderatuur van die NG Sendingkerk die bevoegdheid het om 'n leraar (sendeling) aan te stel en na 'n ander standplaas te verplaas (Kriel, 1963:111). In die uitvoering van hierdie praktyk het die kerkraad van so 'n NG Sendinggemeente nie die bevoegdheid gehad om sodanige beroeping af te handel nie. In bepaalde gevalle het so 'n kerkraad wel 'n sekere rol in die hele proses gespeel maar hulle kon uit hoofde van destydse posisie nie die hele proses selfstandig voltooi nie. Wat betref die salaris en ander kostes (bv. pensioen) van 'n sendeling het die NGKerk op plaaslike en breër verband die grootste deel daarvan bygedra. In hierdie verband het die Binnelandse Sendingkommissie 'n groot rol gespeel. Eerw. C.J. Kriel is op 1 Augustus 1936 in die NGKerk georden en op 2 Desember in dieselfde jaar deur 'n gekombineerde kerkraadsvergadering van die NGKerk na die NG Sendinggemeente Kakamas beroep (Notule: NGKerk, 2 Desember 1936). Op 7 Desember 1947 het die kerkraad van die NG Sendinggemeente op hul vergadering verneem dat Sinclair die vorige dag deur die NGKerk as leraar van hul gemeente beroep is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 5.5 DIE BESIT VAN EIENDOMME EN FINANSIëLE AFHANKLIKHEID

Ten opsigte van hierdie saak het die konstitusie van 1881 bepaal dat alle onroerende eiendomme van gemeentes wat tot die voormalige NG

https://etd.uwc.ac.za

Sendingkerk sou toetree op naam van drie lede van die Binnelandse Sendingkommissie oorgedra moes word. Oordrag op die name van ander persone kon ook geskied met die goedkeuring van drie lede van die Binnelandse Sendingkommissie (Kriel, 1963:69). Die motivering van hierdie praktyk was dat die "dogterkerke" nog onmondig is om hul eiendomme te beskerm. In die loop van die geskiedenis het daar verandering in hierdie praktyk plaasgevind sodat na 1915 eiendomme wel op naam van gemeentes, ringe en sinode kon geskied maar dan met die Binnelandse Sendingkommissie as trustees vir en ten behoewe van sodanige gemeente, ring of sinode. In 1945 het die sinode van die NGKerk besluit dat daar waar 'n gemeente die totale koopsom van onroerende eiendomme byeengebring en ten volle betaal het, sodanige eiendomme, met toestemming van die Binnelandse Sendingsubkommissie en as trustees wel op naam van die NG Sendingkerkraad oorgedra mag word (Kriel, 1963:69-70). Aangesien die kerk, skool en pastorie geboue van die NG Sendingkerk hoofsaaklik met kapitaal van die Blankes opgerig is, hierdie reëling ook op dit van toepassing gemaak moet word. Met die verandering van die grondwet in 1957 het die trusteeskap van die Binnelandse Sendingsubkommissie oorgegaan na die Kommissie van Toesig en Kontrole van die NG Sendingkerk, 'n saakgelastigde is deur die sinode aangestel met 'n permanente kantoor en reglemente waarvolgens die eiendomme en fondse van die kerk beheer sal word (Kriel, 1981:162). Hiervolgens het kerkrade groter seggenskap en bevoegdhede oor die oordrag en beheer van gemeentelike eiendomme verkry. Al die eiendomme van die gemeente was voor die groepsgebiedewet aanvanklik in naam van die gemeente by die kommissie van toesig as trustees vir en ten behoewe van die gemeente geregistreer (Notule: NG Sendinggemeente, 2 Desember 1962). Die eiendomme te Spookkop, Truter, Marchand en die pastorie in Kakamas was onderhewig aan sekere voorwaardes. Genoemde eiendomme kon die kerkraad slegs aan Blankes verhuur en verkoop aangesien dit in Blanke gebied geleë is (Notule: NG Sendinggemeente, 22 Mei 1965). Die eiendomme no. 289 en woonpersele nommers 288 en 290 te Langverwag is op naam van die gemeente getransporteer (Notule: NG Sendinggemeente, 6 Mei 1972). Die kerk en skoolgeboue in die buitewyke is nog steeds in gebruik en in naam van die gemeente geregistreer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

## 5.6 DIE BEOORDELING AAN DIE HAND VAN DIE OUDSTE GEREFORMEERDE KERKORDES

Noudat daar 'n kort oorsig oor die kerkordelike ontwikkeling van die NG Sendinggemeente Kakamas gegee is, ontstaan die vraag *hoe vergelyk dit met sommige van die oudste Gereformeerde kerkordes*? Aangesien ons hier met die geskiedenis van 'n gereformeerde gemeente te doen het, is dit veronderstel om van die Gereformeerde karakter eienskappe te vertoon. In hoeverre kom die identiteit van hierdie gemeente dus ooreen met die wortels waaruit dit gegroei het. En wanneer ons van die wortels praat word daar spesifiek na die 16de en 17de eeu in Europa verwys aangesien dit die historiese oorsprong van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika is. Dit is verder vanselfsprekend dat ons na die kerkordes van die tyd vra aangesien dit die "ekklesiologiese vormgewing" van die tyd weerspieël. Soos G.D.J. Dingemans konstateer *"een kerk-orde is een in rechtregels vertaalde ecclesiologie. Wat een kerkgemeenschap denkt over haar eigen wezen en gestalte, over haar positie in de wereld, haar vormgeving en inrichting, wordt in een kerkorde vertaald in rechtregels, die gelden voor het functioneren van die gemeenschap"* (Van 't Spijker en Van Drimmelen, 1992:215).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Aangesien die oorsprong van die NG Sendingkerk via die NGKerk teruggaan na die Gereformeerde Kerk in Nederland in die 17de eeu, sal bepaalde aspekte van die drie kerkordes waarmee laasgenoemde kerk op een of ander wyse te doen gehad het, kortliks geraadpleeg word.

### 5.6.1 Die Franse Kerkorde van 1559

Die Gereformeerde Kerk in Frankryk was aan ernstige vervolging blootgestel in dié tyd. Tog het hulle hul eerste sinode in die jaar in Parys gehou waar 72 gemeentes verteenwoordig is. Die drie predikante wat die gemeente in Parys bedien het, was albei studente van Johannes Calvyn. Die kerkorde wat tydens hierdie vergadering opgestel is, is sterk beïnvloed deur die kerkorde van 1557 en dié van 1541 wat deur Calvyn in Geneve opgestel is. Daar kan dus met groot vrymoedigheid gekonstateer word dat hierdie kerkorde reflekteer Calvyn se gedagtes oor kerkregering. Die eerste artikel van hierdie Franse kerkorde

https://etd.uwc.ac.za

lui soos volg: "dat geen gemeente vir hom voorrang of heerskappy oor 'n ander kan aanmatig nie". Hierdie verwysing is na die bekende "anti-hiërargiese beginsel in die presbiteriaal-sinodale sisteem waarin die plaaslike gemeente die volledige kerk is." Die plaaslike gemeente word hier dus gesien as 'n ware, volkome gemeente of kerk wat alle eienskappe besit wat aan die kerk eie is. Die plaaslike gemeente word dus gewaardeer as die normale, gewone verskyningsvorm van die kerk op aarde. Die feit dat hierdie gemeente in 'n gemeenskaplike verband met ander gemeentes leef en bestaan, tas nie sy selfstandigheid aan nie, maar is 'n waarborg vir die blywende voortbestaan en welstand van dié gemeente. Dit is dus duidelik dat die plaaslike gemeente in hierdie kerkregtelike sisteem altyd aanvaar moet word as 'n gemeente wat in dié sake wat die algemene belang van die gemeenskap van die kerk nie direk raak nie, selfstandig is om, gelei deur die Woord en Gees van God, sy eie selfstandige besluite te neem. Juis hierdie beklemtoning van die eie verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente naas sy verbondenheid aan die gemeenskap van die kerk, het die Calvinisme 'n weerbaarheid en lewenskragtigheid gegee waardeur dit in staat was om al die vervolgings en storms wat oor die kerk en gemeentes gegaan het, te trotseer (Pont, 1981:50).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 5.6.2 Die Kerkorde van Emden 1571

Op 5 Oktober 1571 is die eerste sinode van die Calvinisties- hervormde Nederlandse gemeentes in Emden gehou. Wat vir ons doel belangrik is in hierdie kerkorde, is weer eens die verwysing na die bekende anti-hiërargiese artikel wat alreeds genoem is. Die artikel is hier meer uitgebreid as in die Franse kerkorde. Dit is 'n prinsipiële afwysing teen die Rooms-Katolieke hiërargiese stelsel. Dieselfde gedagte kom ook voor in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 31 waar ons lees "wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, die enigste, algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk" (Formulierboek van die NGKerk in Suid-Afrika, 1991:179).

https://etd.uwc.ac.za

### 5.6.3 Die Kerkorde van Dordrecht, 1618-1619

Hierdie sinode is spesiaal byeengeroep deur die Staten-Generaal in Nederland ten einde die stryd wat daar tussen die Remonstrante en Contra-Remonstrante gewoed het, te besleg. Tog is daar ook 'n kerkorde opgestel. Die kerkorde vertoon ook duidelik in bepaalde artikels die kerk se onderhorigheid aan die owerheid. Nietemin is Pont van oordeel dat die kerkorde in baie opsigte beskou kan word as die klassieke uitdrukking van die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering, soos dit in Nederland in die 16de en 17de eeu ontwikkel het (Pont, 1981:171).

Daarbenewens sluit dit ook die bekende anti-hiërargiese beginsel in, naamlik *"Heerschappij. Geene kerk zal over andere kerken, geen dienaar over andere dienaren, geen ouderling of diaken over andere ouderlingen of diakenen eenige heerschappij voeren"* (Pont, 1981:186).

Uit bogenoemde kerkordes is dit dus duidelik dat die heerskappy van die NGKerk oor die NG Sendingkerk (gemeente) en die ondergeskiktheid van laasgenoemde aan eersgenoemde iets is wat teologies en kerkregtelik nie ooreenkom met die Gereformeerde erfenis nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

---ooOoo---

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 6

## *SLOTSOM*

Die vraag wat ons in hierdie studie moet beantwoord, is WAAROM HET DAAR TWEE AFSONDERLIKE GEREFORMEERDE KERKE, EEN VIR BLANKES EN EEN VIR KLEURLINGE OP KAKAMAS TOT STAND GEKOM? Die beantwoording van hierdie vraag is nogal heel ingewikkeld. Kragtens die geskiedenis van die NGKerk het hulle reeds sedert die eerste Sinode in 1824 aandag aan die sending gegee. Uit die geskiedenis van die NGKerk het hulle al by verskillende geleenthede oor rasse verhoudinge in die Kerk gehandel, byvoorbeeld in 1829 en 1857. In 1881 het die NGKerk daartoe oorgegaan om die eerste kleur bepaalde kerk, naamlik die NG Sendingkerk in Suid-Afrika te stig. Die NGKerk op Kakamas en die Binnelandse Sendingkommissie is die vernaamste rolspelers in die proses van die stigting van 'n aparte Sendinggemeente vir die Kleurlinge. Hierdie sendingpraktyk is in 1935 as die sendingbeleid van die NGKerk bekragtig (Gerdener, GBA Reguit Koers Gehou, 1951: 85 – 92).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die mees opvallende gesigspunt van hierdie beleid is die prinsipiële skeiding van die rasse en volkere asook die meerderwaardige houding van die lidmate van die NGKerk oor die lidmate uit die verskillende NG Sendingkerke. Anders gestel, 'n belangrike doelstelling van die sendingwerksaamhede van die NGKerk was juis die skeiding van mense op grond van ras en kleur.

Die beoefening van rasseskeiding is lank voor die totstandkoming van die sendingbeleid van 1935 toegepas. Reeds lank voor en tydens 1898 toe die Arbeidskolonie deur die NGKerk in Kakamas gestig is, is die sendingwerk onder die Kleurlinge as 'n aparte aktiwiteit bestuur en uitgevoer. Aan die Kleurlinge is permitte of 'n pas uitgereik wat hulle bewegings erg aan bande gelê het. Die konstitusie van die Arbeidskolonie het die regte van alle inwoners en die van die Kleurlinge duidelik omskryf en bepaal. In 1907 is die

https://etd.uwc.ac.za

eerste kerkgebou vir Kleurlinge opgerig waar die sakramente afsonderlik aan hulle bedien is. In 1911 is die Arbeidskolonie as 'n afsonderlike en selfstandige gemeente van die NGKerk te Kakamas gestig.

Die aspek van die oorheersing van die NGKerk oor die Sendinggemeentes, waarna alreeds verwys is, het in 1925 duidelik geword toe die direksie van die Arbeidskolonie opgetree het as bestuur ("kerkraad") van die NG Sendingwerkkring. Hulle het wel met 'n aantal "voorstanders" (kerkraadslede) gereeld vergader om die gemeentelike sake te bespreek. Omdat daar nog geen NG Sendinggemeente gestig is nie, het die Sendingdireksie gefunksioneer as 'n kerkraad vir die destydse NG Sendingwerkkring. Smith (1972: 8) wys tereg daarop dat die "kerkraad" van die NG Sendingwerkkring nie selfstandige besluite kon neem nie omdat al sy besluite egter onderhewig was aan die goedkeuring van die Sendingdireksie van die NGKerk Kakamas. So 'n werkswyse is egter nie in ooreenstemming met die Gereformeerde kerkregtelike beginsels nie (Pont, 1981: 97).

Die volgende kan gestel word:

Wat was die rol en bydraes van die lidmate van die NGKerk te Kakamas in verband met die opbou en ontwikkeling van die Sendingwerkkring en die latere NG Sendinggemeente? Daar kan met groot waardering melding gemaak word van die rol en belangrike bydrae wat die lidmate en ampsdraers van die NGKerk gespeel het by die kerklike aktiwiteite van die Sendingwerkkring. Hulle was betrokke by die hou van dienste, Katkisasie en Sondagskool. Die Sendingdireksie het 'n regeer funksie oor die werksaamhede uitgeoefen. 'n Aantal Sendingkerksaaltjies is op Cillie, Alheit en Truter opgerig. Nog voordat die Sendinggemeente gestig is, het die NGKerk Kakamas in samewerking met die Binnelandse Sendingkommissie die eerste voltydse sendeling in die persoon van CJ Kriel vir die doel aangestel. Kriel is op 1 Augustus 1936 as sendeling georden en die NG Sendinggemeente Kakamas is op 9 Oktober 1936 gestig. Gedurende die periode 1936 – 1986 het drie sendelinge die NG Sendinggemeente met groot vrug oor 'n periode van een- en- vyftig jaar bedien. Gedurende hierdie

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

periode het hulle die gemeente op 'n wye terrein gedien, naamlik in die kerk, maar ook in die gemeenskap en in besonder op die gebied van die onderwys. Die aantal skoolgeboue wat opgerig is, getuig hiervan. In die gemeente is 'n aantal verenigings gestig en uitgebou wat veral daarop gemik was om die lidmate te skool vir diens lewering en vir die bestryding van bepaalde maatskaplike euwels.

Daar is egter 'n aantal sake waaroor die nodige kritiese vrae gestel kan word. Dit het veral te make met die ondergeskikte posisie van die NG Sendinggemeente aan die NGKerk en die Binnelandse Sendingkommissie. Hierdie ondergeskikte posisie kom veral na vore by die beroeping van 'n sendeling of predikant asook die hantering van die finansies van die Sendinggemeente. Uit die geskiedenis is dit duidelik dat die direksie die beslissende mag oor hierdie sake gehad het. 'n Ander saak waarna verwys kan word, is die kwessie van kleur en ras in die strukturering en stigting van gemeentes en waarom die sendelinge wat as leraars diens gedoen het, aan die begin nie toegelaat is om lidmate van die NG Sendingkerk te mag word nie. Dit is opvallend dat nie een van die reeds genoemde sendelinge hulle krities oor genoemde sake uitgelaat het nie. In hierdie verband kan daar verwys word na die optrede van die sendeling JC Pauw wat betrokke was by die stigting van die NG Sendingkerk in 1881 en wat sy ontevredenheid oor die ondergeskiktheid van hierdie kerk aan die NGKerk duidelik hoorbaar gemaak het. (Loff, 1998: 199).

https://etd.uwc.ac.za

# BIBLIOGRAFIE

## 1. LITERATUURSTUDIE


Adonis, J.C. 1982 — Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou Amsterdam *Uitgewer: Rodopi BV, Amsterdam Nederland*

Botha, C.J. 1985 — Kerkreg (Historiese agtergrond) Ekklesiologie iv. klasaantekeninge, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville

Breyl, Jac 1964 — Kakamas Arbeidskolonie van die NGKerk in Suid-Afrika Gestig 1898 (Gegewens van mnr. Jac Breyl wat hy deur die jare in boekvorm bygehou het) *Verkrygbaar by die Kakamas Biblioteek, Voortrekkerstraat, Kakamas*

Breyl, Jac 1974 — Die gedenksleutel ter gedagtenis aan die ingebruikneming van die smalspoor op 18 Augustus 1926 (Gegewens van mnr. Jac Breyl wat hy deur die jare heen in boekvorm bygehou het) *Verkrygbaar by die Kakamas Biblioteek, Voortrekkerstraat, Kakamas*

Burger, W.A. 1953 — Kenhardt – Uit ons geskiedenis (Gegewens van mev. W.A. Burger wat sy saamgestel het oor die geskiedenis van Kenhardt en omgewing) *Verkrygbaar by die Kakamas Biblioteek, Voortrekkerstraat, Kakamas*

Cornelissen, A.K. 1978 — Langs die Grootrivier (Aantekeninge van mnr. A.K. Cornelissen, destydse Geoloog in die Gordonia gebied en omgewing) *Verkrygbaar by die Kalahari Museum, Schröderstraat, Upington*


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Crafford, D. 1982 — Aan God die dank *NGKerk Boekhandel Transvaal*

De Kock, E. 1993 — Kakamas 1897-1940 Die ontstaan en funksionering van 'n blanke arbeidskolonie in die Noordwes-Kaap *Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit, Potchefstroom*

Du Toit, P. 1945 — Kakamas Terwille van die waarheid, (Namens die arbeidskoloniekommissie van die NGKerk geskryf) *Gedruk deur die Nasionale Pers Bpk, Keeromstraat, Kaapstad*

Erwee, A.J.C. 1980 — Die Sending van die NGKerk onder die inboorlingvolke van Noordwes-Kaapland *Ongepubliseerde akademiese proefskrif, Universiteit van Stellenbosch)*

Gerdener, G.B.A. 1951 — Reguit koers gehou. Die wording, wese en werking van die NGKerke se sendingbeleid *NGKerk-Uitgewers Kaapstad*

Hopkins, H.C. 1978 — Kakamas – Uit die wildernis 'n lushof *Nasionale Boekdrukkery, Uitgewers: Goodwood, Kaapstad*

Loff, C.J.A. 1998 — Bevryding tot eenwording. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1994 *Kampen*

Loubser, J.A. 1950 — Hoërskool Kakamas 1950 Huldigingsblad Martin Oosthuizen – Skoolhoof 1919 tot 1950 Kakamas Biblioteek

McGregor, A.M. 1940 — Lou Hofmeyr 'n Goeie en Getroue Dienskneg Kakamas Biblioteek

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Muller, C.F.J. 1975 (red) — Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis (Academica) *Kaapstad*

Nienaber, P.J. 1963 — Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek, deel I *Suid-Afrikaanse Boeksentrum, Kaapstad*

Oosthuizen, M.J. 1921 — Kakamas Roep! (Gegewens versamel deur die eerste skoolhoof vanaf 1919 tot 1950) *NGKerk Argief, Kaapstad*

Plomp, J. 1971 — "De Kerkorde van Emden" in: D Nauta e.a. (red). De Synode van Emden 1571-1971 *Kok-Uitgewers Kampen*

Pont, A.D. 1981 — Die historiese agtergronde van ons kerklike Reg *Haum, Pretoria*

Smit, J.H. 1974 — Die amp van die Sendingleraar in die Jongere Kerke. Met besondere verwysing na die Jongere Kerke uit die sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Ongepubliseerde akademiese proefskrif, Universiteit van Stellenbosch)

Smith, N.J. 1972 — Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika *Universiteit Stellenbosch*

Steenkamp, D.J. 1944 — 'n Sosio-Opvoedkundige studie van die gemeenskap Kakamas ('n Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Educationis in die Fakulteit van Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika) *Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys Potchefstroom*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Steenkamp, J.A.J. 1953 — Die Christelike Sending langs die Benede-Oranje met besondere verwysing na die werk van die NGKerk in Korannaland. (Teenswoordige Upington en omgewing) 'n Historiese Oorsig (Ongepubliseerde M.Th Verhandeling) *Universiteit Stellenbosch*

Van den Heuvel, P. 1991 — De Hervormde Kerkorde een praktische Toelicting *Boekencentrum Zoetermeer*

Van der Merwe, W.J. 1985 — Die pad vorentoe Die NG familie se strewe na eenheid *NGKerk-Uitgewers, Kaapstad*

Van't Spijker, W. en Van Drimmelen, L.C. (red) 1992 — Inleiding tot die studie van het kerkrecht *J.H. Kok Uitgewers, Kampen*

Van Wyk, A.B. 1990 — Die Geskiedenis van die NG Sendinggemeente Beaufort-Wes 1818-1960 ('n Ongepubliseerde proefskrif ingelewer ter verkryging van die graad Magister in Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville)

Verkuyl, J. 1978 — Contemporary Missiology An *Introduction* *W.B. Eerdmans, Grand Rapids*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 2. BROSJURES - GELEENTHEIDSPUBLIKASIES

Huldigingsblad 1950 — Hoërskool Kakamas Martin James Oosthuizen – Skoolhoof 1919 tot 1950. Gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch

https://etd.uwc.ac.za

| | |
|---|---|
| Kenhardt Congregational Kerk, Kenhardt | Gedenkskrif in verband met die vyf-en-sewentigste bestaansfeesvieringe 1902-1977 |
| NGKerk Kakamas 1965 | Gedenkskrif in verband met die ingebruikneming van die kerkgebou, 8 Oktober 1965. 'n Beknopte geskiedenis van die NGKerk, Kakamas. Argief Boekery, GG-97(P) NGKerkkantoor, Kakamas. |
| NGKerk Marchand 1950 | Gedenkskrif in verband met die vyftigjarige feesvieringe |
| NG Sendinggemeente Kakamas 9 Oktober 1936 – 3 Maart 1979 | Gedenkskrif in verband met die inwyding van die kerkgebou 3-4 Maart 1979. Opgestel deur Prof. C.J. Kriel, 26 Januarie 1979. Gedruk deur Paarlse Drukpers, Paarl. |

## 3. ARGIVALE BRONNE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 3.1 Argiefbewaarplek: NG Sendinggemeente Kakamas

| | |
|---|---|
| Notule van die NG Sendingwerkkring Kakamas | 1925-1927 |
| Notule van die NG Sendingwerkkring Kakamas | 1934-1936 |
| Notule van die NG Sendinggemeente Kakamas | 1936-1950 |
| Notule van die NG Sendinggemeente Kakamas | 1951-1956 |
| Notule van die NG Sendinggemeente Kakamas | 1957-1978 |
| Notule van die NG Sendinggemeente Kakamas | 1979-1986 |

### 3.2 Korrespondensies

- Skrywe van die NG Sendinggemeente aan Die Trust Bank Kaapstad in verband met die verskillende beleggings 7 Desember 1965.

https://etd.uwc.ac.za

- Skrywe van Die Trust Bank Kaapstad aan die NG Sendinggemeente in verband met die konsolidering van die verskillende beleggings, onderskeidelik 15 Desember 1965 en 14 Mei 1966.

- Skrywe van die Administrasie van Kleurlingsake aan die NG Sendinggemeente Kakamas onderskeidelik 25 Januarie 1974 en 12 Maart 1974 in verband met die Staatskool.

- Skrywe aan die Administrasie van Kleurlingsake (Onderwys) in verband met die Groepsgebiedewet 19 November 1974.

- Skrywe van Kleurlingsake aan die NG Sendingkerkraad in verband met die bou van die Staatskool te Kakamas 26 November 1974.

- Skrywe van mnr. N. Heyns aan die Ring van Upington in verband met die beweerde klagte teen die leraar en kerkraad van die NG Sendinggemeente 24 April 1974.

- Skrywe van die scriba van die ring van Upington aan die kerkraad van die NG Sendinggemeente in verband met 'n klagsaak deur mnr. N. Heyns teen ds. P.W.L. Sinclair: 22 Oktober 1974.

- Skrywe van die kerkraad van die NG Sendinggemeente aan die ringscriba van die ring van Upington as verweer teen die klag van mnr. N. Heyns teen die leraar en kerkraad van Kakamas: 3 Junie 1974

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

- Skrywe van die Ring van die NG Sendingkerk Upington aan die NG Sendinggemeente Kakamas in verband met die uitspraak van die klagte.

- Skrywe van die prokureurs Malan en Vennote aan die NG Sendinggemeente in verband met die Nondanzie eiendom 16 Mei 1981.

- Skrywe van die NGKerk Augrabies in verband met finansiële hulp aan die NG Sendinggemeente Kakamas, 27 November 1965.

## 4. ARGIEFBEWAARPLEK VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA KAAPSTAD

Notule: Statistieke van die ring van die NG Sendingkerk Ring van Kenhardt, 1 Julie 1937 tot 30 Junie 1938.

https://etd.uwc.ac.za

Notule: Spesiale Ringsvergadering, NG Sendingkerk, Ring van Kenhardt, 5 Oktober 1938/39.

Notule: NG Sendingkerk, Ring van Kenhardt, 22 Oktober 1937.

Acta Synodi, NG Sendingkerk, 1932-1942.

Acta Synodi, NGKerk, 1894 en 1897.

Notule van die NGKerk Augrabies, 23 Augustus 1970 en 16 Mei 1970.

Notule van die NGKerk Augrabies, 27 November 1965.

Notule van die NGKerk Augrabies, 23 Augustus 1958.

SK-R 17/1 Notule van die NG Sendingkerk, Statistieke van die ring van Upington, 1980 en 1985.

SK-R 18/1 Notule van die NG Sendingkerk, Statistieke van die ring van Upington, 1955.

SK–R–8/1 Notule van die NG Sendingkerk Ring van Upington, 6 Oktober 1928

SK–R–17/1 Notule van die NG Sendingkerk Ring van Kenhardt 6 Oktober 1938

- Wette en Bepalinge vir die bestuur van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika. Hersien in 1920 en 1924, en in die jaar 1928 en 1932, Paarl

- Bepalinge en Reglemente van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika. Hersien deur die Sinode in die jaar 1970

- Jaarboeke van die NGKerk, 1959 en 1986.

- Jaarboeke van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1940, 1950, 1955, 1960, 1965, 1970, 1975, 1980 en 1985.

- Handboek vir die erediens van die Ned. Geref. Kerk, NGKerk-Uitgewers Kaapstad

- Reëls – Arbeidskolonie Kakamas 1965
- Kakamas Arbeidskolonie Geskiedkundige Inligting in verband met Kakamas ontwikkeling vanaf die stigtingsjaar tot 1898-1963

- Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas 1945, Kaapstad

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

- Rapport oor die Ondersoek van die Versuip- en Braktoestande op Rhenosterkopnedersetting Kakamas, KP 1946

- Voorlopige Rapport van de Kakamas Kommissie van Onderzoek over Arbeiderskolonie 22 Oktober 1919, Kaapstad

- Kakamas – Arbeidskolonie Verslag van die Kommissie van Ondersoek 1940

- Reglementen voor de Arbeids-Kolonie te Kakamas Zuid

- Rapport over Kakamas Arbeidskolonie voor het jaar 1911, F.E. Kantach (U.G.8-1912). Die Staatsdrukker 1912

5. **VERSLAE**

- Verslag van die Kommissie van Ondersoek Arbeidskolonie Kakamas 1945. Die Staatsdrukkery, Kaapstad.

- Verslag tot die Kakamas-Bestuursraad. 'n Memorandum in sake Kleurlingbehuising Kakamas Arbeidskoloniekommissie, 18 Julie 1970. Verkrygbaar by die VGK Gemeente, Kerkkantoor, Kakamas.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

- Verslag van die Kommissie van Ondersoek, Arbeidskolonie Kakamas, Julie 1940.

- Voorlopige Rapport van die Kakamas Kommissie van Onderzoek over Arbeidskolonie, 22 Oktober 1919 – UG. Die Staatsdrukkery.

- Verslag van die Kakamas-Bestuursraad, 7 Desember 1961.

- Rapport van die Finansiële Kommissie van die Ring van Kenhardt, 30 September 1939.

- Verslag van die Kakamas-Bestuursraad, 4 Oktober 1970.

- Verslae van die skoolinspekteur van de Departement van Onderwys, 16 Augustus 1904 en 22 Februarie 1906.

https://etd.uwc.ac.za

- Reëls vir Kakamas-Arbeidskolonie, 1960. Gordonia Drukkery-Uitgewers, Upington.
- Rapport oor die ondersoek van die Versuip- en Braktoestande op Rhenosterkopnedersetting Kakamas, KP 1946. Verkrygbaar by Kakamas Munisipaliteit, Kakamas.
- Burgemeestersregister: 1 Desember 1964 tot 1986. Verkrygbaar by die Kakamas Munisipaliteit, Kakamas.


## 6. PERIODIEKE PUBLIKASIE EN TYDSKRIFTE


| | | |
|---|---|---|
| De Kerkbode | : | 13 April 1897 |
| De Kerkbode | : | 9 Junie 1898 |
| De Kerkbode | : | 1906-1911 |
| De Kerkbode | : | 5 November 1908 |
| De Kerkbode | : | 29 Oktober 1909 |
| De Kerkbode | : | 7-9 Oktober 1910 |
| De Kerkbode | : | 10 November 1910 |
| De Kerkbode | : | 20 Junie 1923 |
| Die Kerkbode | : | 18 Maart 1936 |
| Die Kerkbode | : | 12 Augustus 1936 |
| Die Kerkbode | : | 26 Augustus 1936 |
| Die Kerkbode | : | 28 Oktober 1936 |
| Die Kerkbode | : | 1 Januarie 1937 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die Ligdraer Amptelike Nuusblad van die NG Sendingkerk in Suider-Afrika, Jaargang 38, Nommer 8 : 16 April 1979

Die Ligdraer Amptelike Nuusblad van die NG Sendingkerk in Suider-Afrika, Jaargang 61, Nommer 5 : 16 Augustus 1986

Die Gemsbok Voorheen Gordonia Nuus : 11 September 1988

Die Gemsbok Voorheen Gordonia Nuus : 6 Desember 1996

Die Gemsbok Voorheen Gordonia Nuus : 14 Augustus 1998

Verslag van Kakamas-Bestuursraad : 18 Julie 1970

## 7. KAAPSE STAATSARGIEF BEWAARPLEK

| | | |
|---|---|---|
| G181 - 1/1 en 1/2 | Notule van die NGKerk Kakamas | 1906-1916 |
| G181 - 1/3 | Notule van die NGKerk Kakamas | 1931-1946 |
| G181 - 1/4 | Notule van die NGKerk Kakamas | 1946-1957 |
| G181 - 1/5 | Notule van die NGKerk Kakamas | 1957-1964 |
| G203 - 1/2 | Notule van die NGKerk Marchand | 17 Januarie 1943 |
| G203 - 1/3 | Notule van die NGKerk Marchand | 3 Junie 1964 |

## 8. ONDERHOUDE

| | |
|---|---|
| Mnr Dawid Afrikaner, | 22 Augustus 1998 |
| Mej MM Booysen, | 26 Mei 1996 |
| Mnr Giel Brand, | 8 November 1997 |
| Mnr Sameul Cloete, | 24 Maart 1997 |
| Ds Paulus de Wet, | 23 Julie 1999 |
| Eerw JM Farmer, | 6 September 1995 |
| Mev Susan Heyns, | 11 Januarie 2000 |
| Mnr Petrus Jacobus, | 19 September 1999 |
| Mnr Henry Karelse, | 15 Februarie 1998 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE


https://etd.uwc.ac.za

| | |
|---|---|
| Mnr HJ le Roux, | 6 Julie 1999 |
| Mnr Manie Matthys, | 6 Maart 1997 |
| Mnr FS Mostert, | 15 Oktober 1998 |
| Mnr Karel Pier, | 22 Augustus 1998 |
| Mnr Willem Ruiters, | 19 Januarie 1997 |
| Ds GP Thiart, | 10 September 1999 |

* * * * * * * * * * *

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za





## BYLAAG I

**BRON**

Pamflet: Waterwiel Herberg, Voortrekkerstraat Kakamas

https://etd.uwc.ac.za

## BYLAAG II




**BRON**

Uit Tesis van
ds. J.A.J. Steenkamp 1953

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

## RHENOSTERKOP STAAT VAN BATE EN LASTE SOOS OP 30 JUNIE 1940.

LASTE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lening Kerkekantoor 1/7/39 ... ... | | 22550 11 6 | |
| Min afbetaal 1939/40 ... ... ... ... | | 877 17 6 | 21672 14 0 |
| Lening Regering 1/7/1939 ... ... ... | | 10000 0 0 | |
| Min bedrag afgeskrywe ... ... ... ... | | 5000 0 0 | 5000 0 0 |
| | | | £26672 14 0 |
| Verskuldig aan Kakamas Administrasie: | | | |
| Ontwikkeling en geboue 1939/40 ... | | 3874 3 10 | |
| Lening betaal K. Kantoor 1939/40 ... | | 877 17 6 | |
| | | 4752 1 4 | |
| Min Netto inkomste 1939/40 ... ... | 1550 6 0 | | |
| Min Saldo verskuldig deur administrasie op 1/7/39 ... ... ... ... ... ... | 671 3 5 | | |
| Min bedrag op tente verskuldig deur Arbeiders op 1/7/39 ingevorder deur Administrasie ... ... ... ... ... | 14 3 9 | 2235 13 2 | 2516 8 2 |
| Spesiale Rekening: Deel uit winkels winste 1938/39 ... ... ... ... ... | | 1241 10 9 | |
| Plus gros opbrengste uit oeste huur ens. | | 1678 15 0 | |
| | | 2920 5 9 | |
| Min lopende uitgawe ... ... ... ... | 392 9 2 | | |
| Min Rente op Lening Kerkekantoor ... | 977 10 7 | 1369 19 0 | |
| Netto inkomste 1939/40 soos hierbo genoem ... ... ... ... ... ... ... | | 1550 6 0 | |
| Min opgelope tekort 1/7/39 ... ... | | 132 2 7 | 1418 3 5 |
| | | | £30607 5 7 |

BATE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Koopsom plaas, ens. ... ... ... ... ... ... ... | | | 15431 8 8 |
| Rhenosterkop grondontwikkeling en waterwerke 1 Julie 1939 ... ... ... ... ... ... ... ... | | 15350 19 9 | |
| Min Regerings-afskrywing ... ... ... ... ... | | 5000 0 0 | |
| | | £10350 19 9 | |
| Plus ontwikkeling gedurende 1939/40 ... ... ... | | 3869 3 10 | 14220 3 7 |
| Geboue: | | | |
| Superintendentswoning ... ... ... ... ... | | 784 2 10 | |
| Skoolgeboue ... .. ... ... ... ... ... | | 171 10 6 | 955 13 4 |
| | | | £30607 5 7 |

BYLAAG III



### BYLAE "E".

### VOORGESTELDE KONSTITUSIE VAN DIE KAKAMAS ARBEIDSKOLONIE.

1. In hierdie konstitusie beteken, tensy in stryd met die samehang, "kolonis" enige persoon tot die kolonie toegelaat in terme van artikel *tien* aan wie 'n stuk grond toegeken is in terme van artikel *elf*. "*Kolonie*" die Kakamas Arbeidskolonie soos beskrywe in artikel drie;

"kommissie" die liggaam waarna in artikel *vier* verwys word; "familie" sluit in die vrou en ongetroude minderjarige kinders van die hoof van sodanige familie tesame met sodanige ander persone van hom afhanklik of gedeeltelik afhanklik soos in elke afsonderlike geval deur die kommissie vasgestel mag word;

"minister" die Minister van die Staat belas met die uitvoering van die "Labour Colonies Act, 1909 (Cape Act No. 10 of 1909)", of enige ander Minister van die Staat wat namens hom optree.

2. Die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Kaap de Goede Hoop is die stigter van die kolonie.

3. Die genoemde kolonie beslaan:—

(a) die plase NEUS, SOETAP, KAKAMAS en HARTEBEESTRIVIERSMOND, geleë aan die Suidekant van die Oranjerivier, in die Afdeling Kenhardt, die eiendom van die genoemde Kerk;

(b) twee-vyfdes van die plaas BAVIAANSKRANS, die plase KLIPRUG, BASSONSDRIFT (Kakamas Noord), KEIKARIES, ROOIBERG, ZWARTDRAAI en KEICHENOEP en die helfte van die plaas OMDRAAI, geleë aan die Noordekant van die Oranjerivier, in die Afdeling Gordonia, die eiendom van die genoemde Kerk;

(c) Paarde Eiland geleë in die Oranjerivier, die eiendom van die genoemde Kerk; en

(d) Sodanige ander eiendomme as die genoemde Kerk deur aankoop, donasie of andersins vir die doeleindes van die Kolonie reeds verkry het, of mag verkry.

4. (a) Die administrasie van die kolonie berus in die hande van die Arbeidskoloniekommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Kaapprovinsie;

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

(b) Die kommissie is, onder die naam daaraan gegee in Subartikel (1), 'n geïnkorporeerde liggaam met ewigdurende opvolging en is, onder daardie naam, volgens wet bevoeg om regsgedinge in te stel of te verdedig, om eiendom, roerende of onroerende, te verkry, te besit of te vervreem en om sodanige handelinge te verrig as geïnkorporeerde liggame volgens wet mag verrig, maar altyd behoudens die bepalings van hierdie konstitusie;

(c) die plaaslike verteenwoordiger van die kommissie is die superintendent wat ageer as hoof van die kolonie met sodanige pligte en magte as die kommissie van tyd tot tyd aan hom mag opdra;

(d) die plaaslike komitee van toesig sal bestaan uit koloniste en sal uit hulle midde 'n voorsitter kies;

(e) die Superintendent sal as verteenwoordiger van die kommissie, die vergaderings van die plaaslike komitee van toesig bywoon in 'n adviserende hoedanigheid;

(f) alle aanbevelings van die plaaslike komitee sal aan die Superintendent oorhandig word vir goedkeuring of indien nodig, vir verwysing na die Arbeidskoloniekommissie.

5. Die kommissie mag fondse verkry deur kollekte, donasies, gifte, lenings, verkoop of verhuur van roerende of onroerende eiendom, subskripsies, fooie en boetes opgelê onder die bepalings van artikel negentien van hierdie konstitusie.

6. Die kommissie mag die fondse tot sy beskikking bestee aan die betaling van salarisse, toelae, fooie, lone en transportkoste, die bou van besproeiingswerke, die stoor en voorsiening van water, die oprigting van heinings en geboue, die maak van strate, paaie en voetpaaie, die skoon- en gelykmaak van gronde, die aankoop van produkte, diere, masjinerie, werk- en voertuie, gereedskap, saad, bemesting, meubels, koopware en enige materiaal vir bogemelde doeleindes benodig en tot die instandhou van enige van hierdie werke; asook in die belang van onderwys, die beskerming van gesondheid, die versekering van goeie orde, genoegsame sanitasie, behoorlike administrasie en vir die betaling van vergoeding vermeld in artikel *een-en-twintig* van hierdie konstitusie. Verder sal ook voorsiening gemaak word vir delging van kapitale, skulde en die opbou van 'n reserwe fonds vir dekking van onkoste veroorsaak deur onvoorsiene omstandighede.



7. Enige wins uit die werksaamhede van dié kolonie en enige fondse daartoe verkry soos hierintevore bepaal moet bestee word aan die doeleindes en die uitbreiding van die werk van die kolonie en aan geen ander doeleindes hoegenaamd nie; met dien verstande, egter, dat die Minister mag goedkeur dat enige sodanige fondse of sodanige wins, of enige gedeelte daarvan, vir die doeleindes van 'n ander arbeidskolonie of kolonies of ander armsorg werksaamhede van die Kerk, of vir 'n industriële inrigting of inrigtings gestig onder die bepalings van die "Labour Colonies Act, 1909 (Cape Act No. 10 of 1909)" gebruik mag word.

8. Elke persoon tot die kolonie toegelaat is onderhewig aan die bepalings van hierdie konstitusie en moet die voorwaardes waaronder hy toegelaat was nakom en alle wettige bevele van die kommissie of die superintendent gehoorsaam.

9 (a). As koloniste tot die kolonie mag slegs behoeftige persone toegelaat word wat bekwaam is om handearbeid te verrig en wat bewys van hulle goeie gedrag tot bevrediging van die kommissie kan lewer.

(b) Die toelating of afwysing van 'n applikantkolonis berus by die kommissie, wat van tyd tot tyd die wyse en vorm van applikante mag bepaal.

10 (a). Aan elke kolonis moet deur die kommissie 'n stuk landbougrond (hierna 'n erf genoem) van vier tot ag morg groot toegeken word, asook 'n bouperseel waarop sy woning of ander buitegeboue opgerig mag word.

(b) 'n Kolonis wat nie tevrede is met die erf wat aan hom toegeken is nie het die reg van cessie of omruiling soos bepaal in artikel *twaalf* (a) van hierdie konstitusie, of die reg om die toekenning te weier.

11 (a). Die toegekende erf en bouperseel bly in besit van die kolonis gedurende goeie gedrag vir sodanige tydperk as die kommissie by sy toelating mag vasgestel het, maar altyd onderhewig aan behoorlike nakoming van enige spesiale voorwaarde van toelating en aan die bepalings van hierdie konstitusie.

(b) Elke kolonis moet vir sy erf en bouperseel sodanige huurgeld betaal as die kommissie redelik mag ag. Sodanige huurgeld is betaalbaar op die 31ste Maart van elke jaar.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

12. 'n Kolonis besit die volgende regte :—

(a) Die reg om die toegekende erf en bouperseel, met verbeterings, aan 'n ander persoon wat deur die kommissie goedgekeur is, oor te dra of om te ruil.

(b) Die reg van vry weiding op die algemene weiveld vir 'n beperkte getal groot- en kleinvee, welke getal, sowel as die plek van weiding, van tyd tot tyd deur die kommissie bepaal mag word.

(c) Die reg tot water vir besproeiings- en ander doeleindes op sodanige voorwaardes aangaande hoeveelheid en tyd en periode van gebruik soos van tyd tot tyd deur die kommissie bepaal mag word.

13. 'n Kolonis is onderhewig aan die volgende verpligtinge :

(a) Elke kolonis moet sy erf eie-handig of met behulp van sy familie bewerk en mag, alleen met verlof van die superintendent, ander arbeid huur of gebruik, of sy erf, of 'n deel daarvan, aan iemand anders ter bewerking afstaan of verhuur.

(b) Elke kolonis moet sy erf en bouperseel skoonhou van onkruid of ander skadelike gewasse en sorg dra dat dit goed bewerk word en nie in verval geraak nie.

(c) Die watervore waardeur die erwe besproei word moet deur die koloniste gesamentlik en op hul eie koste skoon en instand gehou word, asook die paaie en sugslote op die kolonie en die grensheinings van die algemene weiveld. Die superintendent mag 'n kolonis vir diens oproep vir die doeleindes van hierdie artikel en hy moet die tyd, hoeveelheid en aard van die arbeid wat van sodanige kolonis verlang word, bepaal. 'n Kolonis wat weier of versuim om aan so 'n oproep gehoor te gee is skuldig aan 'n oortreding van hierdie konstitusie en kan óf beboet word ooreenkomstig artikel *negentien* hiervan óf moet aan die superintendent, of aanvraag, betaal die plaaslike standaardloon vir sodanige werk as van hom verlang was vir die tydperk waarvoor hy opgeroep was.

(d) Die verantwoordelikheid van die instandhou van die hoof- of buiteheinings rus op elke kolonis ten opsigte van die gedeelte wat aan sy erf grens. Indien 'n kolonis versuim om sodanige heining behoorlik in stand te hou, mag die superintendent dit laat repareer op koste van die betrokke kolonis.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



(e) 'n Kolonis kan deur die kommissie opgeroep word om behulpsaam te wees met die bou, oprigting en instandhou van besproeiingswerke van watter aard ookal, wat volgens die oordeel van die kommissie vir die ontwikkeling, beskerming en uitbreiding van die kolonie nodig is. 'n Kolonis wat aldus opgeroep word is geregtig om van die kommissie die plaaslike standaardloon vir sodanige werk te ontvang.

(f) Die stigters mag sulke regulasies neerlê as wat nodig mag wees om 'n gesonde toestand op godsdienstig en sedelik gebied te handhaaf.

(g) Water mag nie deur 'n kolonis vermors of besoedel word nie en hy mag nie meer water gebruik as wat aan hom toegesê is nie.

14. Plakkers en leeglopers word nie binne die grense van die kolonie toegelaat nie.

15. Verpligtende onderwys moet volgens die landswet gehandhaaf word ten opsigte van alle kinders.

16. Die maak of verkoop van bedwelmende drank binne die kolonie is verbode.

17 (a). Die kommissie mag in belang van goeie administrasie of vir die welvaart of algemene ontwikkeling van die kolonie en op sodanige voorwaardes as dit mag goed dink, persone, ander dan koloniste met die lede van hulle families, wat nie in diens van die kommissie is nie tot die kolonie toelaat.
Sodanige persone word hierna "bewoners" genoem.


(b) Die intrek van 'n bewoner in die kolonie in vir bewoningsdoeleindes word beskou aan sy kant aanneme van en onderdanigheid aan die voorwaardes deur hierdie konstitusie opgelê, te wees.

18. Die kommissie mag aan bewoners boupersele verhuur op sodanige voorwaardes as dit goed dink. Bewoners aan wie boupersele so verhuur is, geniet *mutatis mutandis* die regte soos vermeld in artikels *twaalf* en *een-en-twintig*.

19. 'n Oortreding deur 'n kolonis of 'n bewoner van enige van die bepalings van die konstitusie of ongehoorsaamheid aan enige wettige bevel deur die kommissie gegee, is strafbaar deur, of met opdrag van die kommissie of een of meer van die volgende wyse :—

https://etd.uwc.ac.za

BYLAAG IV




UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za